


BIBLIKASIE



1979 - 'N HOU IN DIE LUG?

Aan die begin van 'n nuwe jaar is dit gepas en noodsaaklik dat elkeen van ons 'n tydjie afsonder om vir onself perspektief op die jaar wat voorlê te probeer kry - amper soos 'n atleet wat eers regop gaan staan, die uitgestrekte baan voor hom deeglik in oënskou neem om daarna met 'n heldere doelwit voor oë vasberade in die blokke neer te sak vir 'n goeie wegspring en wedloop.

As ons terug kyk, was 1978 so ontsettend gou verby. Menigeen van ons moet seker erken dat ons nie bereik het wat ons graag wou nie. Tog troos ons onself te maklik deur te sê: die jaar was hope-loos te kort! As ons eerlik wil wees, sal ons grondiger redes vind. Ons wegspring was dalk swak. Miskien was ons pas te stadig. Dit mag ook wees dat ons nie gemotiveerd genoeg was nie en dat ons vir onself nie duidelike doelwitte vir 1978 bepaal het nie.

Sommige van ons sal dadelik sê: met my wegspring vanjaar was daar beslis geen fout nie; dit gaan doller as ooit! Een van die seksiehoofde het onlangs gesê sy verkies dit so anders neem dit heeltemal te lank om behoorlik op spoed te kom! Ek het haar gelyk gegee, maar daar is tog 'n belangrike voorwaarde. Elke goeie atleet het sy doelwit wat hy graag wil bereik en in die lig daarvan moet hy ook sy wedloop beplan. 'n Goeie wegspring is sekerlik noodsaaklik, maar dit moet deel wees van 'n wedloopstrategie wat o.a. moet verseker dat met die beskikbare krag en energie die beste resultate behaal word.

Dit is dus noodsaaklik dat elke persoon, elke seksie en elke afdeling in die Biblioteekdiens eerstens, duidelike doelwitte vir 1979 sal bepaal en dat tweedens, sorgvuldig beplan word om te verseker dat die doelwitte vir die 1979-wedloop wel bereik word. Vakbibliotekaris, afdelingshoofde en seksiehoofde sal binnekort die geleentheid kry om hulle doelwitte vir 1979 aan my voor te lê en ek sal graag hulle beplanning vir die bereiking daarvan met hulle bespreek.

Die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling sal vanjaar besondere aandag aan die kwessie van strategiese beplanning skenk. Sodra duidelikheid daaroor verkry is, sal dit ons beplanning op kort-, medium- en langtermyn rig en 'n basis voorsien vir die identifisering, evaluering en skedulering van ons doelwitte. Dit is belangrik dat die doelwitte wat ons van jaar tot jaar stel met 'n oorhoofse program korreleer.

Sedert u en ek die uitdaging aanvaar het om 'n nuwe biblioteekbedeling aan UP tot stand te bring, moes ons hoofsaaklik krisissituasies hanteer en kon ons nog nie ons doelwitte in terme van 'n oorhoofse strategiese plan bepaal en nastreef nie. Ons doelwitbepaling vir 1979 sal nog steeds grootliks in die teken staan van noodsituasies wat nood optredes verg. Ten spyte daarvan is doelwitbepaling en deeglike beplanning vir 1979 nie minder noodsaaklik nie. U sal dit moet doen as u saam met Paulus wil sê: "Ek hardloop soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuus soos een wat nie in die lug slaan nie."

Prof. E.D. Gerrys

LOGIKA!

"Meeting a friend in a corridor, Wittgenstein said: "Tell me, why do people always say it was natural for men to assume that the sun went round the earth, rather than that the earth was rotating?" His friend said: "Well, obviously, because it just looks as if the sun is going round the earth." To which the philosopher replied: "Well, what would it have looked like if it had looked as if the earth was rotating?"

SOSIALE KOMITEE

Met genoeë word die nuwe lede van die Sosiale Komitee vir 1979 aangekondig. Ons hoop en vertrou dat hulle 'n vrugbare jaar sal hê.

Mej. A. van Zyl (Voorsitster) - Tydskrifte
 Mnr. H. van Ereda - Finansiële Administrasie
 Mej. E. Kotzé - Tydskrifte
 Mev. A. Pienaar - Seksie Boekbestelling
 Mej. A. McLaren - Ontsluiting
 Mej. M. Greyling - Tiksters
 Mnr. N. van Vuuren - Bindery
 Mev. I. Venter - Leendienste
 Mev. M. Bignaut - 1ste vlak
 Mev. S. Swanepoel - 2de vlak
 Mev. M. van Deventer - 3de vlak

Redaksie:

'n Nuwe jaar, 'n nuwe begin, 'n nuwe redaksie vir Biblikasie, wat skielik nie kan begryp hoe mens dit regkry om 'n klein maanblaadje so ver te kry dat iemand dit kan lees nie! Intussen is daar vakansie gehou en eksamen geskryf, baie medewerkers het bedank en is weg en dit het byna gelyk of Januarie 1979 se Biblikasie nooit die lig gaan sien nie.

En daarom wil die nuwe Redaksie van Biblikasie sommer met die intrapslag dankie sê. Skielik uit die bloute het ons van oral oor hulp gekry, 'n artikeltjie hier, bemoediging daar en hiermee dus ons eerste poging! Mag die vriendelike hulp van die laaste paar dae voortgaan. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat Biblikasie die produk is van u goedgunstige samewerking.

Terwyl bedankings aan die orde van die dag is, wil ons ons opregte waardering uitspreek teenoor die uittredende redaksie, by name mej. J du Preez, mev. B. von Ehrenberg en M. Kuhles. Hulle harde werk die afgelope jaar word werklik met die grootste respek bejeën, en hulle word hartlik daarvoor bedank.

Die nuwe redaksie sien soos volg daaruit:-

REDAKTRISE: Mev. H. Fourie
 SUB-REDAKTRISE: Mev. M. Kuhles
 SUB-REDAKTRISE: Mev. J. Maree
 SUB-REDAKTRISE: Mej. M. Mörsner

TIKSTER: Mev. M. Bignaut

MEDEWERKERS:

Bepanning: Mev. M. Bignaut
 Bindery: Mnr. C.F. Buys
 Finansiële Administrasie: Mnr. P. Ferreira
 Leendienste: Mej. M. Schoeman
 Ontsluiting: Mev. J. Maree
 Seksie Boekbestelling: Mev. M. Rautenbach
 Sosiale Komitee: Mev. I. Venter
 Tiksters: Mej. A. van Rensburg
 Tydskrifafdeling: Mev. B. Gunther
 Vakbibliotekaris en assistente: Mev. E. Cronje
 Ondersteport: Mev. F. de Villiers
 BMW: Mev. M. Willese
 Landbou: - Mev. J. du Preez
 Medies: Mev. J. Cilliers
 MacFadyen-biblioteek: Mnr. D.R. Schwartz
 Diskoteek: Mev. B. von Ehrenberg
 Fotograaf: Mnr. P. de Kock
 Fisiese versorger: Mej. M. Greyling
 Mnr. W. Forter

NUWEJAAR

Oujaarsdag en Nuwejaar was altyd vir die Afrikaner 'n vrolike feestyd. Sy ander feesdae is gekenmerk deur 'n gewyde en sober atmosfeer, maar Nuwejaar het hy gevier met die kinderlike eenvoud van 'n mens wat geniet wat die lewe hom bied en uiting gee aan die vreugde van menswees ...

Die gebruik om Nuwejaar met geweerskote te verwelkom dateer al sedert 1698. Jan van Riebeeck het al as spesiale toegif op oujaarsaand Spaanse wyn uitgedeel en almal het mekaar 'n voorspoedige nuwejaar toegewens -- 'n ou Romeinse gebruik!

Soos die ander geërfde gebruike het die afvuur van geweerskote 'n Germaanse oorsprong. Die Germane het groot vure aangesteek om die son, wat tydens Nuwejaar op sy flouste was, "aan te help" om na die aarde terug te keer en sy stryd teen die bose duisternis te hervat. Intussen is die bose geeste maar met lawaai verwilder.

Vuurballe, gemaak van opgerolde lappe, geweeke in lampolie, is op plase aan die Kaap tot groot vermaak aan die brand gesteeke en dan hoog in die lug ingeslinger. Hoe jammer vir dié boer wat daardie nuwejaar toe moes huisbou omdat sy vuurbal op sy grasdak beland het!

'n Ander gebruik van Germaanse oorsprong was om kwajongstreke op oujaarsaand aan te vang. Die volksgeloof is dat huis en haard op Oujaarsdag moet netjies wees want dan loop die bose geeste rond op soek na plekke waar hulle kan skade aanrig. Op Graaff-Reinet is elke jaar 'n kaptein gekies en dan het die gemaskerde bende toegeslaan op elke huis en werf. Veral rytuie moes dit ontgeld. 'n Gesiene dorpsbewoner het ter nouer nood van die dood ontkom toe hy die volgende oggend met 'n sierlike draai in Loopstraat inswaai, oudergewoonte sy spoggerige karperte teuels gee ... en sy kapkar se wiele uitval terwyl die perde van pure skrik al doller hardloop ...

Oujaarsdag is deur die Germane as 'n lotsdag beskou. 'n Tipiese pandspelletjie wat deur die jongmense op Oujaar gespeel is, was "watjieberlaas". Die twee geslagte sit oorkant mekaar en blaas stukkie watte na mekaar toe. Dit is vir die blaser van groot belang aan wie die watte gaan vasklou want in die nuwejaar wag daar 'n nadere verbintenis.

Dans het, opvallend genoeg, nie 'n wafferse rol in die feesviering gespeel nie. Onder Engelse invloed het dit na 1806 stadigaan by die Afrikaner posgevat, maar tradisie het dit nooit werklik geword nie.

Tradisioneel was die middernagdiens, 'n vaste instelling sedert 1889, met die plechtige aflees van die name van lidmate wat gedurende die jaar oorlede is.

Op Nuwejaar het die Afrikaner tradisioneel saamgekom in die buitelig op pieknik te hou en aan boeresport deel te neem. 'n Tradisionele Nuwejaarskoek, soos by ons Nederlandse stamouers, was daar nie maar wel volop gemmerbier, soetkoekies en melktert ... en soos die Afrikaner politiek ontwikkel het, het die Malankoeke en Smutstertjies bygekom -- 'n stukkie kultuurgeskiedenis op sy eie!

LUS vir LEES?

ZA 310.4 WYN EN WYSHEID, deur Marthinus Versfeld, e.a.

"Elke drank kan seker aanspraak maak op die benaming matigheidsdrank, maar dit is seker net wyn wat met reg die drank van die beskawing genoem kan word." -- André du Toit.

In hierdie besonderse wynboek beantwoord vier heel verskillende mense dié vraag, elkeen op sy eie manier. Skrywer-filosof Marthinus Versfeld kom in sy essay "Wyn en wysheid" tot die slotsom: "Geen kelkie wyn word gegee as die gewer nie homself gee nie, en hom daardeur kwesbaar stel nie. Die Brood en die Wyn van die Heilige Avondmaal is gegee, en daardie handeling is die oertipe van alle skenkings. Die Bybelse wynmistiek is die geheim van beskikbaar wees, en ontmoeting."

Medikus, 'n bekende geneesheer, bespreek in sy artikel, "Jou gesondheid in wyn", die fisiese eienskappe van wyn en die uitwerking daarvan op die liggaam van siek en gesonde mense. Selfs in dié nugter wetenskaplike bespreking van wyn is die verband tussen fisiese feitlikhede en wellewendheid opvallend: om ook op liggaamlike gebied vir jouself en jou medemens om te gee. Medikus sê dat die drink van alkoholie drank aan die een of ander diep behoefte in die mens moet voldoen omdat "geen gebruik in die menslike gemeenskap voortbestaan of voortduur tensy dit die een of ander nuttige funksie of menslike behoefte vervul nie."

In sy essay verruim I.L. de Villiers die wellewendheidsidee waarvan wyn 'n simbool is, tot welwillendheid, naasteliefde. Uit hierdie stuk spreek 'n besorgdheid oor onkundiges wat uit nood alkohol begin misbruik om hulle sake te vergeet. Baie hartseer kon voorkom gewees het as mense van jongs af tuis die verantwoordelike en beskaafde gebruik van wyn geleer is, as mense vir ander mense omgee het. Soos die titel aandui word hierdie artikel "in der waarheid 'n preek."

Merwe Scholtz, skrywer-literator, raak in sy essay "Goede wijn behoeft geen krans" verskeie sosiaal-ekonomiese aspekte van wyngebruik aan. En met 'n vonkel in die oog om die prik van sy argumente te temper, sê hy presies wat hy van snobs en van wyn dink. Saam met Branas glo hy dat die kultivering van die wynstok "beskawings gehelp het om hulle lewenskrag, hulle vitaliteit te handhaaf, vanaf 'n verre verlede tot op die dag van vandag. Miskien dra dit in sekere hedendaagse samelewings sy deel by tot die standhoudende skeppende verbeelding, terwyl dit andersyds mag help om die hedendaags so wyd verspreide verskynsel van pragmatiese kilheid en berekendheid te temper met 'n gesonder hoeveelheid humaniteit."

Die onderwerp dan van hierdie essays is wyn: die tema wellewendheid en welwillendheid. Saam met Versfeld 'n heildronk: "Mag God ons van daardie soberheid verlos wat die oog van die wolf het".

(Bladomslag: "Wyn en Wysheid")

wat gebeur waar?

Battiss-Uitstalling

The object of technique in all art is the achievement of the desired end with the greatest simplicity and economy of means

- Sir Adrian Boulton -

Battiss het gedurende 1978 vir ses maande op Tahiti gewoon en gewerk en sy Tahitiwerk sal te sien wees by die Goodman Gallery, Hyde Square, Hyde Park, Johannesburg, vanaf 3-16 Maart, 1979.

Battiss se werk lyk soms bedrieglik eenvoudig maar die bostaande definisie van tegniek het betrekking op sy werk. Sy werk is van so 'n hoë gehalte dat mens nie bewus is van tegniek nie.

Sy werk is altyd vrolik, vars en lewendig en kan nooit verveel nie.

Kunsuitstallings

Swart kunstenaars van die Oosrand stal hul werk uit in die Suid Galery, 36ste verdieping, Volkskassentrum, vanaf 29 Januarie tot 16 Februarie 1979.

Galery ure:

Weeksdae: 9.30vm - 5 nm
Saterdag: 9vm - 12nm

Want to see a film show?

A poignant experience is the film "Madame Rosa", currently showing at Kine 3, Sunnypark. Deep and thought-provoking, one is filled by the exquisite warmth and humanity, radiating from those people who live on the periphery of human society.

Madame Rosa, an ex-prostitute caring for the children of practising prostitutes during the last days of her life, is brilliantly portrayed by Simone Signoret, sympathetically assisted by the young Arab boy, Mohammed. Watching this film, one cannot but be deeply impressed by the depth of characterization Signoret portrays through her superb acting. Practically a one-man show, she carries the action with such subtle force, that one is carried along involuntarily. She becomes Madame Rosa, and it is fitting that she has been awarded her 2nd Oscar for this role.

By his sensitive handling of the events, director Moshe Mazrahi lifts them above their sordid surroundings. As is so often the case with Continental films, the camera succeeds in portraying the grimmer aspects of everyday life in all their brutality, but edged with a touch of poetry which is soul-lifting. The choice to let the French dialogue be retained preserves the essential French, specific Parisian, atmosphere.

This film is truly a work of art and deeply rewarding, not to be missed by any serious cinema lover.

In a completely different vein than "Madame Rosa" was the show of the award winning films of the 25th International Advertising Film Festival (1978) held in Cannes, France, chosen from 1660 films by an independent jury. For 50 minutes the audience was treated to a wildly varying kaleidoscope of advertisements, reflecting the present world trends in marketing techniques.

The greatest number of winning entries came from Great Britain, past masters in humour, understatement and word play. South Africa succeeded in having 5 entries, together with France and the U.S.A., depicting the dog food "Ears Up", automotive access "Stone Wall", insurance (African Eagle) "Father-in-Law" and 2 beer ads, "Calf Rescue" and Lion Lager "Bushveld Barbecue".

The topics varied greatly, but beer ads, life insurance and motor cars were favourites.

Interesting were the "ecological ads" on the economising of fuel, energy and the prevention of the waste of food, by Finland, Brazil and Japan. Prevention of cruelty to animals came through ironically by Argentina's entry on rat poison - the rats were toys scuttling across the floor!

There were only three shows shown at Cine 1 000, Sterland, in the mornings, but due to the large amount of interest shown in the turn out, this may become a regular future show in Pretoria - something to look forward to!

C.V.

Verjaarsdae

Mev. A. Geidenhays	Tydskrifte	3 Febr.
Mev. M. Potgieter	Tiksters	3 Febr.
Mej. M. Lee	Vakbibliotekaresse	7 Febr.
Mnr. T. du Toit	McFadyan-biblioteek	8 Febr.
Mev. A. van der Hoven	Vakbibliotekaresse	13 Febr.
Mev. D. Stols	Ontsluiting	9 Febr.
Prof. E.D. Gerritz	Direkteur	14 Febr.
Mnr. M. Labuschagne	Bindery	22 Febr.
Mej. W. Shipman	Interbiblioteek	27 Febr.
Mev. B. von Ehrenberg	Vakbibliotekaresse	29 Febr.

bibliflasie....

Die finale syfers ten opsigte van uitbetalings aan publikasies in 1978 is nog nie bekend nie, maar dit was waarskynlik in die omgewing van R700 000,00. Hiervan was R210 000,00 vir boeke en R472 000,00 vir tydskrifte.

Gedurende die jaar het Merensky-biblioteek R3 470,00 aan laatgelde ingevorder.

herhaal asseblief

Een Vrydagmiddag het 'n persoon die biblioteek binnegekom en aan 'n personeellid gevra:

"Is hier nie iemand wat dalk hondjies wil hê nie?"

"Nee, ongelukkig nie, meneer."

"Is hier nie dalk 'n telefonis wat kan rondbel nie?"

"Nee, ongelukkig nie!?"

"As niemand dit wil hê nie, dan gooi ons dit maar weg."

"Ekskuus meneer, wat het u gesê? Hondjies?"

"Ja, 'ondjies."

"Hondjies of boontjies?"

"B-o-o-n-t-j-i-e-s!!"


"Ag, ekskuus, meneer, ek het verkeerd verstaan, ek sal gou hoor of iemand belangstel."

Hoeveel boontjies is dit?"

"Vyf streepsakke vol!"

Al die boontjies is verkoop.

M.S.



eksamenvraestelle

Mevv. Irene Venter en Maretha Kuhles vertrou dat daar vanjaar minder probleme sal wees met al die vraestelle van vorige eksamens, wat op die Laergrondvloer by die kleingeldtoonbank te koop is. Daar is deeglik geherorganiseer en sake staan nou so:

- Alle kassies is genommer.
- Die vraestelle is in 'n alfabetiese volgorde daarin geplaas: eers die November 1978 - vraestelle en dan vanaf Kassie No 100, die Junie 1978-vraestelle.
- 'n Lys van die inhoud van elke kassie is op die voorkant daarvan aangebring.
- Daar is ook 'n index beskikbaar by die kleingeldtoonbank, waarin u kan vasstel waar elke vraestel te vinde is.

Ons vertrou dat al die personeellede sal saamwerk om aan die studente die nodige inligting en hulp te verskaf, sodat hierdie groot taak tot almal se voordeel, georden kan bly.

oliekrisis ?!

Mê't 'n oliekrisis? Aikona, die Arabiere beplan ons lewens deesdae. Dis nie net 'n geval van "Sjeik Yamani takes your money" nie, hy beplan sommer jou lewenspatroon, jou klerekas- en jou vermaak vir jou.

Hiermee bedoel ek nie net dat ons vandag al hoe meer na fietse se pryse begin kyk nie, maar saam met die stakings in Iran het die "Grease-kultuur" gekom wat elke oliesjeik so 'n sandriël laat dans dat mens die dollars duine ver in 'sy sak hoor rinkel, elke keer as daar so 'n oliekuif by hom verbywikkkel. En die dames? Ons dra harebroeke en wye bloese, tulbande en sluiers, en plat-plat sandale wat, eg-oosters om die bene vasknoop. Modetydskrifte gaan neem hulle foto's teen 'n Egiptiese agtergrond, en popgroepe poseer teen sandduine wat definitief nie in die Kalahari is nie.

En ons in die biblioteek? Hoe lyk dit al of Beplanning en Ontwikkeling in plaas van na die mikrofiche en videokasset weer 'n slag na die papyrusrol en kleitablet sal moet begin kyk? Sal ons belangrikste naslaanwerke oor tien-twintig jaar dalk weer op perkament beskikbaar wees? Moet die nuwe kelderuitleg nie sommer voorsiening maak vir die massa van die kleitablet-te nie - en moet hy nie nou dalk terwyl plastiek nog beskikbaar is, sommer 'n omhulsel kry nie. Die skade na 'n Januariestorm soos dié van verlede jaar, sal definitief nie met 'n haardroeër op 'n kleitablet herstel kan word nie! En sal ons Rosettasteen wat nou nog net uitstalwaarde het dalk binne die volgende jaar of twintig nie dalk ons belangrikste ontsluitingsbron van nuwe geskryfte word nie?

Belaëlikheid in die eeu van rekenaars en mikrofiche? Dit sal nie die eerste maal wees dat die geskiedenis homself herhaal nie!

M.L.

SOME OCCUPATIONAL DISEASES OF THE LIBRARIAN:
PATRONITIS

The public is a prolific source of professional derangement to the librarian, who can easily get an uncomfortable surfeit of patrons, a mild disease sometimes called Patronitis.

"From early morn to noon
From noon to dewy eve"

they come, sometimes alone, sometimes accompanied by children or by dogs, and at rush hours, in droves. There is the chatty lady who must talk about the weather or clothes (hers or yours), the fussy man who is amazed that he is asked to pay a fine, the club woman with an unattractive paper to write, the puzzle friends. Helpless Hattie who can never learn to use the catalogue, and the taxpayer who always arrives two minutes before closing time and insists on a service for which he pays.

Patience, understanding, long-suffering, charity, an apostolic willingness to suffer that would do credit to any martyr, together with a wide and deep psychology, both ordinary and psychiatric, are all needed in a day's work -

Calm and cool amid the tumult see the desk attendant stand,
With contentment on her features and a date-stamp in her hand.

Unfortunately all members of desk staffs do not come up to these specifications. You can still find here and there an individual who is hard to please. You wonder if she has read a book entitled: "How to lose friends and alienate people", and you feel she must be the sister of the man who borrowed from the library a book called "Live alone and like it"

- Of, by and for Librarians, by
J.D. Marshall

A.Y.

uit die spens

TAGLIATELLE

(afgekyk by Chris Barnard se nuwe restaurant "La Vita" in Kaapstad)

1 pak groen noedels
kook gaar in soutwater

Kap dan sampioene en pietersielie fyn en roer deur die noedels. Giet dan een botteltjie suurroom daaroor en roer weer. Bedien warm. 'n Heerlike Italiaanse voorgereg indien nie 'n volslae maal nie!

J. M.

merensky-nuus

vakbibliotekarisstelsel

Syfer, syfers alles syfers. Optel waar jy sien en hoor. Kwartaalverslae, jaarverslae. Nou gelukkig alles oor. Daarmee is die vakbibliotekaris weer veilig in eerste rat. So in die omgewing van die 15de het mev. Ria Viviers somer al oorgeskakel na tweede. Wonder hoekom?

Hoeka vergete is sonbruin vakansies op goue strande. Mev. Alida Dippenaar ruik nog so af en toe die worsie op die vuurtjie in die karrevaanpark, terwyl mev. Ingrid Smith se nuwe strandhuis darem 'n heerlike aanwinst bly.

Onse mev. Annetjie Korkie het so lief geword vir die hospitaal, dat sy summier haar mangels laat verwyder het en nou die dapper stryd stryd teen roomys en roosterbrood.

Mej. Rita Badenhorst is in 'n oorlog gewikkel met haar eksamenvraestelle. Haar skaduwee verskyn so af en toe om na die teoloë se welstand te verneem.

Mnr. Peet van der Merwe se glinlag word by die dag breër. Langverlof is aan te bevole!

So terloops, mej. Annatjie Momberg het haar "stemtoets" geslaag en daar is sprake van die U.P. koor.

Aan mev. Ria van Zyl word 'n genoeglike vakansie toegewens. Ons is almal watertand.

Gelukwense met eksamenuitslae:

Mev. Reneë Roux en mnr. Dries Grobler wat hul B.A. grade behaal het.

Mevv. Susan Swanepoel, Elbie van Wyk, Annetjie Korkie en mnr. Piet de Kock met kursusse geslaag.

Baie geluk aan mej. Amanda Nel wat intussen mev. Van der Hoven geword het.

Aan mev. Alida Dippenaar en mej. Rita Badenhorst wat vóór trek in die vakbibliotekarisstelsel - hartlik geluk en sterkte vir 1979.

'n Woordjie van verwelkoming en gelukwense aan mej. Annatjie Momberg, Magriet Lee en mnr. Piet de Kock wat tot die geleedere van die vakbibliotekaris se toetree het.

leendienste

1. VAKANSIENUUS

1. Mev. Mariëtte Pelser is terug na 'n heerlike wittebrood. Baie welkom terug en lekker werk!
2. Mev. Irene Venter het in Swakopmund gaan vakansie hou en het dit baie geniet. Hulle het die bom-ontploffing in die bakkerij met 'n uur gemis, waaroor almal baie bly is.
3. Mej. Marie Schoeman het gaan kamp by Badse'loob en is weer op en wakker terug by die werk.
4. Mev. Mara Grobbelaar was ook 'n bietjie weg na haar skoonouers op Ventersdorp, waar hulle die kuier baie geniet het.
5. Mnr. J.C. du Preez het 'n heerlike vakansie in die Karoo (Phillipstown) by sy ouers gehou.
6. Mnr. Jaap Taljaard verklaar dat al gaan hou 'n mens vakansie jy tog nie ontslae raak van studente nie. As hulle nie by die werk met die fotostaatmasjiene raas nie, dan sing hulle vir jou as jy vakansie hou. 60 kilometer per dag op mens se skoensole is te erg, sê hy, en nou sit hy sommer met kasregister en al by die fotostaatmasjiene en werk.
7. Mev. Sannie Hattingh en haar vier kinders was alleen by die see en het dit geniet. Dit wys net waartoe "Women's Lib" in staat is.

2. LEWENSOMSTANDIGHEDE

1. Mev. Susna Höll het in 'n huis ingetrek en is baie gelukkig daarmee. Sy het egter gesondheidsprobleme en ons hoop almal sy sal gou weer haar ou self wees.
2. Mev. (Skutter) Sannie Hattingh moet deesdae haar man salueer, hy het glo 'n hoër rang as sy!
3. Mej. Wilma Shipman is baie bedrywig, met 'n huis vol kuiergaste. Dankie ook vir jou hulp met mev. De Villiers se werk, Wilma.
4. Mev. Hannatjie Erlank het 'n nuwe bediende aangestel en hulle is druk besig met 'n kookkursus.
5. Mev. Denise Wheeler het nou 'n miniatuur-worshondjie; glo 'n hele 5 duim hoog met die naam "Hagar the Terrible".
6. Mnr. Otto verskaf 'n inkomste aan Oom Gaggie, wat ons nou verlaat het. Daar word diefwering gemaak asook hekke. Mnr. Otto het ook besluit dat 'n studeerkamer van meer nut is as 'n dubbelgarage.
7. Mnr. Kobus Fouché het by Voorgraads begin werk en is al goed tuis. Hy arriveer nou op sy splinternuwe fiets wat geld en brandstof bespaar, en wat hom sommer ook fiks hou.
8. Mej. Magriet Bruyns het ons verras met haar verlowing aan mnr. Pieter Kruger. Sy verlang egter ook na haar ma en trek nou terug huis toe. Die sluwe rooi Raka (haar Volksie) gee "weer" probleme en moet net altyd deur iemand aan die brand gestoot word.

9. Mev. Mariëtte Pelser het 'n groot trougeskenk van Administrasie gekry in die vorm van haar BA-graad. Baie geluk Mariëtte.

10. Mej. Irene du Preez is deesdae baie gelukkig met 'n woonstel. Haar voorland sê sy, is net eiers, brood en boontjies.

11. Mev. Annette Booyens help vir so twee weke by Interbiblioteeklenings. Baie dankie vir die hulp.

3. BEDRYWIGHEDE:

Die Leenaafdeling is tans besig om 'n daadwerklike poging aan te wend om boeke terug te kry. Aanmanings is uitgestuur en die reaksie is baie bevredigend. Daar is selfs 'n boek van Keetmanshoop af terugontvang.

Intussen is mev. Mariëtte Pelser hard besig om die statistieke van die afgelope ses jaar oor te skryf. 'n Enorme taak, maar sy geniet dit!

By Voorgraads word al die boeke wat nie gebruik word nie, uitsorteer om teruggeplaas te word op die ooprakke vir algemene gebruik.

beplanning

Die spoed waarmee sommige personeel by die Afdeling Beplanning aansluit en weer vertrek, is werklik verbasend: skaars het mev. Chrissie Bignaut lekker tuis gevoel by ons, skuif sy alweer aan na topbestuur, om mej. Annemarie Honiball se plek as sekretaresse van die Adjunk-Direkteure oor te neem. Haar opvolger is mev. Maritha Bignaut, wat ook reeds voorheen Chrissie se voormalige plek in die Tiksterseksie ingeneem het - ons hoop egter dat die Bignaut-trein se reis deur die Biblioteekdiens nou beëindig is! Aan mev. Chrissie Bignaut baie dankie vir alle vriendelikheid en gewilligheid en aan mev. Maritha Bignaut baie welkom in die afdeling. Ook aan mej. Annemarie Honiball, wat dikwels genoeg mnr. De Bruin se handskrif moes ontsyfer, baie dankie en voorspoed in die nuwe betrekking by die WNNR.

Mejj. Gerda Maritz en Mariaan Steyn het vanaf 3.1.1979 by die afdeling aangesluit en sal dr. Tamal Trichardt vanaf 1.2.1979 ons geleedere versterk. Baie welkom! Mnr. Peter Lor moet net nie vergeet om, as deel van die opleidingsprogram vir die nuwe personeellede, ook die aanleer van die Beplanningslied "Ons is die instant experts van die bib." (Op die wysie van "She'll be coming round the mountain...") in te sluit nie. Dit mag egter wees dat hy deesdae te veel ander musiek in sy ore het: Sedert 9.12.1978 is hy die trotse vader van klein Alfred. Aan Moni en Peter: Baie geluk! Ons deel julle vreugde.

ontsluiting

Terwyl die meeste ontsluiters nog terugdink aan hul heerlike vakansie, beplan Mev. Rieta Otto en haar Albert alweer vir 'n luilekker, dog verdiende hotelvakansie in Februarie, maar nie voordat manlief weer 'n slag gaan voete stamp het nie.

Andere dink mens kan niks beter met jou vakansieverlof doen as om 'n groot deel daarvan reeds vroeg in die Nuwe Jaar te gebruik om te "swot" vir Honneurseksamen nie: Mev. Ria Visser in Biblioteekkunde en Mej. Manda Mörnsner in Afrikaans.

Mej. Jo Breed is reeds diep ingegrave in haar vakke vir 1979, en verder is sy etens- en teetyd vir enige breimasjien 'n belediging en moenie praat van al die hekelwerk vir aanverwante nie.

Mej. Alna Jordaan en mev. Susara van Wyk sê die afkom vanaf derde verdieping na ons vlak, was nie te sleg nie; hul beskou dit nie as 'n "come down" nie.

Mev. Anita Visser sê as ons iets soek vir Biblikasie, mag ons 'n foto van haar plaas ... met 'n regsboek in die hand? ... Ons sal haar baie mis.

Mev. Elna Schoeman deins nie terug vir die uitdagings van Ontsluiting nie; dit lyk of 'n oud-onderwyseres 'n bate is, ook as mens na mev. Dalena Stols kyk wat binnekort weer betrokke gaan wees by die rekenariseringsprojek.

Hierin gaan mej. Clarisse Venter haar bystaan. Verder onthaal lg. ons teetyd op stories van bv. hoe sy eenkeer voor die baas van die afdeling op haar knieë beland het en haar dienste aanbied, menende dat dit Amke is met wie sy gekkeer.

Mev. Helene Fourie as redaktrise van Biblikasie wens seker sy gaan nou eers met verlof Kaap toe, maar ons weet sy sal alles piekfyn behartig.

Mev. Jean Maree het skaars met ingenieurswese begin, of sy hoor dat o.a. regsgeleerdheid voortaan op haar lysie is ...

Mej. Santie Gericke het die Nuwe Jaar sprankelend begin as verloofde dame, hoop dit gee haar moed vir die stroom Teologieboeke.

Mev. Leonie van Wyk sê sy hou van baie werk, dus skrik sy nie vir die massas mediese boeke nie.

Mev. Hantie Nel sorg dat ons in die mense by Landbou en Veeartseny se goeie boekies bly, terwyl mej. Anthea McLaren na ons mening lank genoeg hier is om ons te verteenwoordig op die Sosiale Komitee.

... en met die Nuwe Jaar reeds drie weke oud, het die ontsluiters nie veel tyd om te besin oor hul nuwejaarsvoornemens nie, want die onvoltooide landbouprojek lê vir ons en loer.

SUSARA KAN NET
NIE GLO DAT DIE
VAKANSIE VERBY
IS NIE!



A.J.

tiksters

Die afgelope maand of wat het daar groot verskuiwings by die tikster-seksie plaasgevind.

Mev. Marietjie Willemsen het ons verlaat en werk nou by KRYGKOR.

Mev. Chrissie Blignaut het mnr. Duminy se sekretaresse geword.

Mev. Maritha Blignaut wat nou maar so pas by ons aangesluit het, gaan ons weer verlaat omdat sy oorgeplaas is na die Beplanningsafdeling.

Mev. Elna de Bruyn het vir 'n week in Bloemfontein gaan ontspan voordat sy na Musiek toe gaan. Ons hoop sy geniet die musikale verandering terdeë.

'n Groot geleentheid is gevier naamlik die 21ste verjaardag van mej. Marietjie Greyling. Baie geluk Marietjie, ons hoop jou sleutel sal op alle deure pas.

bindery

Al die personeellede van die Bindery het die "vakansie" oorleef en is weer vol moed vir die jaar wat voorlê.


Mej. Dalena van der Merwe het haar Datsun veruul vir 'n rooi en wit Ford Cortina bakkie (Munisipale bus). Of die kopie so 'n goeie een is sal nog gesien moet word.

Mnr. Nic van Vuuren is die nuwe verteenwoordiger op die Sosiale Komitee, ons hoop ons sal hom darem so nou en dan in die Bindery te siene kry -- vergaderings hou mens mos baie besig.

seksie boekbestellings

Seksie Boekbestellings het van hul staatmakers verloor. Elna du Plessis het ons verruil vir 'n oggendpos by Medies, en ons voel ons het nie finaal afskeid van haar geneem nie. Ongelukkig is dit wel die geval met Alet Kleu wat van plan is om haar baba groot te maak volgens die idees van 1920 - ons hoop Johannes oorleef dit!

In hulle plekke is hier drie pragtige jong dametjies wat gretig lyk om hard te werk - Jeanette Enslin, Sonja Potgieter en Sylvia Ipland. Ons hoop hulle sal gelukkig by ons wees en is oortuig daarvan dat hulle hulle plek sal volstaan.



satelliet - nuus

medies

Gegroet van agter die H.F. Verwoerd Hospitaal. Die nuus van die maand is dat mev. Jeanne Cilliers met nuwe oë na die IBL-stelsel kyk -- mej. Sophia Möller was met 'n maand se welverdiende rus en Jeanne moes net bakstaan. Ons is nie so seker dat sy nie terugverlang na Beplanning nie.

Intussen het mev. Elna du Plessis by ons aangesluit en is sy met groot welslae besig om die gebruikers die ABC van ons fotokopieerreëls te leer.

Mev. Alida van der Watt moes deur die jare baie goed gewees het vir die mense hier want so elke nou en dan daag daar iemand met 'n blou - of is dit pienk? - pakkie vir haar op.

Ons het intussen 'n verklikkerstelsel ryker geword. Die dokters bloos maar kwaai as hulle hoor dis nou heeltemal uit om 'n tydskriffie of so op die blinde ou se naam uit te neem.

Ten slotte, dit het sy voordele om in so 'n kleinere opset te werk - daar is altyd iemand wat 'n ietsie in sy tuin het en dis heelwat makliker om iets vir vyf te bring as vir 150!

voorklinies

Na 'n aangename vakansie en somer net 'n "lullekker lewe" by die huis, voel die personeel van Voorklinies heerlik uitgerus en reg vir die werk.

Ons wil graag vir mev. Marie Willemse terug verwelkom na 'n rustige week in die Krugerwildtuin. Ons wil dan somer so in dieselfde asem vir mnr. Johan Smit baie welkom heet by ons. Aangesien hy by Medies aangestel is, het hulle hom net vir so 'n week of wat vir ons "geleen".

Skaars het ons afskeid geneem van die ou jaar; staan die nuwejaar voor ons vol uitdagings! Somer so met die intrap slag is daar gereël vir oriënteringskursusse vir die gebruikers. Binne die eerste twee weke het mev. Marie Willemse die personeel klaar onder hande gehad. Daar word nou met die verskillende klasleiers onderhandel vir oriënteringskursusse vir die studente.

Die fotokopieërmasjiene werk weer oortyd, siende dat die studente oor so 'n week of wat hulle eerste toets vir 1979 moet aflê.

Vir die personeel van Voorklinies het die nuwejaar op 'n hoë noot begin. Ons groet en wens almal sterkte toe vir die jaar wat voorlê.

musiek

Die Musiekbiblioteek spring ook nie die verwisseling van personeel vry nie. Mev. Driekie de Klerk het ons Desembermaand verlaat. Baie dankie aan die Ontsluiters wat kort-kort moes kom aflos as mev. Von Ehrenberg elders take moes verrig.

Vanaf Januarie 1979 het die Toonkunsakademie 'n nuwe hoof, nl. prof. S. Paxinos. Hy was voorheen verbonde aan Unisa. Alle tekens is daar dat hier baie dinge gaan verander by die Toonkuns. Dit sal natuurlik ook die Musiekbiblioteek raak, maar ons sien uit na 'n baie bedrywige interessante 1979 wat voorlê.



A crown is merely a hat that lets the rain in -

Frederick II

buitemuurs

(Die Topbestuur het bepaal dat Buitemuurs voortaan as 'n sateliet van Merensky biblioteek bekend sal staan.)

Dis asof sy nie kon wakker word nie. Sy voel deurmekaar en niks rondom haar wil stilstaan nie. Miskien is dit nog van die slaap. Of miskien is dit van gisteraand se jolifikasi. (Ek weet nie van jolifikasi nie.)

Stadigaan word sy daarvan bewus: Dis niemand anders as die Gifappeltjies wat haar ontvoer nie. Nie Gifappeltjieland toe nie. Dis na 'n sateliet.

Sy is nou helder wakker.

"Haai-oe, maar dis warm hier."

"Draai aan die lugversorger," kom die bevel.

"Ek weet nie van lugversorgers nie."

"Hier is nie, Domkop, dis juis jou straf! Miskien reën dit. Dan kan jy afkoel," sê hy.

"Ek het al amper vergeet van reën."

Sy kyk om haar rond: Sowaar net een wyfietjiesmens tussen die drie mannetjiesmense.

"Haai-oe, sy voel seker vreeslik alleen. En dit lyk vir my asof sy nog nuut hier is."

"Ja, maar sy staan haar vrou. By dit alles kan sy net iets goeds beteken vir die mans. Sy maak vir hulle tee as hulle dors is. Maar dan moet dit teetyd wees."

"Haai wat maak hulle nou met daardie een mannetjie?"

"Hulle vat hom terug na Moederaarde om daar te gaan boeke rondskuiwe. As hy klaar is daarmee, stuur hulle hom weer terug. Altans, ek hoop so. Want wat sal die sateliet wees sonder (mnr.) Piet Lourens?"

"Gifappeltjie, vat my huis toe. Ek voel moeg. Ek wil rus. Hierdie mense is so besig, dit laat my aan werk dink."

"Toemaar, wag nog tot die einde van die maand dan gaan hou jy saam met mnr Du Toit verlot. By die see!"

"Haai-oe, dit sal lekker wees. Dan koel ek af."

Dit is haar egter nie beskore nie, want koning Majesteit se boodskappers het haar kom verlos. Die satelietbewoners swoeg en sweet maar alteen en afgesonderd voort. Net die helfte het hoop op 'n bietjie rus.

Menere Du Toit en Lourens, geniet hulle rus-tydjie. Waardeer dit en kom weer perdfrys terug.

Mevrou Van der Merwe, baie welkom. Ons hoop jou tyd by ons sal vir ons almal baie aangenaam wees.

En aan dié op die aarde: Allerbeste vir die Nuwejaar!

Groete

Buitemuurs

P A R E N T S

What it must be like to be an angel
or a squirrel, we can imagine sooner.

The last time we go to bed good,
they are there, lying about darkness.

They dandle us once too often,
these friends who become our enemies.

Suddenly one day, their juniors
are as old as we yearn to be.

They get wrinkles where it is better
smooth, odd coughs, and smells.

It is grotesque how they go on
loving us, we go on loving them.

The effrontery, barely imaginable,
of having caused us. And of how.

Their lives: surely
we can do better than that.

This goes on for a long time. Everything
they do is wrong, and the worst thing,

they all do it, is to die,
taking with them the last explanation,

how we came out of the wet sea
or wherever they got us from,

taking the last link
of that chain with them.

Father, mother, we cry, wrinkling,
to our uncomprehending children and grandchildren.

-- William Meredith

M.R.

opsommend

Die begin van 'n nuwe jaar lewer altyd 'n oormaat van personeelwoelinge op, en 1979 is geen uitsondering nie. Daar is nie minder as dertien nuwe personeellede nie, ses lede het van een afdeling na 'n ander verskuif, en drie dames is getroud. Hartlik welkom en baie geluk.

Intussen was daar in die stilte hard studeer en gewerk aan grade, diplomas en kursusse. Baie geluk aan almal wat in hierdie opsig presteer het, veral aan mej. Annie Pienaar met haar MA-Graad in Staatsleer!

Nuwe personeel wat 3 Januarie begin werk het

Mej A Momberg - Vakbibliotekaris
Mev W Vorster - Klinikala
Mnr J J Smit - Medies
Mev A van der Merwe - Buitemuurs
Mev S Potgieter - Boekbestellings
Mev J Enslin - Boekbestellings
Mev S Iplant - Boekbestellings
Mnr C Fouché - Gereserveerde Studieverzameling
Mej G Maritz - Beplanning
Mej M Steyn - Beplanning
Mev M Blignaut - Tiksters
Mev A von Backström - Tiksters
Mev H Schoeman - Ontsluiting

Bedankings vir 31 Januarie 1979

Mev A Visser - Ontsluiting
Mev A Kleu - Boekbestellings
Mev L de Villiers - Inter
Mej A Honiball - Sekretaresse

Personeelskuiwings

Mev E du Plessis vanaf Boekbestellings na Medies
Mev M Blignaut vanaf Tiksters na Beplanning op 25 Januarie 1979
Mev M C Blignaut vanaf Tiksters na Beplanning en vanaf 25 Januarie 1979 na Adjunk-direkteure
Mev E du Bruyn vanaf Tiksters na Musiek
Mnr P de Kock vanaf Algemene Administrasie na Ingenieurswese
Mej M Lee vanaf Ontsluiting na Opvoedkunde

Vansverandering

Mev H Fouché was mej H Viljoen - Tydskrifte
Mev A van der Hoven was mej A Nel - Vakbibliotekaresse
Mev M Pelser was mej M Bothma - Toonbank

Grade, diplomas en kursusse geslaag:

MA Staatsleer : Mej. A. Pienaar

Hons. (Gedeeltelik): Mev. R. Badenhorst
Mev. J. du Preez

BD: Mnr. D.R. Schwartz

BA: Mej. J. du Preez
Mnr. Dries Grobler
Mev. M. Pelser
Mev. R. Roux

HDB: Mej. A. Jordaan
Mev. S. van Wyk

BDII: Mnr. P.J. Lourens

Kursusse: Mnr. P. de Kock
Mnr. E. Ferreira
Mev. B. Gunther
Mev. S. Swanepoel
Mej. H. Visser
Mev. E. van Wyk

groete van die redaksie





Mev. Mariana Steyn
Beplanning



Mev. Sonja Potgieter
Bestelafdeling

**W
E
L
K
O
M**



Mev. Gerda Maritz
Beplanning



Mev. Jeannette Enslin
Bestelafdeling



Mev. Maritha Blignaut
Beplanning



Mev. Sylvia Ipland
Bestelafdeling



Mev. A. von Backström
Tiksters



Mnr. P.J. Lourens
MacFadyen-biblioteek



Mev. Elna Schoeman
Ontsluiting



Mev. Annette van der Merwe
Buitemuurs




Mnr. Kobus Fouche
Gereserveerde Studieversameling




Mev. W.E. Vorster
Klinikala



Mejj. M. Lee en A. Momberg,
Mnr. P. de Kock Vakreferente



Mnr. J. Smit
Medies



Mr. Robbie Pols
Kelder



Mev. Alet Kleu
Bestelafdeling

**T
O
T
S
I
E
N
S**




Mev. Anita Visser
Ontsluiting



Mev. Linda de Villiers
Interbiblioteeklenings





Mej. Annemarie Honiball
Sekretaresse



Afskeidsfunksie
1978

BIBLIKASIE



VERNUWING OPGEVOLG?

Ek het 'n tyd gelede in Biblikasie (Februarie 1977) gewys op die noodsaaklikheid daarvan dat die vernuwning van ons Biblioteekdiens se fisiese fasiliteite opgevolg moet word deur 'n algemene "vasberadenheid om te verfyn en te vervolmaak". Die wyse waarop ons personeel op hierdie versoek gereageer het, verdien besondere vermelding. In die meeste gevalle het dit beteken dat hierdie vervolmaking en verfyning bo en behalwe die eise van die gewone dagtaak aandag moes geniet. Teenoor almal wat in hierdie verband 'n bydrae gelewer het, betuig ek graag my opregte waardering.

Sonder om afbreuk te doen aan die harde en toegewyde werk wat deur baie in stilte verrig is en wat minder opsigtelike resultate opgelewer het, wil ek my waardering toelig deur tog na enkele voorbeelde te verwys. In 1978 het die Afdeling Leendienst byvoorbeeld daarin geslaag om meer dissipline t.o.v. die beheer van uitgeleende materiaal te bewerkstellig en is 'n totaal van R3929 aan laatgelde ingevorder teenoor die R256 in 1977!

Op die Mediese kampus is reuse werk verrig om deur rasionalisering van versamelings en dienste by die Mediese en Voorkliniese biblioteke groot besparings en groter doeltreffendheid te verseker. Wat 'n pragtige spanpoging deur die personeel van genoemde biblioteke en personeel van o.a. die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling en die Seksie Makro-ontsluiting, Tydskrifadministrasie en Algemene administrasie! Benewens die uitlywing en verskuiwing van duisende bande minder gebruikte materiaal is o.a. 1954 bande (1500 titels) ten behoeve van die Departemente Verpleegkunde en Hematologie vanaf die Voorkliniese biblioteek na die Mediese biblioteek oorgeplaas.

Die instelling van 'n Katalogusadviesdienspunt deur die Afdeling Leendienst en Afdeling Aankaf en Ontsluiting was 'n lofwaardige poging om ons dienste aan gebruikers te verfyn, en in die loop van 1978 is 'n totaal van 8096 navrae by genoemde dienspunt gehanteer. In die vakbibliotekarisstelsel en Afdeling Beplanning en Ontwikkeling is waardevolle werk gedoen om te verseker dat vakbibliotekarisse in 1979 van rekenaarmatige inligtingsdienste by die WNNR en MNR gebruik kan maak ten einde nog beter dienste aan gebruikers te kan lewer.

In die Seksie Africana en Besondere Versamelings is groot werk gedoen om beter beheer oor en toeganklikheid van waardevolle materiaal te verseker; om die V.d. Merwe-versameling van Suid-Afrikaanse bladmusiek uit te bou en om aanvoerwerk te doen vir die neerlegging van 'n argief- en museumbelied deur die Universiteitsraad.

u.p.-biblioteekdiens - nuusblad - feb. 1979

So kan ek voortgaan. Die Seksie Interbiblioteeklenings moes in 1978 o.a. 5919 meer aansoeke van ander biblioteke as in 1977 hanteer; die Bindery het met 'n nuwe benadering t.o.v. die inhoud van onvolledige jaargange die beter instandhouding van vakversamelings bevorder; die Seksie Finansiële Administrasie het 'n beter beheer oor die besteding van alle fondse en ingevorderde gelde bewerkstellig en les bes is personeel van die Seksie Tydskrifadministrasie en die Seksie Mingebruikte Materiaal tans besig om 'n enorme taak in die kelderverdieping af te handel!

Intussen doen ek my belofte gestand (Biblikasie, Februarie 1977) naamlik om alles in my vermoë te doen om die vernuwning en verbetering van fisiese fasiliteite oor die hele linie van U.P. se Biblioteekdiens te voltrek. Waar die Musiekbiblioteek en die Merensky-biblioteek se Laer grondverdieping nou besondere aandag geniet, is dit 'n gerusstelling om te weet dat ons voortgesette vernuwingsaksies steeds deur verdere verfyning en vervolmaking opgevolg sal word.

Prof E D Gerrits

Wat gebeur waar?

DIE MASKER: Opvoerings

NAG VAN LEGIO

P.G. du Plessis se drama, Nag van Legio, wat deur sommige kritici as die beste in Afrikaans beskou word, speel vanaf Woensdag, 21 tot Saterdag, 31 Maart in Die Masker. Die bekerde verhoog-, televisie-, film- en radio-akteur, Carel Trichardt vertolk die hoofrol en die regisseur is prof Louw Odendaal, Hoof van UP se Dramadenartement. Die res van die rolverdeling bestaan uit finalejaarstudente in Drama, waaronder bekende akteurs, soos Ben Kruger en Lochner de Kock. Eersgenoemde is al in TV-films, soos Opdrag en speelfilms soos Dr Marius Hugo, Vyfde Seisoen, en Fourty Days gesien. Laasgenoemde was drie jaar lank lid van TRUK-speelwerk.

Die stuk speel af in 'n inrigting vir sielsiekes. Dogoman, wat op slinkse wyse toegang verkry tot die saal waarin Dirk Jooste is, wil wraak neem op Dirk, 'n vroeëre kollega van hom. Hy organiseer die geestesversteurdes op so 'n manier dat hulle gaandeweg met hom begin saampraat in 'n koor teen Dirk. In 'n geweldige klimaks vermoor Charley vir Dirk en dit lyk of Dogoman sy doel bereik het. Hy moet egter homself offer deur

soos die kranksinniges te word, want hulle dreig om hom dood te maak. So verloor hy die laaste bietjie menslikheid en word hy opgeneem in die bose, kranksinnige kring in die inrigting.

Vorige opvoerings van die stuk deur TRUK (1969) en SUKOV'S (1972) is op die verhoog gespeel. Regisseur, Louw Odendaal speel hierdie opvoering in-die-rondte. "Nie alleen is ons teater (Die Masker) uiters geskik vir sulke opvoerings nie, maar die stuk vra myns insiens om 'n groot mate van betrokkenheid van die gehoor se kant. Dit is immers 'n stuk met 'n sterk rituele inslag en daar is herhaaldelik sprake van die "kring" van die nag, met ander woorde die sirkelmotief, waarby die sirkulêre insluiting van spelers deur die gehoor funksioneel geïntegreer is. So gesels prof Odendaal oor sy ensenering van die drama. Hy beskou die arenavorm ook as 'n beter vorm vir opleiding. "Dit is nie 'n realistiese stuk in die sin dat dit vra om die kopiëring van uiterlike werklikhede nie. Dis veel eerder die voorstelling van daardie 'gevaarlike innerlike realiteite' waarvan Antonin Artaud praat. Daarom: hoe nader ek die akteur aan die gehoor kan kry (of die gehoor aan die akteurs), hoe beter vir die studente se opleiding in die weergawe van subtile innerlike 'roersele van die siel'. Hoe meer fasette van die speler se geelaatspel, van sy liggaamsbeweging, en genuanseerde stemgebruik ons kan inspan om 'n maksimum veruiterliking van die inherente wreedheid in die stuk te gee, hoe meer van die latente wreedheid van die gehoor sal vrygestel - en daardeur gesuiwer - word."

'n Ander vraag wat ons aan die regisseur gevra het is of hy die gordyne gaan laat groei. In TRUK se opvoering het Francois Swart indertyd daarteen besluit. Prof Odendaal was baie beslis in sy antwoord: "Ja. Die metafoor van die gordyne wat groei is 'n integrale deel van die stuk. Dit is 'n treffende en kragtige visuele beeld en ek gaan alles in my vermoë doen om dit so oortuigend moontlik te laat geskied. Hier bied die arena-vorm 'n probleem. Dit sou makliker gegaan het op die verhoog. Dis egter nie 'n onoorkomelike tegniese probleem nie."

Ons wou ook weet hoe studente en 'n dosent saam sal werk in 'n produksie. Prof Odendaal: "Baie goed. Ons het dit al menig maal in die verlede gedoen en dit is 'n waardevolle opleidingsmetode. Die studente neem hulle dosent, wat ook professionele akteur is, baie fyn waar. Hulle leer op indirekte wyse oneindig veel van so 'n dosent-speler as medespeler. Dié stelling is tog baie waar in verband met spelersopleiding: 'Show me, don't tell me'."

Bespreek vanaf 1 Maart by Computicket. Blokbespreking teen verminderde tariewe beskikbaar vir publiek, studente en skoliere.



Prof L B Odendaal

KINDERHOEKIE

Een van die populêre films van 1978, "Julia", handel oor die lewe van die bekende Amerikaanse skryfster, Lillian Hellman voor die oorlog in die dertigerjare. Die skryfster se eerste sukses met 'n drama op Broadway in 1934 speel onder andere 'n belangrike rol in die film, en hierdie stuk, "The Children's Hour", word nou deur die Departement Drama van die Universiteit van Pretoria aangebied in 'n Afrikaanse verwerking deur Tjaart Potgieter, onder die titel: "Kinderhoekie".

Die titel is bewus ironies: die stuk is beslis vir volwassenes bedoel. Twee jong onderwyseresse se droom van 'n suksesvolle privaatskool word vernietig wanneer 'n bedorwe kind uit pure vermakerigheid hulle van 'n onnatuurlike verhouding beskuldig.

Die kind het maar 'n vae besef waarvan sy praat, maar haar oma, 'n ryk ondersteuner van die skool, glo haar leuens en versprei die storie wyd en syd. Die twee vroue verloor 'n lastersaak teen die ouer, meer gesiene vrou, en word wreed deur die gemeenskap verstoot.

Hulle persoonlike lewens word geruïneer en een van hulle pleeg selfmoord. Te laat besef die kind se oma dat hulle almal slagoffers van 'n moedswillige leuen is en probeer om sake reg te stel.

Alhoewel die stuk in 1934 geskryf is, het dit nog steeds vandag heelwat slaankrag, beide deur die uitbeelding van die skadus van kind-wees, en die vernietigende mag van 'n benepe gemeenskap. Die skryfster self sê dat die stuk oor die mag van die leuen handel - "hoe groter die leuen, hoe beter, soos altyd".

In die sestigerjare het Audrey Hepburn en Shirley Maclaine die hoofrolle vertolk in 'n hoogs suksesvolle filmweergawe van die stuk onder die titel "The Loudest Whisper".

"Kinderhoekie" word van 5 tot 10 Maart as werksproduksie in die Masker aangebied deur die tweedejaarstudente van die Departement Drama onder regie van Tjaart Potgieter.

Vrygestel deur C Snyman,
Departement Drama

Some occupational diseases of the librarian: II Of the cataloguer

You may think that the cataloguer and her tribulations have been forgotten. In her segregated sanctum is she untouched by occupational diseases? Does the rarefied and sterilized atmosphere of rules and classification in which she sits render her immune? One wishes one could say yes, but unfortunately she sometimes develops one of the most stubborn of diseases:

Coditis, a sort of stiffening and rigidity, and unwillingness to bend a jot or compromise a title that, in severe cases, is scarcely distinguishable from ossification. Scm. to her distorted eye assumes astronomical proportions. The poor Ephraimites who, at the passage of the Jordan, could not say "Shibboleth", were in no more perilous state than an outlandish pagan who cannot distinguish a "see" from a "see also" reference. And as for the mysterious minutiae of joint authors, married-women authors, pseudonyms and anonyms, added entries, analytics - the slightest deviation from the graven tablets of Dewey puts her in a truly Mosaic rage.

No fight at a library convention is louder, or more prolonged than the polemics that occasionally break out at a meeting of a cataloguing section. A real, true, dyed-in-the-wool cataloguer would revive the inquisition if she could. She will die for her convictions and will be buried clasping Dewey to her unyielding bosom

OF, by and for librarians, by
J D Marshall

LUS vir LEES?

Die Swerfjare van Poppie Nongena, deur
Elsa Joubert.

810.3 Joubert, E

Resensies oor hierdie opspraakwekkende boek het in die meeste Afrikaanse en Engelse koerante verskyn. Die boek word baie goed ontvang.

Hoewel Elsa Joubert in 'n verduideliking van haar werksmetode naamlik deur middel van bandopnames dit duidelik stel dat die verhaal nie 'n politieke betoog beoog nie, het Poppie midde in die problematiek van die landsprobleme beland.

In die dagblaai word 'n lewendige polemiekie gevoer oor strukturele geweld en Poppie Nongena.

Die eerste dubbele oplaag van die boek is reeds uitverkoop en met al die publisiteit hoop mens dat die tweede oplaag ook gou sy weg na ons boekrakke sal vind.

Die kern van Poppie se karakter kan in haar eie woorde weergegee word: "Ek was bang vir die reent, maar nie sō bang nie. Ek is maar so gebore. Ek is nooit te bang vir niks nie."

Om die hele verhaal weer te gee is nie moontlik nie, daarvoor is die ruimte hier te beperk en die verhaal te vol en te intens. Kortliks kan die kern egter soos volg opgesom word:

Die boek is gebaseer op die ware verhaal van 'n doodeenvoudige, doodeerlike en diepgelowige swart vrou, wat van kindsbeen af baie swaar kry sonder dat sy ooit na moeilikheid gesoek het. Haar lewensprobleme bestaan meerendeels uit 'n gebrek aan 'n vaste tuiste en gevolglike jarelange swerwinge deur Suid-Afrika. Sy word herwaarts en derwaarts gestuur deur die noodlot namate verskillende tragedies haar en haar familielede aantast.

Die verhaal eindig met Poppie se lewensloop wat in 'n soort verlorenheid inswerf.

Die leserpubliek het 'n natuurlike deernis vir Poppie Nongena. Dis reg. Sy is die slagoffer van omstandighede wat ons graag sou wou verander. Maar ons moet altyd onthou dat daar ook ander Poppies is en dat daar ook 'n ander sy van elke muntstuk is.

H.F.

MODERNE AARDRYKSKUNDE

Geography and Inequality, by B E Coates,
R J Johnston and P L Knox
563.2

Ideology, Science and Human Geography by
D Gregory
563.2

Aardrykskunde betree tans breër en dieper velde as wat gedroom kon word. Ons hoef net terug te dink aan die tipe materiaal wat ons op skool bestudeer het - daardie lyste van uitvoerprodukte, riviername en hoofstede - om weer dadelik deur l'ennui aangegryp te word. Deesdae is Aardrykskundiges egter baie bedrywig met nuwe sosiologiese, ekonomiese, politiese en selfs ideologiese benaderings tot hul werk, wat geweldig interessante literatuur oplewer. Daar word nou openlik afstand gedoen van die Viktoriëanse begrip van Aardrykskunde as "The science of distances and boundaries", en terme soos "spatial analysis", "man-environment" en "behavioral analysis" word alledaags gebruik.

Die verandering word toegeskryf aan 'n paradigma-verskuiwing, wat op sy beurt te wyte is aan die feit dat geografiese inligting nie meer uitsluitlik deur Aardrykskundiges ingesamel word nie, maar ook deur regerings, hul raadgewers en kommissies, satelliete, radar en selfs televisiesoanne. Die huidige aardrykskundige prerogatief is meereendeels die inbegrip van waarom patrone en prosesse hul manifesteer in die vorms waarin hulle voorkom. Daar word dus nie soseer beskrywend opgetree nie, maar wel ondersoekend en selfs oordelend. Hier word veral Menslike Aardrykskunde ("Human Geography") in die soeklig betrek. Die tientalle benaderings wat hier verskyn blyk uit die titels van nuwe aardrykskundige boeke, soos hierbo aangehaal.

Hierdie omwenteling word deur Blunden & Haggett ("A reader in Human Geography") verduidelik deur Kuhn se boek "The Structure of Scientific revolutions" aan te haal, waar daar gewys word op die feit dat sekere temas deur 'n wetenskaplike gemeenskap uitgelig word vir studie as gevolg van die wetenskaplike konsensus wat daardie gemeenskap handhaaf ten opsigte van die stand van sake en die gevolglike belangrikheid van die tema vir daardie stand van sake. Dit word 'n paradigma genoem. Ontdek iemand iets nuuts (dink aan Einstein, Galileo) dan verander die konsensus namate die ontdekking aanvaar word, en verskuif die soeklig en die paradigma. Blunden en Haggett voer self aan dat daar eintlik meerdere oftewel plurale paradigmas terselfdertyd kan bestaan aangesien wetenskaplikes van mekaar kan verskil. Hoe dit ook al sy, 'n pluraliteit van paradigmas dek natuurlik meer veld as die enkele nougeslote paradigma.

By moderne Menslike Aardrykskunde kan ons vier paradigmas onderskei: 1) die ekologiese 2) die spatiële 3) die behaviorele en 4) die radikaal-strukturele.

Laasgenoemde is ooglopend die lewendigste afdeling, waar veral metodologiese ideologieë groot invloed uitoefen. Dit is veral hier waar die aardrykskundiges voel dat hulle nie net moet beskryf nie, maar dat hulle as betrokkenes ook moet kritiseer en probeer om verander te bewerkstellig. Bv. dat daar teen eksploitasie van natuurlike bronne opgetree moet word; dat rationele patrone van ekonomiese distribusie nagestreef moet word; dat die ruimtelike herorganisasie van gemeenskapsstrukture (stede, vervoerroetes, selfs lande oftewel administratiewe gebiede) aanbeveel moet word; dat die doeltreffendheid van menslike besluitneming beïnvloed moet word deur die proses van besluitneming se fisiese omstandighede te verbeter.

Ons kry dan in 'n boek soos "Geography and Inequality" die ondersoek na die geografiese verspreiding van menslike welvaart, gemeet aan geriewe en gevolglike lewensstandaarde. Daar word op drie vlakke te werk gegaan, naamlik die internasionale, die intra-nasionale en die intrastedelike. Die skrywers kyk na arbeidsverdeling, territoriale verdeling, en die bereikbaarheid van natuurlike bronne. Daar is 'n massa van grafiese voorstellings, van bv. verspreiding van mediese dienste in Chicago; kindersterftes in London; behuiskwaliteit in die VSA (gemeet aan geriewe soos toilette in huise edm.); inkomstesyfers in Frankryk; tegnologiese modernisasie in Maleisië; distribusie van belasbare inkomstes in Noorweë; die verspreiding van buitelandse beleggings deur die VSA, twee-derdes waarvan in die ontwikkelde noordelike lande is.

Al hierdie aspekte van distribusie word beskou as "Spatial structures" wat volgens die skrywers 'n organiserende van ruimte teweeg bring, en wat gevolglik 'n beslissende invloed op lewensgehalte uitoefen: "Thus the transport costs can influence the price of goods and so affect levels of spatial well being ...". Sulke strukture het nie 'n onafhanklike bestaan nie ('n stad is nie net sommer daár nie) maar is geïntegreerd met die bestaan van die mens, en kan dus neigings en tendense, veral ten opsigte van welvaart, versterk.

"The real cause of inequalities lies in the structures of societies, and its impact represented by the way in which these organize space; the solution of inequalities must be sought in the restructuring of societies". Daar word dan eksperimente genoem, soos bv. die doelbewuste skep van gemengde buurte of skole, wat dan alle inkomstegroepe sou verteenwoordig. Daar word gewaarsku dat dit egter nie ligtelik aangepak kan word nie, aangesien bv. armer mense slegs met frustrasie daarvan afkom indien hulle probeer om die gegoedes se lewenswyse te emuleer sonder die nodige geldelike steun. Die boek sluit af met die stelling dat ruimtelike analise van distribusie slegs een aspek van die probleem van ongelykheid is, en dat "just as one cannot investigate and manipulate a spatial structure in ignorance of its encompassing social structure, so one cannot manipulate a social structure in ignorance of the way in which it organizes its territory."

J. M.

uit die afdelings

BEPLANNING

As die kat weg is ... moet die muise sý werk ook nog doen. Vandat mnr De Bruin met studieverlof is, moet die beplanners bontstaan om by te hou met die werk, soveel dat hulle maar baie kort beriggies vir Biblikasie skryf!

Die nuwe lede van die Afdeling is hard besig om hulle in te grawe in hulle projekte. Vir mej Gerda Maritz, wat waarskynlik in die toekoms by mikro-ontsluitingsprojekte betrek sal word, het dit beteken dat sy vir 'n maand ervaring in die Seksie Makro-ontsluiting gaan opdoen het en daarna vir Maart by die Vakbibliotekarisstelsel sal inskakel. Die meeste van ons nuwe lede het ook al met die "harde-arbeid" van die Afdeling te doen gekry toe hulle met maatlyne bewapen die rakke van die Mediese en Voorkliniese biblioteke "bestorm" het. Almal het die stryd egter baie goed oorleef.

ONTSLUITING

Ontsluiting begin hierdie jaar met die DOBIS-rekenariseringsprojek, en vier persone is reeds besig met inleidende studies en oefeninge, om later as groepleiers op te tree. Voorspoed aan hulle. Almal is maar skrikkerig vir die projek, maar dit sal uitstekende ondervinding wees, en 'n goeie aanbeveling indien enige van ons later van werk moet verander.

Die Landbouboekprojek loop ten einde, en die huidige fase word gekenmerk deur haastige pakkies spoedboeke wat deur dosente ingehandig word vir prosessering, en waarsonder hy/sy onmoontlik langer as 'n enkele dag kan klaarkom. Dan moet alles maar gou opsy geskuif word om die boeke deur te blits.

Voordat ons in alle erns die rekenariseringsprojek begin moet daar egter nog met die Rustende Voorraad afgereken word. Geen gebrek, dus, aan doelstellinge en vooruitsigte in die Ontsluitingsafdeling. Intussen vlot dit soos gewoonlik met nuwe boeke, herkatte, studente-oriëntering, biblioteekkundestudente en liasering van kaartjies. Ons is baie dank verskuldig aan mev Mara Grobbelaar wat nou die katalogus advies oorgeneem het as voltydse adviseur. Ons hoop die studente waardeer haar. Vir Ontsluiting is dit 'n verligting, aangesien die adviseerwerkskofte dikwels inbreuk gemaak het op die ontsluitingsroetine. Voorspoed, Mara.

Hiermee groet ons ook vir mev Susara van Wyk wat na Johannesburg verhuis, en wat in die Sandton Openbare Biblioteek 'n betrekking aanvaar het. Ons sal die droomverlore gesiggie baie mis. Ook aan mev Rieta Otto wat nou eers met 'n welverdiende vakansie na Durban gaan - dis nou ons beurt om verlangend toe te kyk. Geniet dit Rieta, en bring maar 'n paar botteltjies see-water saam, miskien sal dit ons sterk vir die take wat voorlê.

'n Spesiale woord van sterkte aan mev Helene Fourie, wat benewens die Biblikasie-baba 'n hewige stryd aan die gang het met prof Paxinos se talle nuwe musiekboekbestellings waarmee hy sy vak wil inkleef. Die spoedboektafeltjie kreun behoorlik soos die stapels afgelaai word. Beskou dit maar as 'n "crash-course" Helene!

VAKBIBLIOKARISSTELSEL

Beseringstyd!

Op 'n stadium wou dit voorkom of daar met 'n hael geweer op die vakbibliotekarisse losgebrand is en die res het onder hulle tafels weggekruipt.

Diegene wat nie in die hospitaal was nie het voor die deure omdraai.

Renée Roux en Annatjie Momberg verdien vermelding. Eersgenoemde se "blaasbalkies" is 'n bietjie verfris met suurstof in die Magnolia Kliniek. Renée welkom terug. Die gemis was groot. Laasgenoemde weer het die Bachelors Hotel 'n heelwat beter herstellingsoord gevind na so 'n pynlike tandestorie. Intussen is die gras alweer groener en die uitsig oor die Uniegebou is in sig.

Susan Swanepoel is besonder stil vandat sy grasweduwee is. Haar Adriaan sit op Saldanha vir 'n kursus. Hoeveel dae nog?

Bid jou dit aan. Magriet Lee se grootste vrees in die lewe was dat sy nie genoeg gaan hê om haar mee besig te hou nie - haar vrese is nie bewaarheid nie!

Mazda is hoogmode. Ene Piet van der Merwe ry met so 'n blink hier verby.

Intussen was dit weer die goeie oue tyd van:

Op die hart druk
Aan die oor knoop
Op die mou speld
(Def. van oriëntering)



Die blink idee van 'n ekspedisie op slegs die grondverdieping het groot byval gevind by toer-gidse sowel as by toeriste - met komplimente aan die organiseerders.

Transpirant in die hand het Anne-Marie Arnold en Alida Dippenaar die ou menere voorgestaan. Van 'n biblioteek weet hul nou alles.

Pasop al die dames en here.

Hier kom ons.

Biblibabas




T YDSKRIFADMINISTRASIE


HERORGANISASIE VAN DIE KELDER

Die kelder word met groot bedrywigheid herorganiseer.

Dieselfde indeling as wat by die onderskeie vakversamelings gebruik word, sal ook in die Kelder toegepas word, nl. sistematies volgens vakkodenummer, en dan daarin alfabeties volgens titel.



HALLO! IS DIT DIE INTERNASIONALE KOMMISSIE VIR VLUGTSELINGE? ... MENEER, ONS SKAKEL HIER VANUIT DIE KELDER VAN DIE MERENSKY-BIBLIOTEEK ... ME-RENSKY... JA, MERENSKY... WIE MOET EK SKAKEL? REDDING WIE? I-N-T-E-R-N-A-S...



LEENDIENSTE

Voorgraads

By voorgraads is dit nog redelik stil en mnr Cobus Fouche en mej Magriet Bruyns kan hulle plek weer netjies kry.

Interbiblioteeklenings

By IBL is dit baie bedrywig met die dosente wat nou weer boeke en tydskrif artikels aanvra. Mev Susna Höll het ook ons afdeling verlaat en sy gaan nou huisvrou speel. Geniet dit Susna en ons hoop dit gaan verder goed gaan. Mej Wilma Shipman gaan by Krygkor werk en ons hoop jy werk lekker daar. Aan julle twee: ons het lekker saam met julle gewerk. Mej Marie Schoeman help uit by die teleks en mev Annete Booyens by die tikwerk.

Toonbank

By toonbank gaan dit baie besig met al die registrasie en al die eerstejaars wat die biblioteek besoek het.

Reprografiese Dienste

Fotostate is ook gemaak en hier was mnr Jaap Taljaard en mnr Jan du Raan hard besig om die eerstejaarstudente te help met fotostatering van die matriekuitslae.

Kelder

Kelder is seker nie af te skepe nie want hier is die trekkery nog steeds aan die gang. Dankie vir almal wat daar help en so hard werk.

BOEKBESTELLINGS

Mev Jeanette Enslin se man het sy militêre opleiding in Oudtshoorn gedoen tot 'n tydjie gelede. Tot haar vreugde soek hulle toe 'n getroude persoon om terug te plaas na Pretoria. Haar glimlag is nou soos 'n sonstraaltjie in ons Afdeling.

Mev Annemarie Pienaar en Calie het onlangs 'n nuwe TV stel gekoop en dus kry sy baie meer tuis uitgerig terwyl Calie na sy gunsteling sportprogramme kyk.

Die nuwe mense is aan die gang met hulle klasdrawery en die stof staan hoog in Boekbestellings. Mev Berry Matzopaulos het besluit om haar daaglikse etensureier op te offer vir maer word by die "gym" - Mej Valery Snodgrass wag haar angstig in terwyl sy deur die finale fases jaag net om klaar te maak en weer te begin eet!

Mev Rautenbach se jongste spruit is ook nie meer so jonk nie - hy het verlede jaar sy skoolloopbaan voltooi en is nou 'n ingeskrewe BComm student aan UP.

Mev Lucia Smith het by ons aangesluit - welkom aan haar.

FINANSIËLE ADM.

SO BETAAL ONS TOL

Meneer Hurter van Breda is glad nie eers bang Oor al die boeke van die buiteland ontvang Met die Poskantoor verkeer hy op goeie voet Mens kan dit slegs hoor aan sy vriendelike groet

In samewerking met die gawe oom Japie en meneer Coetzee, kom hy weg sonder 'n skrapie solank hy betaal, die bedrag daar bepaal kan hy maar voortgaan die boeke daar haal

Die sending na Doeane en Aksyns verg egter baie meer gepeins selfs vir die neersit van 'n vorm is daar 'n neergelegde norm

hy moet maar net inval met wat hulle sê want dis wet hy kan ook nie vir hulle sê dat hy die boeke nie wil hê

deur geduldig te wag is reeds veel vermag en voorkom is frustrasie van Finansiële Administrasie

OORPLASINGS

Ons het ook 'n paar oorplasinge by die Seksie Leendienste gehad:

Mev Hanneljie Erlank van IBL na Toonbank
Mev Mariëtte Pelser van Toonbank na IBL
Mej Irene du Preez van Toonbank na Kelder
Mev Mara Grobbelaar van Toonbank na Inligting en Katalogusadvies

VERWELKOMING

Ons wil net die volgende persone welkom sê en ons sien julle werk lekker hier by ons:

Mej Zanne Joubert - Toonbank
Mev Amanda Viljoen - Toonbank
Mej Helena Struwig - Interbiblioteeklenings
Mnr Jan du Raan - Kassierspunt

VERJAARSDAE

Mnr P T Ferreira	Fin. Admin	7 Maart
Mej A McLaren	Ontsluiting	9 Maart
Mev J Botha	Alg. Admin	13 Maart
Mej J von Wielligh	Tiksters	15 Maart
Mej H Struwig	IBL	16 Maart
Mev M Viljoen	Tydskrifte	17 Maart
Mej E Coertze	Ontsluiting	20 Maart
Mev S Hattigh	IBL	23 Maart
Mev L Smith	Boekbestellings	24 Maart
Mev E de Bruyn	Musiek	25 Maart
Mej C Venter	Ontsluiting	26 Maart

van die buiteposte MACFADYEN



Mnr. T du Toit, D R Schwartz
Mev A van der Merwe
Inlas: Mnr P Lourens

Dit is opvallend dat die hoofbiblioteek slegs by uitsondering nie op sy naam, Merensky-biblioteek, genoem word nie. Van die takbiblioteke is dit egter nie altyd waar nie. So word daar na ons hier in die middestad verwys as "Buitemuurs". In korrespondensie word hierdie bynaam nog verder afgekort met die letters BM. Daarom verbaas dit mens nie as daar sommiges is wat nie weet waar die MacFadyen-biblioteek is nie. Miskien is dit nodig dat ons weer deur die geskiedenis blaai en kyk waar hierdie naam nou eintlik vandaan kom.

Uit so bietjie navorsing blyk die volgende: Die eerste takbiblioteek van die Transvaalse Universiteitskollege was dié van die Buitemuurse afdeling en het omstreeks 1918 ontstaan. In 1925 het die hele Buitemuurse biblioteek bestaan uit twee of drie rakke, in geheel 248 boeke, in die kantoor van die Buitemuurse registrateur. Dit was in die Erasmusgebou op Kerkplein.

Die Buitemuurse dosente, waaronder prof W A MacFadyen (van Wysbegeerte en Ekonomie), kom op 26 Mei 1924 bymekaar om 'n nuwe gebou te beplan. By die geleentheid het prof MacFadyen 'n saal op die tweede verdieping voorgestel, dié saal wat later sy naam sou dra.

Met die ingebruikneming van die Buitemuurse gebou in Vermeulenstraat in 1926 is daar wel 'n kamer vir die biblioteek afgestaan, maar geen bibliotekaris is benoem nie. As bibliotekaris moes die Buitemuurse beamppte diens doen terwyl die las van administrasie van die hele Buitemuurse afdeling ook op sy skouers gerus het. Hy was sô besig met geldinwordering, dat teen die einde en begin van die maand die biblioteek nie geopen kon word nie.

Die geskiedenis van Buitemuurs in die jare na 1930 word gekenmerk deur 'n steeds toenemende studentetal wat weer beteken het dat ruimte gou 'n probleem geword het. Die biblioteek was erg primitief ingerig. Daar was net een kamertjie hiervoor ingerig. Dié toestand duur voort tot 1941 toe nog 'n vertrek beskikbaar gestel is. In 1948 is die MacFadyensaal as biblioteek ingerig. Dit het as heel bevredigende lokaal die eersvolgende paar jaar diens gedoen. Weens die sentrale plek wat dit ingeneem het in die res van die gebou, is daar dikwels van die Buitemuurse gebou as die "MacFadyengebou" gepraat.

By die beplanning van die Nuwe Buitemuurse gebou in Proesstraat is vir die biblioteek ruim voorsiening gemaak. Volgens 'n Raadsbesluit van 17 April 1958 en op aanbeveling van die biblioteekkomitee dra die nuwe biblioteek die naam van prof W A MacFadyen, een van die manne aan wie Buitemuurs in 'n groot mate sy ontstaan te danke het.

(Bogenoemde gegewens is versamel uit:

- 1) Ad Destinatum, 1910 - 1960; Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960.
- 2) Extra Muro 1964; Universiteit van Pretoria, Februarie 1965).

MEDIES

Die maand het by Medies met 'n groot fees begin: die inwyding van die Nuwe Kliniese Gebou. Ná die plegtigheid het die gaste geleentheid gehad om die gebou te besigtig. Ons harte het sommer vinniger geklop toe ons tussen die gewoel van die mense deur die opmerkings hoor. "Al wat die moeite werd is om te sien, is die biblioteek". Mej Annie Pienaar het toe ook die geleentheid gehad om die Kanselier, dr Hilgard Muller, die Rektor, prof E Hamman en die Dekaan van die Fakulteit Geneeskunde, prof H Snyman, en hulle gades in die biblioteek touwys te maak. Veral die nuwe verklikkerstelsel het groot aftrek gekry!

Die Biblioteek kry andersins egter ook goeie aftrek te oordeel na die toename in die uitleenstatistiek onder studente. Gedurende Januarie hierdie jaar het ons 'n rekorduitleensyfer van 291 boeke vir studente gehad. In Januarie 1978 was die ooreenstemmende syfer 177, terwyl die totale uitreikings aan studente gedurende die periode Oktober - Desember 1978, 247 was.

Daar is egter nog diegene wat nog nie die geheim van biblioteekgebruik ontdek het nie en dit is ons voorneme om hulle daar in te lei. Hulle voel miskien sô oor die kwessie van:

KEEPING INFORMED

One thing that is really not difficult, friends,
Is keeping abreast of new medical trends,
New treatments, new gadgets, new antitriotics,
New cures for the ailing, including newotics.

And if you don't learn from attending a meeting,
Or glancing at journals, though glances be fleeting,
Or talking with colleagues, you'll not be without it,
For surely your patient has read all about it.

Iemand vir wie beide personeel en gebruikers hier by Medies baie gaan mis, is mev Alida van der Watt. Sy het met die kennis van die voorraad en gebruikers wat sy oor die afgelope sowat twee jaar opgebou het, byna onmisbaar geword - ons gebruikers kon altyd verseker wees van vriendelike diens met haar agter die toonbank. Baie dankie vir jou harde werk, Alida! Ons beste wense vergesel jou in jou nuwe loopbaan as moeder en huisvrou.

Medies verloor aan die einde van die maand nog 'n personeellid in die oersoon van mnr Johan Smit. Al was jou verblyf kort, Johan, is ons baie dankbaar vir die waardevolle sneurwerk wat jy gedoen het. Baie sterkte vir die studies vorentoe!

LANDBOU

Hier op die ooskampus is dit die ene bedrywigheid met die aanvang van die akademiese jaar.

Reeds vroeg het die nuwe dosente van landbou en mej du Preez by die dosentekursus ontmoet, wat op heel gepaste wyse afgesluit is met 'n kaas - en - wynonthaal in die Merensky-biblioteek.

Die oriëntering van die eerstejaarstudente is afgehandel. Die verskillende departemente se finalejaarstudente ontvang nou oriënteringslesings in die Landbou-biblioteek in samewerking met die dosente.

Gedurende die vakansie is die biblioteekgebou van buite geverf. Sommige dae moes die gebruikers byna die biblioteek binnegekrui het, oor en onder deur stellases.

Namens die gebruikers wil ons die ontsluitingsafdeling se dames hartlik bedank vir die vinnige afhandeling van die herkatalogiseringsprojek. Die einde is nou werklik in sig!

Die volgende tuinboukunde boeke is onlangs aangeskaf en sal interessant wees vir tuinliefhebbers.

1. VAN DER SPUY, UNA
Gardening with trees
L635.977 577561
2. VAN DER SPUY, UNA
Maak tuin met klimplante
L635.974 582634
3. VAN DER SPUY, UNA
Wild flowers of South Africa for the garden
L635.967.6 577564
4. Sunstreeks:
 - i) Low maintenance gardening
L712.62 577520
 - ii) Rhododendrons and azaleas
L635.93 577517
 - iii) How to grow annuals
L635.931 577525
 - iv) How to grow bulbs
L635.944 577559

Ons groet vanuit die Landbou-biblioteek. Ons wens almal 'n aangename eerste skof toe.

LANDBOUPROJEK

Onlangs was daar hierdie onflikkerinkie in die duisternis van die stapel Landbou-projekboeke:

Nutrition of fruit crops ...
dedicated to graduate students, teachers,
and research workers who are contributing
to our knowledge of fruit nutrition.

Book COVER IS WASHABLE

ONDERSTEPSPOORT

Die jaar is weer in volle swang en dit lyk vir ons of dit nog doller gaan wees as verlede jaar.

Dit is die eerste jaar dat al ons BVSc-klasse uit negentig studente elk bestaan. Ons vyfde jaar studente moet nou ook vir vyf-en-'n-half jaar studeer. Die laaste halfjaar is 'n praktiese halfjaar min of meer soos die huisdokterjaar van die Mediese studente.

Ons nuwe Dip. Cur. An. studente het ook reeds begin, en dit lyk of ons aanstaande Veeartse in hul noppies is oor die groot getal dames wat Onderstepoort nou versier. Ons eerste groep Dip. Cur. An. studente het die einde van 1978 afgestudeer. Dit is 'n twee-jarige kursus in Diereverpleging. Die aantal studente wat daarvoor wil inskryf is baie hoog, en hulle word streng gekeur om in die klas van twintig opgeneem te kan word.

Vakke soos Anatomie, Chirurgie en Geslagkunde word aangebied, met die klem op die verpleging van die diere.

Dit lyk na 'n interessante kursus waarvoor daar klaarblyklik 'n groot behoefte was.

'n Hele klompie nuwe dosente het ook kom kennis maak met die biblioteek, en party van hulle het sommer dadelik begin om artikels aan te vra en boeke uit te neem.

Draf is mos nou in die mode, en ons hier op Onderstepoort het nie agtergebly nie. Ons het goed weggespring aan die begin van die jaar, en is van plan om die pas vol te hou.

Sterkte vir almal wat saamdraf hierdie jaar.

NASKRIF:

Gebore vir mev F de Villiers van Onderstepoort: 6 Pragtige klein hondjies.

Ma: VICKY; Geregistreeerde Miniatuur "Chocolate Poodle"

Pa: TERRY; Geregistreeerde Staffordshire Bullterrier

Ras van hondjies: Stamboek POODIERS

Enige aanbiedinge?



Klere drag

KLEREDRAGKOMITEE: INTERIM-VERSLAG OOR MOONTLIKE VERANDERING VAN DAMESPERSONEEL SE KLEREDRAG

Dit is nou net langer as twee jaar wat die damespersoneel van die Merensky-biblioteek eenvormige kleredrag tydens werksure dra. Dié twee jaar was nie sonder probleme in die verband nie. Die kleredragkomitee het dit dus goed gedink om dié stand van sake weer in oënskou te neem. 'n Voorkeuropname is onder die dames gemaak en na aanleiding van dié resultate is daar met die huidige leweransier en drie ander firmas onderhandel om vas te stel wie die beste diens kan lewer. Die kriteria tydens die onderhandelinge was die volgende: moontlike nuwe leweransier; goedkoper prys van items; veranderde snit van drag; verbeterde passings; meer geskikte materiaal.

Uitslag van voorkeuropname

Uit die opname wat gemaak is, het dit duidelik geblyk dat die dames voorkeur verleen aan die baadjie met lang- of kortmoue, met die romp en baadjie as tweede keuse. Uit die ander drie moontlikhede nl.

1. baadjie, gewysigde romp, hemsbloese en blousonne, of
2. baadjie, gewysigde romp, hemsbloese en blousonne, of
3. baadjie, met gewysigde romp is die tweede groep die onpopulêrste met die eerste en die laaste omtrent gelyk.

Kommentaar uit voorkeuropname

In die kommentaar wat van die damespersoneel ontvang is, is verskeie sake geopper wat verdere ondersoek vereis het. 'n Paar van die belangrikste sake word hier toegelig:

1. 'n Nuwe leweransier

Onderhandelinge met ons huidige leweransier en drie ander firmas is gevoer. Die onderhandelinge met een van die firmas is egter met die skryf van die verslag nog nie afgehandel nie. Dit was vir ons egter gou duidelik dat tensy ons bereid is om meer vir die kleredrag te betaal geen alternatiewe leweransier 'n uitsonderlike beter diens kan lewer nie.

2. Beter of persoonlike passings

By alle firmas het dit duidelik na vore gekom dat persoonlike passings die prys per item

aansienlik verhoog. Ons het ook tot die besef gekom dat elke firma 'n afsonderlike beleid ten opsigte van passings toepas. Die een se 87cm passing sal 'n raps groter wees waar 'n ander op 'n presiese 87cm passing werk. Wat hulle wel kan waarborg was dat hulle konstant by die beleid bly. Die probleem is ook met ons huidige leweransier bespreek.

3. Moontlike veranderde styl van rokkie/baadjie

Een leweransier wat eenvormige drag vir 'n bougenootskap en die matrones van die Hospitaal dienste van die Provinsiale Administrasie voorsien, sê ondervinding het hom geleer dat geen rokpatroon alle figure pas nie en hy verkies om pakkies as uniform te voorsien. Die huidige styl van ons rokkie is egter 'n styl wat ongeveer 80% van alle figure sal pas omdat dit nie 'n definitiewe middellyn het nie. Onderhandelinge met ander firmas het ook getoon dat die rokkie behoue moet bly en dat die baadjie en die romp as alternatief vir diegene wat die rokkie nie kan dra nie, voorsien moet word.

4. Ander tipe materiaal

Kommentaar het gewissel van 'n meer kreukeltrae stof tot 'n totaal ander stof. Na al die onderhandelinge is ons nog steeds oortuig dat ons die beste tipe stof gekies het. 'n ander tipe stof wat ons ondersoek het, het 'n onbetaalbaar duur baadjie opgelewer wat nie oorweeg kan word nie. Volgens al die leweransiers is geen stof (uitgesonder crimpelene) 100% kreukeltraag nie en moet alle sintetiese stowwe met sorg gewas word.

5. Goedkoper

Goedkoper kleredrag as wat nou beskikbaar is, is nie bekombaar nie tensy daar van 'n goedkoper en dus swakker tipe stof gebruik gemaak word. Een van die firmas wat bereid was om die baadjie in 'n ander tipe stof te lewer, die voorraad te dra en 'n verstellingsdiens teen die gewone tariewe te lewer se kwotasie was R6,00 meer as die huidige prys. Ons basiese probleem is dat die getal dames wat ons van kleredrag moet voorsien baie minder is as bv. die hospitaalmatrones of bankpersoneel. Gevolglik moet ons met firmas werk wat bereid is om 'n klein bestelling teen hulle gewone pryse te lewer en almal is nie bereid om dit te doen nie.



Kommentaar op die uitrusting wat op sig voorgelê is

Die donkerblou uitrusting wat u almal onlangs besigtig het, is in die algemeen as mooi beskou. Ons moet egter ingedagte hou dat so 'n ontwerp nie die moontlikheid bied dat dames bv. die baadjie oor een van hulle eie rokke kan dra nie, soos wat tans die geval met die huidige baadjie is nie. Indien op so 'n uitrusting besluit word, sal u tevrede moet wees om vir ongeveer twee jaar elke dag dieselfde klere te dra, en om dit slegs met 'n bloese of serp af te wissel. Miskien kan ons erken dat dit nie so 'n aange-name vooruitsig is nie.

Verder kan baie van die damespersoneel se huidige uitrustings nog twee seisoene of langer hou, en sal hulle nie makalik oorreed word om 'n nuwe uitrusting (of selfs twee daarvan vir wasdag-afwisseling) van ongeveer R80,00 aan te skaf nie.

Dié uitrusting blyk dus nog nie die ideale werksdrag te wees nie.

Vooruitsigte vir 'n gewysigde ontwerp

Daar word met dieselfde firma wat bogenoemde uitrusting op sig voorgelê het, onderhandel om ons huidige ontwerp te wysig, met die vooruitsig dat dit 'n beter passing sal afgee en die voorkoms 'n bietjie sal verander. Die roomkleur sal behoue bly, maar op aanbeveling van die ontwerper sal 'n ander, dunner en duurder stof gebruik word. U kan dus verwag dat die nuwe uitrusting ietwat duurder sal wees.

Sodra die stel gereed is, sal dit aan u vertoon word. Indien dit byval vind en dit werklik 'n verbetering op die huidige drag is, sal daar besluit word of ons die huidige drag daarmee sal vervang. Daar sal, soos met die eerste keer, 'n pasreeks gemaak word vir die groottes 32 - 40. (In sommige gevalle kan materiaal en 'n patroon aan dames voorsien word om hul uitrusting self te maak.)

Hierdie nuwe uitrusting sal nie drasties verskil van die huidige nie. Dames sal gevolglik kan voortgaan om die huidige klere drag te dra tot-dat hulle nuwe items wil aanskaf. Dié oorskakeling sal dus geleidelik en onopsigtelik verloop en behoort die gebruikers nie te verwar nie. Ons moet in gedagte hou dat eenvormige klere drag ingestel is sodat gebruikers die biblioteek-personeel kan identifiseer. Die afgelope twee jaar se ondervinding het bewys gelever dat hierdie doelstelling inderdaad belangrik is.

KLEREDRAGKOMITEE

Kortliks &

Ten Slotte

BIBLIOTEEKSKAKELING

Professor E D Gerrys het vanaf 1 - 5 Februarie besoek afgelê by die Universiteite van Kaapstad, Stellenbosch en Port Elizabeth se Musiekbiblioteke.

HYSBAKKE

Alle probleme met hysbakke moet aan die Afdeling Algemene Administrasie rapporteer word wat die nodige reëlins sal tref vir herstel. Onder geen omstandighede mag personeel van die Biblioteek met die Teg-niese Afdeling van die Universiteit self skakel in die verband nie. Na-ure is die persoon in beheer verantwoordelik daarvoor.

Geweefde Bokhaarlappies

Almal weet dat meneer Otto se huis aansienlik vergroot is met die bouprojekte wat hy deurgevoer het.

'n Spesiale weefkamer is ook aangebou en indien u belangstel kan u by hom bestellings vir weefwerk plaas. Voorbeelde van die lappies sal gedurende teepouse in die teekamer te sien wees.



Dr Tamal Trichardt
Beplanning 1/2/79



Mej Andrea Bosman
Tydskrifadministrasie
1/2/79

**W
E
L
K
O
M**



Mej Wanda von Wielligh
Tiksters 1/2/79



Mej Helena Struwig
Interbiblioteeklenings
1/2/79



Mej Elmarie van der Merwe
Vakbibliotekarisassistent
3de vloer 1/2/79



Mej Zanne Joubert
Toonbank 1/2/79



Mev Amanda Viljoen
Toonbank 1/2/79



Mnr Jan du Raan
Reprografiese dienste
1/2/79




Mej Esther Müller
Tiksters 1/2/79



Mev Lucia Smith
Seksie Boekbestellings
1/2/79


**W
E
L
K
O
M**



Biblioteekoriëntering vir
eerstejaarstudente

AKTIWITEITE

Tydskrifherorganisasie
in die kelder



SASDI-Opleiding vir vak-
referente by die WNNR.
Afgeneem saam met kursus-
leiers



Mej Wilma Shipman
Interbiblioteeklenings
28/2/79



Mr J Smit
Medies 28/2/79



Mev Susna Höll
Interbiblioteeklenings
28/2/79

TOTSIENS



Mev Susara van Wyk
Ontsluiting 28/2/79



Mev Alida van der Watt
Medies 28/2/79



BIBLIKASIE

U. P. - Biblioteekdiens

nuusblad

Maart

1979



JAARVERSLAG 1978 - ONS KYK TERUG EN VORENTOE

Op Woensdag 28 Maart het ons verslag vir 1978 voor die Biblioteekkomitee gedien. Benewens insiggewende besonderhede t.o.v. sowel die gebruik wat van die Biblioteekdiens gemaak is as die werksaamhede wat gedurende 1978 in die verskillende seksies, afdelings en takbiblioteke afgehandel is, kom verskeie sake aan die lig wat in die nabye toekoms ons ernstige aandag sal moet geniet. Ek noem slegs enkele daarvan.

Ten spyte van 'n mooi styging in die fondse wat vir 1978 aan ons toegestaan is (R852000 teenoor die R644000 in 1977), kon daar oor die afgelope paar jaar nie met die styging in boek- en tydskrifpryse tred gehou word nie. In die periode 1969 - 1976 is gemiddeld 14698 boeke per jaar aangekoop. Daarteenoor kon daar oor die afgelope twee jaar gemiddeld slegs 9180 boeke gekoop word. Indien hierdie tendens voortduur, kan ernstige leemtes in ons versameling ontstaan. Die vraag is of die Biblioteek se tradisionele begrotingsbenadering onder die veranderde omstandighede nog bevredigend is. Die Adjunk-direkteur (Ondersteuningsdienste), mnr W Duminy, sal in sy oorweging van die aangeleentheid o.a. die toepaslikheid van doelwitbegroting ondersoek.

Verder is dit duidelik dat die verwagte afplating in die aantal stukke, wat aan gebruikers uitgeleen en uitgereik word ingetree het. Die aantal gebruikers wat ons biblioteke besoek, neem egter nog steeds toe. Volgens tellerlesings het biblioteekbesoek aan die Merensky-biblioteek in 1978 met + 68 335 gestyg! (556 386 teenoor die 527 551 in 1977). In 1977 het die teller in sowel Maart as Augustus meer as 70 000 biblioteekbesoeke geregistreer. Verlede jaar was dit in Maart, Mei, Junie, Augustus en September die geval. Die implikasies daarvan vir die voorsiening van voldoende studie-sitplekke is voor-die-hand-liggend. Ons is dankbaar dat 138 addisionele sitplekke in 1978 in die Merensky-biblioteek geplaas kan word en dat goedkeuring reeds verleen is om ongeveer dieselfde aantal ook in 1979 addisioneel te voorsien.

Besonderhede oor die werksaamhede van die Seksie vir Interbiblioteeklenings is besonder insiggewend. Die toename van 45,40% in die aantal stukke wat per interbiblioteeklening aan ander biblioteke beskikbaar gestel is (14751 teenoor 10145 in 1977), is 'n aanduiding van die belangrikheid van UP se Biblioteekdiens vir die Suid-Afrikaanse biblioteekwese. Daarteenoor moet ons rekening hou met die toename van 47,64% in die aantal aanvrae wat onself aan ander biblioteke gerig het (10 065 teenoor 6817 in 1977).

Vakbibliotekaris se sal hulle self voortdurend moet vergewis van die omstandighede waaronder materiaal per interbiblioteeklening aangevra word en of dit in sommige gevalle nie dalk op onaanvaarbare leemtes in ons eie versameling dui nie.

Die jaar 1978 sal seker veral bekend staan as die jaar waarin die evaluering van die DOBIS-stelsel se ontsluitingsmodule afgehandel kan word. Daarmee het die indringende navorsing wat sedert ongeveer Oktober 1975 gedoen is sy resultate opgelewer. Die kroon is gespan toe die Biblioteekkomitee op 'n spesiale vergadering goedgekeur het dat 'n toetsinstallasie van DOBIS gedoen word. Indien die Direkteur (Biblioteekdiens) daarna tevrede is, kan voortgegaan word om die programpakket van die DOBIS-ontsluitingsstelsel aan te koop. Die fondse daarvoor is beskikbaar gestel.

Ek wens mnr Tönsing, mej Coertze, mev Visser, mej Venter en mev Stols sterkte toe waar hulle nou die uitdagings (waarskynlik ook frustrasies) wat so 'n toetsinstallasie oplewer, vir ons die hoof moet bied!

Ons is dankbaar vir 'n mooi terugskouing wat ons jaarverslag bied, maar ons mag helaas nie daarby bly staan nie - ons strek ons reeds uit na wat voor is!

dramadepartement

CHILDREN OF THE WOLF van John Peacock is die Honneursstudente van UP se Dramadepartement se eerste aanbieding van 1979. Hannes Horne is die regisseur en die werk word in Engels aangebied in Die Masker vanaf 6 tot 12 April. Dit is 'n sielkundige drama waarin geestelike - en liggaamlike aftakeling hoogty vier. 'n Tweeling, 'n suster en 'n broer, kry dit reg om hulle ouers, wat hulle sedert geboorte verwerp het, op hulle een-en-twintigste verjaardag weer bymekaar te bring. Hulle ken nie hulle kinders nie en aangesien die twee kinders hulle eie identiteit soek, begin die inkwisisie met verreikende gevolge.

Hierdie drama van John Peacock het 'n skokkende, verrassende slot en dit bied 'n uur en 'n half spanningsvolle en ontnugterende onthullings. John Peacock vra in die inleiding tot die drama dat die werk sonder 'n pouse aangebied moet word. Dit is hoe TUKKIES se Dramadepartement CHILDREN OF THE WOLF aandurf.

'n Teaterbelewenis wat geen teaterliefhebber mag misloop nie !

In 1973 het TRUK hierdie werk met groot sukses op die planke gebring in Pretoria en Johannesburg. 'n Drama wat aan elk van die drie spelers en die regisseur 'n geweldige uitdaging bied.

F C Snyman
Skakelbeampte/Produksiebestuurder



Ben Kruger, Pieter Brandt,
Carel Trichardt en Corné
Joubert

"NAG VAN LEGIO" word van 2 tot 5 April
by Wits opgevoer

VERJAARSDAE - APRIL

- 7 Mev J C H Fourie - Ontsluiting
- 7 Mej M Steyn - Beplanning en Ontwikkeling
- 8 Mev J M van Zyl - Vakbibliotekaris-assistent
- 10 Mej E Kotze - Tydskrifte
- 12 Mej A van Zyl - Tydskrifte
- 14 Mej M S van der Merwe - Bindery
- 20 Mev A J Korkie - Vakbibliotekaresse
- 21 Mnr V de V Otto - Leendienst
- 23 Mej A E J Roos - IBL
- 28 Mnr A van Rensburg - Bindery
- 29 Mev R van der Berg - Tydskrifte

The Peter-principle

The Principle assumes a constant quest for high performance. Hence people competent at their jobs are promoted so that they may do still better. Competence in each new position qualifies for promotion to the next, until each individual arrives at a job beyond his abilities and therefore no longer performs in a way that gains further promotion. This is his level of incompetence. Given two conditions, enough ranks in the hierarchy to provide promotions and enough time to move through them, all employees rise to and remain at their level of incompetence. This can be stated as Peter's Corollary: 'In time, every post tends to be occupied by an employee who is incompetent to carry out its duties.'

PUGH, D S, D J Hickson and
C R Hinings: WRITERS ON
ORGANIZATIONS. 2nd ed.
Penguin, 1973. p. 91

kuns

BATISS' FINEST EVER

Walter Battiss
Goodman Gallery
Hyde Square
Sandton

This is, I think, the finest Battiss exhibition we have ever seen.

After his illness he emerges rejuvenated, revitalised and re-energised and if this is "What the Tahitian sun does to one", as the title of one of his brilliant paintings suggests, then there should be a terrific exodus of some of our artists to the South Seas.

He has an amazing variety of techniques, each of which he exercises with complete mastery.

There are examples of commercial techniques or of that of the Old Masters and even one which he seems to have absorbed from his extensive study of Bushman calligraphic art.

His amazing control of medium is ever present and this is so apparent in the almost microscopic figures with which he crowds some of his drawings without ever transgressing composition or even overdrawing.

One might spend hours studying some of these pictures and deriving much interest in the amusing assessment of the always light-hearted and sometimes erotic antics of his models which somehow are never crude or offensive.

There is strange distortion but it is the regularised and disciplined distortion of Picasso or Chagall at their best. But make no mistake, this mature work is Battiss's own from beginning to end.

Of course his work is highly colourful and nearly always tremendous fun.

"Moorea from Tahiti", his "Panel of horses and flowers" (an inventive decoration) and the drawing in white on black paper of "Icarus has fallen" - all are remarkable examples of the work of this remarkable man.

Sometimes Battiss is not always prepared to seek unusual inspiration. An example of this is to be found in the simple, conventional study, "Twin Falls Hotel, Idaho", a highly competent work which he has carried out in chalk on ribbed paper.

In our enthusiasm for his drawing and painting we must not overlook the charming miniature South Sea dolls which he has carved in wood, not even the reproduction of the poster which advertises this exhibition.

H E Wilder
Rand Daily Mail
10 Maart 1979

OPINIONS ON HAPPINESS

Men have sought to explain the art and the meaning of happiness through all the centuries. Teachers, philosophers, poets and leaders of every age have tried to work out a simple formula for a happy and contented life. Regardless of the many ways in which they seek it, happiness is what all people want.

But what is happiness? It seems vastly different things to different people. One point, however, on which people in every age agree, is that happiness stems from a quality within ourselves: our way of thinking of life. No material success, no possessions or pleasure can make us happy, if the source of contentment is not within us.

John Burroughs thought that the secret of happiness was something to do, some congenial task. He realized how dependent his happiness was upon his work. It was not something to be sought, it was a state which must be induced. W. Beran Wolfe thought that if you observed a really happy man, you would find him busy building a dove-cote, educating his children, writing a book or growing his favourite flowers. William Ogdon said that the ingredients for happiness were so simple that they could be counted on the fingers of one hand. Happiness was to be busy making someone else happy. It was quiet, most easily achieved in moments of reflection and solitude. Youth should cultivate happiness that sprang from inward thoughts and emotions, furnishing their minds with interesting thoughts and ideas, for an empty mind grows bored and seeks pleasure as a substitute for happiness. The principle of happiness should not be dependent on things, but be part of a personality.

Happiness cannot be given to you by a government. You must find it yourself by seeking refinement rather than fashion, by living content with small means, by studying hard, thinking quietly, talking gently, acting frankly. Happiness is not something to be arranged officially, it cannot be handed out for the asking, it cannot be bought. Out of our own destiny and fulfilment we must make our own happiness.

Jaarblad 1968
Voortrekker Hoër-
skool, Boksburg




Leonie Vorster


Hiermee betuig ons ons innige meegevoel met mnr en mev Vorster met die afsterwe van hul dogter, Leonie. Sy was sedert 1 Februarie 1978 in die Seksie Makro-ontsluiting werksaam. Sy was vir ons almal 'n voorbeeld deur haar positiewe benadering tot die lewe en die lewensvreugde wat sy openbaar het.

TJOKKEBLOK

Het dit u ook al opgeval hoe die studente vanjaar die Merensky volsit? (Om nie van die treetjies voor die ingang te praat nie).



BIBLIKASIE het hieroor gaan gesels met die Senior Bibliotekaris (Leendiens) mnr Von B Otto. Dit is inderdaad so, het mnr Otto bevestig, die studente het sommer al met die intrapslag heel aan die begin van die akademiese jaar begin om die Biblioteek vol te sit. By tye lyk dit op die Grondverdieping of daar nie 'n enkele oop sitplek oor is nie. Gebruikers is al aangetref wat op die vloer gesit het. (Gelukkig maar dat ons leesareas volvloertapyte het!).



Dit is ook treffend dat die Biblioteek al vroeg soggens so vol beset is, en dat daar soveel gebruikers tydens die middagpouse daar bly.


Omdat die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling in die verlede ondersoek gedoen het oor die besetting van sitplekke, is mnr Peter Lor ook om kommentaar genader. Hy het die verkeer deur die biblioteek, soos gemeet deur die tellers by die verklikkerstelsel, vir die tydperk 15 Februarie tot 6 Maart 1979 met die ooreenstemmende tydperk verlede jaar vergelyk en gevind dat dit vanjaar slegs 2% hoër was as verlede jaar. Nogtans is die besetting beslis hoër, en duur die snitstye ook langer. Dit lyk dus asof die gebruikers langer tydperke in die biblioteek deurbring.




Verskeie redes kan hiervoor genoem word:

1. Dit is bloot 'n voortsetting van die styging in biblioteekbesoek wat al die afgelope paar jaar merkbaar is.
2. Dit is die uitwerking van die intensiewe biblioteek propaganda wat eerstejaars tydens hul oriënteringsweek ontvang.
3. Die hoër brandstofpryse bring mee dat dagstudente nie meer tussen klasse rondry nie, maar van hul eerste klas tot hul laaste klas van die dag op die kampus bly. 'n Gedeelte van die groep bring dan hul tyd in die Merensky deur.
4. Die studente neem, as gevolg van die moeiliker tye, hul studies ernstiger op.

Waarskynlik dra al vier die redes tot die verskynsel by - daar mag ook ander redes wees waarvan ons nie bewus is nie.



Wat maak die studente in die Biblioteek? Soos in die verlede, is daar 'n klompie wat gesels, rus, ontspan of slaap. Maar die oorgrote meerderheid is hard aan die werk. Moet ons daik dankbaar wees vir die hoër brandstofpryse?



Hoe dit ook al sy, die besetting van sitplekke word goed dopgehou. Binnekort sal 'n aantal adisionele sitplekke in verskillende leesareas ingeruim word om verligting te bied. Ook aan maatreëls vir die middel en lang termyn word in die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling aandag geskenk.

Artikel: P J Lor
Fotos: P D de Kock

jollifikasie

Vrydag 20 April is 'n groot-groot dag!
(Die dag waarop mens 'n heel jaar wag)
Dán is dit weer uitkaptyd
'n Aand van eet en GROOT jolyt!
Dis informeel, dis pret, en raai?
Ons gaan laat waai tot hanekraai.
'n Treetjie hier, 'n draaitjie daar"-
nou is ons almal deurmekaar.
Die tema"- ai, die tema ja
Wag nog 'n week voor jy weer vra.

Onthou nou tog die datum, nê.
Die koste sal ons later sê.
Jou drankies bring jy selwers mee
Van "Diet Sprite" tot KKW.



Die lewe is soos 'n toespraak; die inhoud is belangriker as die lengte

Jaarblad, 1968
Voortrekker Hoër-
skool, Boksburg

LUS VIR LEES?

Reg. O Pearse ·
Mountain Splendour

968:581

"The mountain flowers of the Drakensberg - many seldom seen by die human eyes - are now presented to the world in this super book by Reg Pearse, famous educationalist, author and photographer" - Minister P.G.J. Koornhof.

Mountain Splendour is die natuurlike vervolg op Barrier of Soears. Waar laasgenoemde die spanningsvolle vernale van die Drakensberg en sy pieke beskryf; word in hierdie kleurvolle kunswerk die asemrowende skoonheid van al die veldblomme van die Drakensberg weergegee. 'n Seleksie van materiaal deur 'n ervare bergklimmer en natuurliefhebber oor 'n tydperk van vyftig jaar versamel, maak hierdie 'n omvattende werk.

Die boek vertel die verhaal rondom elkeen van die delikate blomme- die oorlewingstryd teen die onherbergsame en soms sneeubedekte hange van die Drakensberg, hul plek in die Zoeloe-Kultuur en medisinale gebruik.

Met hierdie boek wil die skrywer 'n diepgaande belangstelling in ons bergflora kweek en die noodsaaklikheid van die beskerming daarvan beklemtoon.

Dit is in 'n maklike styl geskryf en geïllustreer met vier-honderd volkleurfoto's.

Mountain Splendour sal na aan die hart lê van elke bergklimmer, natuurliefhebber en sommer almal wat lief is vir mooi dinge.

Some occupational diseases of the librarian:
III
Lanolitis

A disease that sometimes disrupts a department when one of its members succumbs may be called Lanolitis, or wool-gathering. It is often due to the eruption during working hours of thoughts about things outside the library; but, whatever its cause, its symptoms are unmistakable and easily recognisable.

There is a sudden but unconscious cessation of work, the head is tilted slightly upward, sounds make no impression on the ear, and the eye assumes a glassy look. The assistant is in this world but not of it. This state is hardly to be distinguished, except for the fixed stare, from somnolence, and in severe cases, particularly those induced by love, it becomes a lethargy and descends by slow degrees to a state hardly distinguishable from coma. Even specialists disagree as to the most efficacious treatment.

- Of, by and for librarians,
by J D Marshall

The growth of mental activities is independent of formal teaching ... From the development of a latent psychological energy comes the inner life. This private, hidden, not-to-be shared, undemocratic thing ... remains the source of all originality, of all greatness.

It permits the individual to retain his personality, his poise and the stability of his nervous system in the confusion of the modern world.

- Alexis Carrel,
Man the Unknown

uit die afdelings

TYDSKRIFTE

... DIE SLAAF SE LIED

*Die bodes stap aan met die trollies,
geduldig, gedienstig, gedwee
Ons draf tussen die rakke al soekend en roepend
en kondig 'n vonds aan met groot geskree.*

*En stille al sluipend en groetend
kom mnr Duminy na ons welstand verneem
Ons antwoord met gekners van die tande
en groot geweën.*

*Dan praat hy en Anne ons weer moed in
want dié het al heel laag gesak.
En singend en juigend soek ons en pak ons
die laaste gebinde band op die rak.*

DIE KELDER IS KLAAR

Die kelder is klaar, die kelder is klaar!
Vrydag 16 Maart om 4nm sowaar.
Met harte wat juig en voete wag sug
Geniet ons nou weer LG se lug

Ons wil graag die volgende Dankies stuur:
Aan Aanskaf wat ons telefoon moes verduur
Aan Geraldine en JC en Buitemuurs se Piet
en almal wat gedeel het in ons verdriet.
Vir die lekkers, en "sterkte" en "simpatie"
Julle weet net nie hoe waardeer ons dit nie.

En laastens wil ons aan die bodes sê:
Kea leboga ka mosebetsi

BOEKBESTELLINGS

Aangesien mev Marië Rautenbach nie so goed kan loop nie, het sy besluit om te probeer vlieg en het belê in 'n outomatiese model Colt. Haar eerste vereiste was 'n ooglopende kleur en 'n goeie harde toeter sodat almal betyds gewaarsku kan word as sy in die toekoms genoeg selfvertroue kan bymekaarskraap om werk toe te ry. Sy begin nou al 'n lysie maak van dapper vriende wat bereid sal wees om saam met haar in die kar te klim.

BINDERY

Dit het al 'n gesegde geword dat die Bindery personeel van motors verander soos ander mense van uitrustings verander. Om die gesegde gestand te doen het mnr J Luus die trotse besitter van 'n wit BMW geword.

Mnr C Buys het 'n huis in Hatfield gekoop wat hy die einde van Maart betrek.

Mnr A van Rensburg verhuis ook, vanaf die Jeugtuiste na 'n woonstel. "André, het jy trouplanne?"

Deesdae is die onderwerp die herrangskik van die Kelder en terwyl die Bindery personeel van die ou boeke en tydskrifte hersteel en herbind, ontspan mnr D Hughes op Durban se strand.

LEENDIENSTE

Toonbank

Hier was dit die afgelope maand besonder bedrywig, maar ons is redelik op datum. Dankie span. Dit is lekker om saam te werk.

Baie welkom aan mej Adri le Roux. Ons sien jy skakel goed in en vertrou dat jy die werk sal geniet.

Voorgraads

Hier is dit net so bedrywig. Die Huishoudkunde projek is nog nie heeltemal voltooi nie, maar na afhandeling het ons alle vertroue dat die nuwe stelsel 'n sukses sal wees. Neem asseblief kennis dat die Huishoudkunde-stukke voortaan onder die naam van die dosent gereserveer word in plaas van die onderwerp en word in blou kassies onder die toonbank gebêre.

Reproduksies

Die studente is baie bedrywig met die maak van fotostate en die personeel kry skaars tyd om asem te skep.

Interbiblioteeklenings

Baie welkom aan mej Randi Pretorius. Van die staanspoor af moes sy baie hard werk en ons is baie dankbaar daarvoor.

Siekte

Die volgende persone word sterkte en beterskap toegewens:

Mej Magriet Bruyns wat 'n operasie gehad het. Alles van die beste en ons hoop ons sien jou gou.


Mev Hanneljie Erlank se man en dogter het albei operasies gehad; sterkte met die nasorgwerk, Hanneljie!

Gelukwensings

Mej Helene Struwig het een-en-twintig jaar geword. Baie hartlik geluk, dis net eenmaal in mens se lewe dat jy mondig word!


Baie, baie geluk aan mev Mara Grobbelaar met die nuwe dogtertjie. Mag sy tot groot vreugde in die huis wees. Intussen ons hartelike dank aan mev Amanda Viljoen wat Mara se plek volstaan by Katalogusadvies.

biblioteekverbruikers



VAKBIBLIOKARISSTELSEL

Om mooi op dreef te wees bly 'n onoortreflike ervaring - so gerusstellend soos die geskree van besies op 'n somersmiddag.



Tussen die ander werksaamhede deur is al wat profiel is van naderby bekyk. Dit is nie die estetiese, van die kant soort nie, maar wel die wat aan die rekenaar gevoer word. Die resultate is met belangstelling ontvang en nou word daar geskaaf en geskuur om die "lyfies" dunner of dikker te kry vir die volgende probeerslag.

Ons plaaslike verkeersdepartement sit droë-bek en toekyk elke keer as Alida Dippenaar so loshande deur die klankgrens bars. Skaam jy jou nie?

Christel van Waesberghe (gewese vakbibliotekaris faam) het ons uitgeboul met 'n agt pond dogter, by name Laetitia Marga.

Aan diegene wat hul geld op die verkeerde perd gesit het: Vakbibliotekaris behoort nie te dobbel nie.

Gebruiker: Ek wil asseblief iets oor Kitsch weet.

A. Momberg: Wie was hy? (Algaande leert men)

UIT AFRICANA

Hoe lyk dit met so 'n byderwetse gebreide sakkie vir die komende winterseisoen?

Die patroon is geneem uit Die Boerevrou, Maart 1921 en het bekend gestaan as:

"Tasje, Broodzakje, ook Poppenachtzak"

Vluggeren zetten 30 steken op.

1ste TOER: Rechts, laatste steek averechts los af.

2de TOER: 1ste steek rechts ... (voltooi in aweregs)


3de TOER: Als eerste.

4de TOER: Als tweede, enz. Zó wordt doorgebreid tot 't stukje een vierkant lang is ... Nu is de helft van 't eigenlike zakje klaar. De andere helft is ook 'n vierkant en wordt presies zo gewerkt als de eerste. Er tussenin zit 'n ribbetje, dat uit 2 toeren geheel rechts bestaat.

Nu volgt de KLEP. 1 steek rechts, rechts los af, 1 st. rechts en dan de 2de steek over de 3de heen halen, zó dat de voorste lus over de 3de st. komt. Nu zijn er van 3 st. 2 st. gemaakt, dus 1 st. is er geminderd ... (voltooi verder).

Een draad late men aan't werk blijven voor't maken van de trens, dié ... kan gemaakt worden met de knoopgatsteek.

Voordat de klep wordt begonnen, moet men niet vergeten weer 't bekende ribbetje van 2 st. rechts te laten breien.



Volle instruksies asook die res van die patroon kan in Africana geraadpleeg word. Daar is die belofte dat "ook volwassenes kunnen met enig oordeel en versiering er alles von maken".

ONTSLUITING

Impressums uit die Sewentiende- en Agtiende Eeu

- De Villiers versameling

T'Amsterdam,
"By Iohannes Colom, Boeck-verkoper op den Dam in de Vuyrige Colom. Anno 1647. Met privilegie voor 15. Iaren."

Tot Leyden, by Pieter Vander Aa, Ordinaris Stads en Universiteits Drukker, mitsgaders Boek en Konstverkoper, woonende in de Academie. 1716.

Tot Utrecht, by Rudolph van Zyll Boeck-verkoper, wonende op de Ganse-marckt in de Palmboom, 1676. Met Privilegie.

Amsterdam, Jan Boom en Pieter van der Linde ...

satellietnuus

MUSIEK

Hierdie maand se aflewering kan gerus genoem word Vir ou mense en blikpense want daar is iets vir beide op die musiek spyskaart. Dit gaan naamlik, oor plate wat die orkesinstrumente van 'n simfonie-orkes toelig.

Vir die "blikpense" het Prokofiev die musiek gekomponeer vir Pieter en die wolf. Die verskillende instrumente van die orkes beeld die verskillende karakters in die storie uit. Peter word vertolk deur die strykers; die wolf is drie horing; die fluit is 'n voël; die klarinet 'n kat, ens.

Saint Saëns het weer op sy beurt Die karnival van die diere (Les Carnaval des animaux) gekomponeer. Verskillende diere word deur die orkes uitgebeeld. Oor elke dier word daar ook 'n vers voorgedra.

elephants are useful friends
equipped with handles at both ends
they have a wrinkled mothproof hide
their teeth are upside down - outside
if you think the elephant proposterous
you have never seen a rhinoceros

Benjamin Britten se Young person's guide to the orchestra, op 34 is in 1964 gekomponeer. Die vier hoofafdelings van die orkes word uitgebeeld. Daarna volg variasies wat deur verskeie instrumente vertolk word waardeur die karakter van die instrument uitgebeeld word.

Volwassenes kan met vrug luister na David Randolph se Instruments of the orchestra. Die strykers, houtblasers, koperblasers en slaginstrumente word behandel.

Yehudi Menuhin het 'n soortgelyke stel plate uitgegee. Ook met die titel Instruments of the orchestra no 1 - 4

Kom luister gerus na hierdie plate in die musiekbiblioteek.

MEDIES

Hier by Medies kyk die gebruikers tevergeefs rond op soek na 'n bekende gesig, ons het twee splinternuwes op die personeel, baie welkom aan mej Leonie Botha en mnr Pieter Greyling. Laasgenoemde moet die "nagdiens" doen. Mej Annie Pienaar is dankbaar dat mej Sophia Möller nog by ons is, anders was die personeel-omset vanaf haar koms niernatoe honderd persent ...

Mej Sophia Möller het aan die Gimnastrada op die skouterrein deelgeneem - 'n goeie voorbeeld vir ons ander boekwurms.

In die H F Verwoerd Hospitaal se nuusbrief het hierdie "goeie"? raad verskyn:-

"Alcohol is a wonderful stain remover. It removes stains from winter and summer materials. It also removes furniture, homes and cars. As well as carpets, beds, your family, your wife and children. It removes your judgement, your ability to think, it removes your friends, your clothes, your shoes and even your good name and even your job. And if used too much, it even removes yourself.

Try it, why not? After all it is an excellent remover".

Moenie sê dat ons hier by Medies julle nie gewaarsku het nie !

BUITEMUURS

Na 'n tydperk van stilte het daar meteens weer lewe gekom by Buitemuurs. Die feit dat die jaar vinniger loop as wat 'n mens besef, het die erns van skouer aan die wiel sit met die studies, seker sterker by die studente tuisgebring as enigiets anders. Die spanning van student te wees en nog daaglik te arbei om liggaam en siel in stand te hou, is reeds merkbaar op sommige gesigte, al word daar getrag om dit te versteek agter 'n gedwonge glimlaggie of skyn van vriendelikheid.

Selfs ons skoonheid in ons midde wat gedurende die eerste twee maande van die jaar nog skotig kon voort peusel aan die alledaagse takies, kom tans onder druk, maar met die rustige oriëntering van die eerste twee maande, kwyd sy haar goed van haar pligte.


Dit is egter met leedwese dat ons bekend maak dat een van ons ou staatmakers in die persoon van mnr Schwartz, se gesondheid 'n knak gekry het, en hy tans met siekverlof is. Ons vertrou dat hy met die voorgeskrewe behandeling volkome sal herstel.

Ons ander personeellid, mnr Lourens, is weer groot skade berokken, in die omgewing van R200, deur die diefstal van die instrumentpaneel van sy motorfiets, terwyl dit by UP geparkeer was tydens bywoning van lesings.

Met die nuwe opset wat by Buitemuurs teweeggebring is, verloop die werksaamhede en dienste egter nog glad en is ons baie gelukkig dat daar geen noemenswaardige probleme ondervind word nie.

Met groete uit die middestad.

KLINIKALA



Nuwe voornemens, hernude werkywer, toekomsverwagting en dan natuurlik veranderinge (goed of kwaad) is alles noodwendige kenmerke van die nuwe jaar.

Die Klinikala Biblioteek moes ook noodgedwonge onderwerp word aan sommige veranderinge, een waarvan die bedanking van mnr Bosch en my aanstelling in sy plek 'n deel gevorm het.

Saam met die nuwe jaar was daar dus ook nuwe werksomstandighede, nuwe gesigte, nuwe ontdekkings; en een belangrike ontdekking wat ek doen het was dat weinig van die persone wat ek ontmoet het wel weet waar die Klinikala Biblioteek is. Meer wil ek nie hieroor uitwei nie, maar vergun my die ruimte en die geleentheid om u deur middel van 'n elementêre padkaart nader te laat kennis maak met ons Klinikala Biblioteek.

Groetnis
(mev) W E Vorster
Klinikala Biblioteek

terloops

GESKENKMATERIAAL AAN MERENSKY

Mev Rautenbach se versoek aan almal wat geskenkmateriaal aan haar deurstuur: Heg asseblief 'n nota daaraan met naam van skenker en ook die naam van die persoon wat dit aan haar stuur met 'n opdrag indien moontlik. So kan die onnodige verspilling van tyd uitgeskakel word wanneer mens Sherlock Holmes moet speel.

Dis in elk geval 'n goeie idee om jou naam te teken by alle notas wat in die biblioteek sirkuleer.

LANDBOU



Die Landboufakulteit is vanjaar twee-en-sestig jaar oud. Sedert 1974 is die fakulteit by die Universiteit ingelyf.

Mev Alet Fisher is sedert Oktober 1974 verbonde aan die biblioteek en mej Jeanetta du Preez sedert Januarie 1976. Andries, die bode het al dertien jaar diens by die biblioteek. Hy het gewerk onder mnr Willem van Rooy, mnr Ezra Koornhof en mej Annelize Zietsman (nou mev Malan).

In die Landboubiblioteek is boeke en tydskrifte wat al die vakke van die landbouwetenskappe dek, asook die vakversamelings van Entomologie en Genetika. Die mingebruikte voorraad boeke van Merensky word in 'n aparte kamer gehuisves.

In 1978 was die nagraadse studentegetalle vir M. Sc en D. Sc onderskeidelik 40 en 69.

Die personeel van die Landboubiblioteek is ingeskakel by die Noodhulpkomitee van die Burgerlike beskerming by landbou se blok en gevolglik word 'n noodhulpkursus in die vooruit gestel.

Ons groet vanaf die oos-kampus.

TYD RUIMTE EN SAMELEWING

A L Kotzee
HANDHAAF
Julie 1976

'n Mens sal 'n hele volume kan skryf oor die begrippe tyd en ruimte. Maar dit sou ons te ver in die wêreld van die filosofie neem. Laat ons veel liever 'n prentjie skilder oor wat besig is om met tyd en ruimte te gebeur.

Die mens is besig om die tyd te oorwin. Daar word al meer in al minder tyd verrig. As ons die tyd waaroor daar redelike aantekeninge in die geskiedenis oor die mens bestaan, soos 'n konsertina saamdruk tot vyftig jaar, dan het die mens gedurende die eerste veertig jaar in grotte gebly. Dan is dit maar vyf jaar gelede dat hy leer skryf het met sy eerste pogings met die spykerskrif.

Dan is Christus maar twee jaar gelede gebore, ses maande gelede is die drukkuns uitgevind, drie weke gelede elektrisiteit, verlede nag die radio, vanoggend televisie, 'n uur gelede is die atoom gekloof, 'n paar minute gelede het die eerste mens 'n nuwe hart gekry en 'n paar sekondes gelede is 'n tweede hart in een persoon oorplant.

Op dieselfde wyse is die mens besig om die ruimte te oorwin. Veronderstel dat in die tyd toe die mens nog net te voet geloop het die aarde 'n sfeer met sê 'n drie meter deursnee was, wat as dit in 'n kamer was, dit net die plafon sou raak. Toe die mens op perde en esels begin ry het, het die aarde na twee meter gekrimp, die wiel het hom na een meter laat krimp, die motor na 'n halwe meter. Die vliegtuig laat hom lyk soos 'n tennisbal, die satelliete laat hom lyk soos 'n ertjiekorrel en die maantuig het van hom 'n speldekop gemaak.¹⁾

En wat gebeur intussen in die samelewing veral gesien uit die oogpunt van 'n kind? Neem die geval van Susan. Haar vader is 'n vegetariër, en 'n afskaffer van tabak en sterk drank. Hy glo dat die vrou se plek in die huis is en dat iona dogters nie mag rook en drink nie.

Haar moeder is 'n pasifis wat weier om aan die samelewing deel te neem en is 'n student van die Oosterse filosofie en jogiisme. Haar oudste broer is 'n ingenieur wat alle kuns verag, die eksaktheid van die Wiskunde verheerlik en glo dat die Wetenskap die wêreld sal red.

Haar tante is 'n student van die Sielkunde wat haar gesondheid ruïneer met die wetenskaplike uitskakeling van slaap. Haar oudste suster weier om te trou, glo dat alle tale vervang moet word deur een taal Esperanto, terwyl sy heimlik aan "womens' lib" behoort en haar oom is 'n toegewyde bioloog wat glo dat die mens van die ape afstam. Watter een van hulle gaan die kind nou wees? ²⁾

- 1) 'n Verwerking van 'n vergelyking deur Sir John Maud.
- 2) 'n Verwerking van 'n siening van Margaret Mead.



Husbands! are you hassled? Read this³⁾

Following is a copy of the very latest "chain letter" which has been circulating in the Newcastle districts:-

"The Eastern United Air Service. The luck of this code has been passed on to you. This chain letter was started by a man like yourself in the hope of bringing relief to hassled husbands. Unlike most chain letters, this does not require money. Simply send a copy of this letter within 12 hours to four of your married friends who are equally hassled. Then bundle up your wife in preparation for a person who will call for her in two days' time. Two days after your wife has been collected you will receive 273 women -- and some of them are real dandies! Have faith. Do not break the chain. One man who broke it got his own wife back. A man who received 156 women a month ago died last week. When he was buried everyone said that he had a smile on his face for the first time in years.

Remember. Do not break the chain."


Natal Witness. Oct. 1954



fotoblad



Mej L Botha
Medies 1/3/79



Mnr P H Greyling
Medies 1/3/79

welkom



Mej P A le Roux
Toonbank 1/3/79



Mej A E J Roos
IBL 1/3/79



Mej M J Pretorius
IBL 1/3/79



totsiens

Mnr J C Taljaard
Reprografiese dienste
1/3/79



Mev H M Potgieter
Tiksters 31/3/79

BIBLIKASIE



INLICHTING: Steeds van kardinale belang

Daar kan met reg verklaar word dat die Credo van die biblioteekwese, nl. die regte boek aan die regte leser op die regte tyd vandag vrywel verander het na die regte inligting so spoedig moontlik aan die regte persoon. Die eise van die moderne samelewing laat net nie toe dat gebruikers rustig kan wag totdat die regte inligting eendag aan hulle voorsien word nie - alles moet binne die kortste moontlike tyd geskied. Hierdie rol van inligtingsverskaffing is nie net die Universiteits- en Spesiale biblioteke beskore nie, ook die Openbare biblioteek kan 'n belangrike rol in dié verband speel. Daarom dat die biblioteekwese in sy geheel gedurig die mark moet verken vir hulpmiddele wat gebruik kan word ter uitbouing en verbetering van inligtingsverskaffing. Reprografiese aparate, rekenariserings projekte, telekommunikasiefasiliteite soos telefoon en teleks is maar enkele voorbeelde van die gebruik wat reeds gemaak word van die tegnologie in diens van die biblioteek.

Nieteenstaande al die ontwikkelinge op die tegnologiese gebied moet dit steeds in gedagte gehou word dat die bibliotekaris se uiteindelijke doel, die behoeftebevrediging van die mens is, en dat elke mens 'n individu met 'n eie siening van sake is. Hierdie feit stel dikwels hoë eise aan die diskresie van die bibliotekaris. 'n Eenvoudige voorbeeld wat werklik gebeur het illustreer hierdie stelling.

'n Paar weke gelede is 'n skrywer van 'n gebruiker ontvang waarin beswaar gemaak word dat 'n boek wat deur ons as 'n ou bron gedefinieer is, nie vrylik uitgeneem mag word nie - nieteenstaande die feit dat daar 'n faksimilee-uitgawe van dieselfde boek wel vir uitleendoeleindes beskikbaar is. Pas die afgelope week is 'n skrywer van 'n ander gebruiker ontvang wat op haar beurt uiters bekommerd is dat ou bronne so vrylik toeganklik is vir alle gebruikers en verscek sy dat die bronne weggesluit moet word en slegs by uitsondering en onder toesig gebruik mag word.

In sy rol as inligtingsverskaffer het die bibliotekaris egter nie altyd 'n vry hand nie - daar is ook beperkinge wat van buite op hom gelê word. Die wet op outeursreg en veral die wet op publikasies en op binnelandse veiligheid is van die belangrikste wette wat in sekere gevalle die taak van die bibliotekaris kan bemoeilik. Die regulasies betreffende die toepassing van die wet op publikasies in soverre dit biblioteke raak, is nog nie heeltemal gefinaliseer nie. Sodra dit egter beskikbaar gestel word sal die personeel van hierdie biblioteekdiens daarvan in kennis gestel word.

Mnr W W Duminy

Liefste Ma---

14 Januarie

... Ons het vanaf die stasie met busse gery en ons het die heel pad gesing. Dit was nogal lekker. Toe ons hier by die kamo kom moes ons in rye aantree en ons is in groepe ingedeel. Ons is gelukkig almal in een bungalow.


26 Januarie

... Ma, ek het vandag ma se brief gekry. Baie dankie. Dis een van die highlights van die Navy om briewe te kry!

... Hier tjop ons ook maar af, maar dis darem nie te bad nie. As die AB's met ons praat dan noem hulle ons "gentlemen". Bv. "Gentlemen !!! You are not marching properly !!! Do you see that fence over there, gentlemen ??!!! Run, gentlemen!!" (na twee treë) "Come back, gentlemen !!!" (die volgende oomblik) "Run gentlemen!!" (na drie treë) "Come back, gentlemen !! You are walking, aren't you?!! (ons) "YES, AB !!!" (die AB) "Then fly, gentlemen, fly !!!"

... Heng, ons word honger! Al hierdie rondhardlopery en marchery maak mens vreeslik honger! Dan is daar nie eers 'n yskas of broodblik waarheen mens kan stap en 'n lekker snack maak nie. Geniet sulke dinge, Willem. Jy gaan dit ook nog eendag mis. 'n Mens mis allerhande klein goedjies, soos 'n bed om in neer te sak, want mens mag hier net oor naweke op die beddens lê. Maar ek mis my mense die meeste. Ek moet na drie mense verlang en julle verlang net na een. Dit maak nogal 'n verskil.

Ek het ongelukkig nie 'n kamera om fotos van my te neem nie. Daarom sal ek vir julle 'n penskets maak.



27 Januarie

... Ons hoef nie self ons klere te was nie, maar ons kry dit klam terug. Die strykery maak my mal. Dit van my ± 'n uur om 'n sakdoek te stryk. Na drie maande se strykery kan ek maar werk soek as 'n strykousie wanneer ek uit die Navy kom ...

... Weet Ma waarvoor ek lus is? Ek is lus om saam met Ma-hulle om die eetkamertafel te sit, van Ma se kos te eet, en met Ma-hulle te gesels.

1 Februarie

... Heng, dit gaan bos vanaand! Dis skoene polish, stryk, vloere was, uitvee, mure was, ligte skocn-maak, handvatsels, krane en pype brasso, kaste rangskik, kouse "square", skoensole "bone", beddens byt, lakens stryk, plafonne verf, asblikke shine, vensters shine en sing. Mōre is dit Captain's Rounds. Daarom moet alles perfek wees. ... Alles in ons kaste moet ook vierkantig wees.

7 Februarie

... Vandag het ons begin met geweerdriël. Dis nogal erg, want 7 lb 13 onse word binne tien minute 7 tot 18 lb., veral as mens "high port arms" moet draf, en dit doen mens elke dag.



17 Februarie

... Die passing-out parade is die 30e Maart. Ma moet laat weet wanneer ma afkom en waar ma gaan bly. Dit gaan baie indrukwekkend wees en ek march in die 7e squad.

... As ma-hulle my sien moet nie skree: HAAI JANNES ! HIER'S ONS ! HALLO !!" nie. Ek sal sommer terug skree: "HAAI MA !! HALLO !! Ek kom nou !!" Dan sal hulle my sommer in die DB smyt. Sowaar, ek sal sommer uit my eie uit skree, so moet nie my aandag probeer trek nie. Hey nooit ! Dit sal 'n gemors afgee.

... Heng dis besig hier in die week! Ons het amper nie tyd om asem te haal nie. Elke oggend staan ons half vyf op, dan maak jy bed op, en stryk hom tot hy vierkantig is. Dan moet jy nog skeer tot jou vel so glad is soos 'n baba se boudjie en dit is 'n proses wat baie geduld verg. Dan eet en dan die slaapsaal skoon kry, wat 'n full-time job is as gevolg van die fyn stof. Dan gaan oefen ons vir die parade, dan opleiding en so gaan dit aan vir die hele dag.

1 Maart

... Die parade gaan heel aanskoulik wees. Dit sal fab wees as ons ons icecream suites aan het.

Ek het amper nou die dae begin lag op die parade-
grond toe ons oefen om te bid. Die chieft staan
daar voor dan sê hy "KOOHOOOM (kom) laat ons
LEEEES EEN BID !! - (Juk, - tweep, driep, juk!)
Op die eerste "juk" moet ons ons oëte gryp
en die tweede "juk" moet ons dit afpluk en teen
ons bors vasdruk. As die dominee sê "kom laat
ons bid," moet almal se koppe gelyk val, en as
hy sê "Amen" dan juk - tweep, driep, juk,
tweep, driep, juk.

(juk no. 1 - kop op

juk no. 2 - pet on

juk no. 3 - arms agter die rug).

Dis alles goed en wel om dit nou alles gelyk te
kry, maar toe sê die chieft: "AAAA-HAAAAAMEN !
Herstel ! AAAA-HAAAAAMEN ! Herstel ! Ek wil hê
dat hulle koppe gelyk moet opkom ! AAAA-HAAAAAMEN !!
Juk - tweep, driep, juk tweep, driep, juk !

Ek het gestoei om daai smile van my gesig af te
kry. Waar wil jy 'n dominee kry wat skreeu:
"AAAA-HAAAAAMEN ! Herstel ! AAAA-HAAAAAMEN !"

27 Maart

... Oor vyf dae is ma HIER, HIER, HIER, !! Hey!

Teater

FAUST AND THE DIVINE COMEDY

This year's movement programme is to be a
double-bill: *Faust and The Divine Comedy*,
directed and choreographed by Anne Lawrance
as part of her doctoral thesis. Prof Lou
Odendaal will be collaborating in the more
experimental multi media presentation of
The Divine Comedy.

In *Faust* Anne Lawrance has taken the basic
legend of Faust which dates back to the his-
torical character who lived between ± 1480-1540
and drawn from both Marlowe's and Goethe's
plays as well as the Libretti of certain opera-
tic works on the same subject.

Briefly, the dance drama starts in heaven where
Mephistopheles persuades God to allow him to
try to win Faust's soul. We see Faust's search
for knowledge and power, Mephistopheles leads
him to the garden where he meets and seduces
Margaretha. After this, Faust joins in the
Witches Sabbath during which he sees a vision
of Margaretha in prison in the pain and suf-
fering his seduction has caused her, but he is
powerless to do anything about it.

The second romantic interlude is when Mephis-
topheles presents Faust with a vision of Helen
of Troy by whom he is so entranced that he says:
"Linger awhile, thou art so fair!" Naturally
this causes much rejoicing on the part of
Mephistopheles and his accompanying devils who
think they have won Faust's soul. But at the
eleventh hour, from the depths of despair,
Faust calls to God for forgiveness and his soul
is saved.

Faust and The Divine Comedy will be presented
at the Masker Theatre from 14 - 22 May with all
the senior graduate students of the Drama De-
partment taking part. The audience will be
seated on what is normally the stage and the
dance drama presented in the auditorium where
a fantastical spiral staircase leads to the
balcony so that all available space can be
utilised. The decor and costumes are designed
by Jeanette Ingham.

The music has been "created" by Anne Lawrance by
selecting various extracts of suitable music by
different composers and blended to form a dramatic
whole. Amongst all the music actually composed
for *Faust* Anne has used only one extract: from
Boito's opera *Mefistofeles* "The idea was to have
something new and original" says Anne, "and as
the cost of specifically commissioning a compo-
sition, having it orchestrated and recorded are
prohibitive, I have done the next best thing.
Of course, it took days and nights of listening
to all sorts of weird and wonderful music and
several trial selections and recordings of my
own before reaching the final 'composition'."

All in all *Faust and The Divine Comedy* promises
to be innovative, exciting and stimulating. As
seating is limited, be sure to book early.

Mnr F C Snyman
Departement Drama

Die Boekrak

LACY, E A: Handbook of Electrical Safety
Procedures
622.74

Somertyd is reëntyd en almal is maar skrikkerig
vir weerlig. In 'n boek wat onlangs ontvang is,
is daar praktiese raad oor hoe daar moet opgetree
word tydens elektriese storms.

Hier is 'n paar van die wenke: -

1. Bly binneshuis en moet nie na buite gaan
nie tensy dit absoluut onvermydelik is.
2. Vermy oop deure, vensters, stowe, metaalpype
en wasbakke.
3. Geen elektriese apparaat moet tydens 'n storm
gebruik word nie.
4. Moet nie die telefoon gebruik nie.
5. Bly in die motor. 'n Motor is baie veilig
tydens 'n storm.
6. Indien u buite verkeer vermy hoë strukture
en bome.

Braai- en leisfunksie

Die herfswindjie en -reëntjie het ons nie kon weghou van 'n heerlike "Amerikaanse" partytjie nie! Van alle oortollige energie is ontslae geraak en die sorge het beslis tuisgebly. Die Sosiale klub het voorwaar vir 'n genotvolle aand gesorg vir oud en jonk. Vir almal wat so hard gewerk het sê ons baie, baie dankie.

merensky-nuus

Tydskrifadm.

Die enigste nuus wat ons die maand het is dat Pieter en Hester 'n dogter het. Ons ander se nuus is kort en vol krag. Kyk net wat het ons weer vermag.

Ons het "party" geskop
En gedans en gehop.
Ons het gekou aan 'n tjop.
En wyn gedrink- dop na dop.

Ons het gewielie en gewalie
en gerondomtalie
Ons het gedraai en geswaai
dat die hare so waai.

Ons het mielies gebraai
Ons het roosterkoeke gedraai
En ons d.. geëet aan die
aartappelslaai.

Na twee dae van rus
Werk ons nou weer met lus
Sondag in die kerk
Maandag in die werk.

beplanning

Ons moet deesdae ewe dikwels "welkom terug" en "totsiens" sê: Ons verwelkom mnr H de Bruin van drie maande studieverlof plus 'n week of twee "vakansie"-verlof terug, en mej Gerda Maritz van haar omswerwinge in die Ontsluitingsafdeling en die Vakbibliotekarisstelsel. Die "totsiens" wat ons sê is gelukkig net tydelike, nl. aan mnr Peter Lor wat vanaf April studieverlof het en mej Mariaan Steyn wat vanaf Mei die tog deur ander afdelings van die Biblioteekdiens begin.

"Merry-go-round":

Leendienste

Met die Paasaweek het meeste van Leendienste se personeel 'n kort vakansie bewerkstellig deur te las en te pas met gewone verlof. Mev Sannie Hatting was op 'n Voortrekkerkamp naby Pretoria. Mev Hannatjie Erlank en haar man het by Scottburgh gaan rus. Mej Marie Schoeman bly lief vir kamp op Badseloop. Mej Geraldine Wilkas het uitgerus in die Wildtuin. Mej Helena Struwig het ook gaan kamp naby Messina, waar sy haar argeologiese kennis kan toets. Mej Joy Roos het 'n prys gewen en het daarmee Windhoek toe gegaan vir die langaweek. Mnr Otto het gaan uitrus langs die see. Verder was mejj Adri le Roux en Zanne Joubert ook met vakansie, asook mev Annette Booysen.

Die universiteitsvakansie het ook 'n bietjie blaaskans gebring, veral vir mnr Kobus Fouché, wat lekker kon 'swot' agter sy toonbank. Ons hoop het al die Leendienste-seksies die rustigheid baie waardeer.

Die ontruiming van die biblioteek tydens die brandontruimingstoetsloop het op 12 April 1979 plaasgevind, met groot sukses. Die studente was egter ietwat verwar, en wou met boeke en al op vlug slaan. Hulle wou op die gras gaan sit en swot terwyl die biblioteek "brand". 'n Kwessie van "fiddling while Rome burns"?!.

'n Spesiale woord van gelukwense aan mev Mara Grobbelaar, wat gedurende Aprilmaand heerlik popgespeel het met die nuwe kleinding. Ons hoop dat klein Irene vir julle groot vreugde sal bring.

Welkom aan mnr Abrie Visser wat nou by reproduksie help. Ons hoop jy werk lekker. Dink maar daaraan as 'n daglange modeparade, elke dag van die week! Baie dankie ook aan mnr Jan de Raan wat so fluks gehelp het met die trekkery in die Kelder.

Hiermee publiseer ons dan ook 'n paar statistieke. Baie dankie aan mev Denise Wheeler vir die werk daaraan verbonde.

IBL : Statistieke

IBL het 1979 in dolle vaart afgesit. Dit was nie net 'n aanvoeling nie maar dit is deur die statistieke bewys, veral in vergelyking met die syfers van November-Desember 1978. Daar was 'n styging van 30% in die aanvrae ontvang van ander biblioteke en 'n styging van 60% (!) in aanvrae gestuur aan ander biblioteke. Die syfers vergelyk darem beter met die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Daar was 'n styging van 22% in aanvrae ontvang en 'n styging van 10% in aanvrae gestuur. Die een en 'n half "ou-hande" moes gou die vakansieroes van hul afskud en inspring om die "nuwe-hande" van al die 1,001 proseduretjies tou wys te maak. Drukte van werk het gou die nuwes tuis laat voel. Na 'n week was dit asof hul al 'n jaar by IBL gewerk het. Mev Mariette Pelser, mej Heleen Struwig, mej Joy Roos en mej Randi Pretorius, ons hoop jul sal nog jare kan uithou. + Ons dank aan

mej Marie Schoeman en mev Annette Booysen wat ons so pragtig uitgehelp het tydens ons personeelkrisis. Ons sal jul weer vra as die nood druk, hoor!

Ontsluiting

Die heerlike, welverdiende Paasaweek het die hele afdeling vrolik gestem - voorwaar 'n buitengewone maand vir almal van ons.

Mej Clarisse Venter het besluit om die Duitse Akademie agter te laat en heerlik by haar familie op Potchefstroom te gaan kuier - so vir 'n week of wat.

Nee wat, mej Anthea MacClaren se ouers daar uit Hotazel se wêreld, is jonk van gees en is dit eens dat 'n naweek te Durban die kind net goed kan doen. Die nuus van die langnaweek is nog vars in haar geheue: Durban dit ... Durban dat ...!

Mev Ria Visser hou haar heerlik besig met 'n seun wat tans vakansie hou - ons hoop die ontspanning gaan 'n spoedige herstel verseker, Ria. Moet jou nie oor werkstoestande bekommer nie, dit verbeter, want die afgelope Noodhulp-oefening het ons almal tans op en wakker.

Mev Jean Maree en al die kollegas wat behulpsaam was met die Jacob de Villiers-versameling, verdien 'n groot "applous" - die einde is reeds in sig (en hierby groepeer ons ook die LTD-projek) - dit was knap gedoen. Ons hoop dat dit met Jean se eerste toets ook so voorspoedig verloop het.

Mev Helene Fourie kom so pas terug na 'n verjaarsdag, 'n twee weke lange vakansieverlof en jou waarlik waar, boonop 'n langnaweek, jy kan jou sake reël, né!

Mej Santie Gericke is nou iemand van die verlede, en ons heet mev Steyn hartlik welkom. Jy het ons verras Santie, 'n besondere herfsbruid, en baie dankie vir 'n baie aangename dag wat ons met jou en Willem, asook met julle familie kon deel.

Ja, mev Dalena Stols se arme Herman moes maar net inspring en help opruim, vloer vryf, was-goedpennetjies hanteer, wortels rasper, kruidniersware uitpak en boonop brandstof verskaf vir die skoonfamilie wat die l-a-n-g naweek uitgekies het om te kom kuier. Dalena, ons verstaan dit was 'n besonder aangename naweek vir julle om jou mense te kon ontvang en heerlik saam te kuier.

Alle grappies op 'n stokkie, ons lei af dat almal nou weer verkwik is en die volgende skof uitgerus en met wêreld teenoë staan.



*To see a world in a grain of sand,
And Heaven in a wild flower,
Hold Infinity in the palm of your hand,
And Eternity in an hour*

William Blake

boekbestelling

In Seksie Boekbestellings was Aprilmaand 'n vakansie maand. Die volgende mense het elk 'n heerlike week vakansie gehad: Mev Marie Rautenbach, mev Sylvia Ipland, mev Berry Matzopoulos, mev Lucia Smith, mev Rita Botes en mev Annemarie Pienaar, terwyl mev Jeanette Enslin, mej Valery Snodgrass en mev Sonja Potgieter getrou die fort gehou het.

Ons wil graag vir Andries en Alet Kleu gelukwens met hul baba-seuntjie.

Vakbibliokaris- stelsel

Aprilmaand het op 'n "yool-ige" noot begin. 'n Groepie grammakers het met stoisyse erns die onwelvoeglike naak beeld op die tweede vloer bedek. Vir sommige het dit ure van genot verskaf (ander was weer so besig dat hulle dit nie eers opgemerk het nie).

Die drie-maandelikse verslag is met die nodige versugting afgehandel. Terwyl die rekords van navrae deurgegaan is, kom die volgende na vore:

VRAAG: Romantiese liefde.

ANTWOORD: Verduiwels baie gesoek - min gekry.

Genadiglik het die Paasaweek aangebreek en dié wat dit kon bekostig het daarvan 'n vakansie gemaak. Mej Magriet Lee glo daar is niks soos 'n suidkus-vakansie om van al die onvoedkundige nagmerries weg te kom nie. Mej Rita Badenhorst het die herfs- en goue kleure van Golden Gate gaan soek terwyl mev Alida Dippenaar en mev Susan Swanepoel na die veelbesproke kultuur anderkant die Hexrivier gaan soek het. (Terloops, ons hoor die Kapenaars was maar te bly om van dié vloebare kultuur ontslae te raak!)

Intussen skuif die inhandigingsdatums vir take al nader en raak die studente al desperater. Een student wou opsluit 'n klag lê omdat hy nie 'n boek by die L's kry nie. Ongelukkig het hy ook nog nooit van 'n bangmaakwoord soos "katalogus" gehoor nie.

Aan mev Susan Swanepoel, van wie ons moes afskeid neem, sê ons baie dankie vir die tydperk wat ons saam kon werk. Susan, geniet die tuisblyery en onthou ons lek almal ons lippe af vir die vars groente en kuikens waarmee jy jou gaan besig hou...

Meegevoel

Ons innigste meegevoel aan mev Sarki du Toit van Voorklinies en haar hele familie met die onlangse afsterwe van haar vader.

takbiblioteke

Onderstepoort

Soos die jaar begin het, gaan dit voortaan die draf!

Ondertussen het ons so baie so min geword dat ons ons tydskrifuitstalrak moes verruil vir 'n ronde draairak, wat ongeveer net 'n kwart van ons nuwe tydskrifte kan huisves. Die ou uitstalrak word nou gebruik vir ons naslaanwerke, tydskrifindekse en ekserntydskrifte. Steeds is daar egter nie plek vir al ons boeke nie.

Verder het die departementele opnames by ons ook aan die beurt gekom en mev Mathilda du Preez is steeds daarmee besig. Dit is omtrent 'n tydrawende werk.

Voorklinies

Met geen student in sig nie (salig), en selfs die kafeteria oorkant die gang toe (tragies), gaan dit steeds klop-dissel-boom by Voorklinies.

Ten spyte daarvan dat mev Marie Willemsse tussen die dokters werk en dus van beter behoort te weet, het sy tog van hulle dienste gebruik gemaak, en ons wens haar alle beterskap toe. Op haar beurt het mev Sarki du Toit weer van haar kans gebruik gemaak om in die vakansieweek verlof te neem en gordyne te maak - daarmee word sy alle voorspoed toegewens. (Eintlik is albei van daardie tipe wat van 'n langnaweek 'n week maak). Al oorblywende om die fort te hou, is dus mej Esmarié Kotzé, wie se vernuf deeglik getoets word ná skaars 2½ maande werk-saam in die geweste. Gelukkig het sy darem weer 'n seer aangename paar daggies in die Strand deurgebring.

Wanneer die klasse weer begin het, sal daar nie tyd wees nie, so ons groet maar nou tot volgende maand.

Na 'n welverdiende vakansie in die Kaap, is mev Francina de Villiers weer terug in die tuig. Dit was nou wel nie 'n rus vakansie nie, maar so 'n bietjie wegkom doen 'n mens net goed.

Mev Mathilda du Preez het na die langnaweek nog vier dae vakansie bygeneem om van die skok van drie weke alleen werk te herstel.

Ondertussen het ons 'n bode ryker geword, wat ons regtig baie help. Baie welkom aan Petrus, ons hoop hy werk lekker hier by ons.

Die eksamen kom al weer nader. Van nou af is dit weer volstaan verder.

buitemuurs

Met die gewoel van die verkeer rondom ons, wonder ek altyd 'n groot wonder: waarheen gaan almal? Word al die voertuie met 'n bepaalde doel gebruik? Of word daar sommer net rondgery? En al hierdie vrae is nie so onsinnig nie, want waarmêe daar gery word, loop nie op water nie. Veel erger: dis petrol. Skaars, duur, byna al 'n edelvloei-stof. Mens voel lus en praat daarvan in hoofletters.

Dan begin jy wonder wat gaan gebeur as alles skielik opraak. Of ten minste net drasties minder raak. Noodgedwonge sal ons seker maar moet terugkeer na die dae toe motorfietsry nog nie 'n skande was nie.

Dink uself net vir 'n oomblik in dié situasie in: Die dae van die ou groot Hartley Davidson (Haarlie Dywieson). Toe genoem 'n motorfiets wat bepaald iets anders as 'n "bike" is. Dis die gevaarte wat op koue weekdae die trekkers aan die brand getrek het en Sondag gepryk het met 'n "sidecar".

Pa hou die leisels in die hande. Sy hare staan stokstyf in die wind. ('n Valhelm was tóe net vir windmakers). Agter hom sit Kleinboet piering-oog en loer oor pa se skouer, byderhand in geval van nood.

Op die syspan sit Ma, handsak onder die arm vasgekny. Gelukkig buite die akkestiese vermoë van Pa. Haar bene is stokstyf vasgeskop teen die vloer. Op haar kop is die pildoos-hoedjie vasgetrek met 'n rek stywer as 'n bottalrek. Die prentjie voor jou teken 'n figuur wat veel eerder by die huis sou bly en kalkoene-kos gee.

Langs haar: Kleinsus. Vlegsels in die wind, byna soos die ankertoue van 'n kakietent. Sy hang so ver as moontlik oor die kant in 'n poging om soveel veldblomme as moontlik te pluk. Sommer so in mobiele staat.

Onthou - alles vind plaas teen die verbysterende snelheid van 35 myl per uur. Al weer iets ander as 60 kilometer per uur.

Gelukkig, voordat Ma haar liddorings permanent beskadig, kom die skaduboom in sig. Dis tyd vir ontspan: koekblik en warmfles word uitgehaal, en terwyl Ma die bekers regsit, loop Pa en Boet gou die wal af.

Na twintig minute of langer dra Boet sy deel tot die tog by as hy met volle gewig op die kiekstaart afspring. Alles dreun. Pa se gesig verander weer in die ene konsentrasie; Boetie druk sy donkie-brékfis vas op sy kop; Ma haak haar bottalrek om haar ken; Sus begin kosmosse prosoekteer. Daar gaan hulle!

Dis rustigheid, ekonomie, gesinskohesie en -sommer net pret.

Kom ons keer terug na daardie dae - asseblief! Al is dit net ter wille daarvan om hierdie lawaai om ons weer in rustigheid en kalmte te omskep. Enige verandering sal in elk geval net so goed as 'n verbetering wees.

Groete tot volgende keer.

Medies

MY VOLKIE OP WEG NA KENNIS

En ek bedoel die opvoeding van ons gebruikers hier by Medies. 'n Paar staaltjies behoort meer lig op die onderwerp te werp.

Die nuwe biblioteek is in 'n nuwe gebou. Vraag een: hoe kom ek daar. "Sjoe, ek het nou darem vir jou verdwaal, hoor." "Juffroutjie, hoe kom ek nou weer hier uit? Wil jy nie gou saam met my stap nie, asseblief jong." "Meneer, ek bel van Saal 13 af. Ag, verduidelik bietjie vir my hoe om daar by julle uit te kom." Gewoonlik verdwaal sy/hy in elk geval oppad.

Uiteindelik gevind, maar hoe nou gemaak met die tasse. Die ou bekende tasrak het verdwyn. "Waar moet ek nou my tas neersit?" "Ag, vat hom sommer saam." Miskien is dit 'n verwaasde reaksie, want die tasreëling wat so absoluut streng toegepas is, het sommer net in die niet verdwyn. En die rede vir hierdie verdwyning - die verklikkerstelsel - het al meer as een soos 'n steeks peris voor die hindernis laat vassteek. "Nee, Dokter, daár deur! Reguit ... reguit aan. Nee, stap deúr die hek, stoot hom net liggies oop." Nog een is op die weg na kennis gelei. En van die verklikkerstelsel gepraat, die mense wil darem baie graag weet wat daar aangaan!

O ja! Die hysbak is 'n groot bron van frustrasie en irritasie en nog baie ander -asies. Die nuwe Kliniese gebou bestaan uit 'n grondvloer en vyf verdiepings. Die biblioteek is op die grondvloer (van die onderkant af), maar in die kelder (van die berg se kant af) geleë. Die hysbak het nie 'n knoppie vir die kelder nie (slegs grond tot vyf, wat natuurlik heeltemal korrek is), maar die grondvloer het nie 'n buitendeur nie! Stel u nou self al die verwarring voor.

Die opspoor van boeke (en veral tydskrifte) lewer ook heelwat probleme op. "O, staan die boeke nou daar? Maar dit was dan nog altyd hier. Julle moenie die rakke rondtrek nie!" En hy voel werklik bitter ongelukkig omdat die rakke op die een of ander onverklaarbare manier rondstap. "Maar julle kën al die rakke. Ons kry nie die goed nie. Hoekom rangskik julle dit nie volgens departemente nie?" Goed en wel, Prof., maar wat nou as een tydskrif onder drie departemente val?

Daar is ten minste een gebruiker wat ons absoluut stomgeslaan het. "Juffrou", en hy lyk baie onseker, "mag ons die tydskrifte uit die rakke neem?" Ek wonder nou nog hoe hy die artikels wou lees: soos 'n vink aan die rak, met sy vinger op die tydskrif se plek of wou hy dalk (soos 'n wafferse Sherlock) van die ander kant of probeer lees. Het 'n effense verskuiwing aan die ander tydskrifte, sou hy dit dalk (!) kon regkry.

Die Xerox-tellertjies het seker die heel meeste aliasse suid van die Sahara. Meter is natuurlik die gebruiklikste benaming, maar dingetjie, masjientjie en een van daardie goedjies (met die nodige handgebare) is glad nie onbekend nie.

My ou volkie gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis? Aikona, nie by Medies nie. Die weg na kennis is breed en geduldig!

Haai, So waar ?!

'n Wyse het soveel om oor te dink dat hy nooit aan die praat kom nie; die dwaas het soveel om oor te praat dat hy nooit aan die dink kom nie.

*Jaarblad, 1953
Voortrekker Hoër-
skool, Ekurhuleni*



Avoid platitudes. Starting a sentence with "To be truthful" implies you haven't been.

*What you eat today, walks
and talks tomorrow*

FOTOBLAG


welkom



Mev Jinnie van Oordt
Vakbibliotekaris-
assistent




Mev Mara van Rensburg
Tikster




Mnr Abrie Visser
Reprografiese dienste

Welkom Terug

Aan die begin van die maand het mnr Peet van der Merwe en H de Bruin na drie maande studieverlof weer "amptelik" by ons aangesluit. Soos u kan sien, was hulle studieverlof baie meer studie as verlof. Ons hoop hulle geniet weer die normale werksure!



Mnr Peet van der Merwe



Mnr H de Bruin

totsiens



Mev Susan Swanepoel
Vakbibliotekaris-
assistent





Mnr Rudi Schwartz
Buitemuurs 9



Mev Magda van Deventer
Vakbibliotekaris-
assistent

BIBLIKASIE



Persoonlike Arbeidsproduktiwiteit en stygende Salarisse

Universiteitspersoneel leef weer onder die tekens van algemene salarisaanpassingee. Daarom is dit paslik dat ons sal besin oor die implikasies hiervan maar ook die verantwoordelikheid wat dit vir ons as individuele werknemers meebring.

Produktiwiteit behels normaalweg 'n vergelyking, oor spesifieke periodes, van die inset (in terme van bepaalde eenhede van produksiemiddele en hulpbronne) met die totale uitset (in terme van spesifieke eenhede van produksie of dienste gelewer). By die insette is arbeid (naas kapitaal, materiaal, ens) normaalweg 'n baie belangrike komponent en derhalwe word ook van arbeidsproduktiwiteit gepraat. Die inset aan arbeid word dus vergelyk met die totale produksie of uitset en indien daar met dieselfde arbeidsinset (bv. die getal manure) 'n groter produksie gelewer word, word gesê dat arbeidsproduktiwiteit verhoog is.

Dit is algemeen bekend dat die grootste gedeelte van biblioteekbegrotings aan personeelsalarisse (dus arbeidsinset) bestee word - waarskynlik in die omgewing van 60%. Dit is verder ook algemene kennis dat die bedryfskoste van biblioteke onrusbarend styg en dat salarisse 'n groot aandeel hieraan het. Ons Biblioteekdiens se salarisuitgawes het byvoorbeeld tussen 1970 en 1976 alleen met 278% gestyg. Hierdie styging hou verband met verbeterde salarisse maar ook met die uitbreiding van poste. Tog is personeel- of arbeidskoste nog dié aspek waaroor die Biblioteekdiens relatief die beste beheer kan uitoefen. Ander uitgawes, byvoorbeeld die styging in die koste van biblioteekmateriaal, is totaal buite ons beheer. Die vraag kan nou gestel word wat ons hier omtrent doen?

Oorhoofs word bepaalde maatreëls getref. Voorbeelde is die rasionalisering van prosedures en die aanwending van die tegnologie soos die rekenaar en telekommunikasie-fasiliteite om te verseker dat die dunderwordende arbeid nie ondoelmatig aangewend word nie. Daar is egter 'n ander terrein wat ons persoonlike arbeidsproduktiwiteit kan noem, waar elke personeelid alleen oor beheer uitoefen en wat grootliks kan bydra tot die verligting van die probleem. Enkele statistiek kan genoem word om die saak te onderstreep. Hoewel die kalenderjaar normaalweg 365 dae het, is daar net ongeveer 210 werkdae. Die res gaan verlore deur naweke, openbare vakansiedae, universiteitsvakansiedae, persoonlike verlof, ens. Uit hierdie manjaar van 210 dae gaan nog ongeveer 12% (ongeveer 200 uur per manjaar) verlore as gevolg van

teetye, mediese afspraak, ens. Wat oorbly is dus 'n werkjaar van ongeveer 1450 tot 1490 uur. Die getal ure self is nie sô belangrik nie - wel wat ons in daardie ure verrig. Ons funksioneer binne 'n bepaalde struktuur waarin ons onder andere ook gevra word om teenoor ons hoofde verantwoording te doen oor ons doen en late. Uiteindelik is dit egter onself wat bepaal hoe produktief ons gaan wees - hoe ons die minute van ons werkdag vul. Selfs minute is belangrik, veral die kumulatiewe effek daarvan. 'n Eenvoudige berekening dui aan dat indien elke personeelid van die Biblioteekdiens net tussen drie en vier minute per werkdag onproduktief sou wees, dit oor één jaar oploop tot die ekwivalent van een manjaar of een voltydse pos. Aan die styging van salarisse kan die individuele personeelid nie veel doen nie, trouens, ons het dit almal ewe nodig. Dit bring egter ook die persoonlike verantwoordelikhed mee dat ons, as teenprestasie, moet toesien dat ons maksimaal produktief is.

Deur toe te sien dat ons elke minuut van ons werkdag produktief vul, lewer ons 'n bydrae tot die groter produktiwiteit van die Biblioteekdiens en derhalwe tot kostebesparing vir die Universiteit, maar uiteindelik is dit ook in landsbelang. Trouens, persoonlike arbeidsproduktiwiteit is waarskynlik die enkele belangrikste bydrae wat ons as individue kan lewer tot die verligting van die nasionale probleem van inflasie. 'n Positiewe maar klein begin kan dus inderwaarheid groot gewin meebring.

Mnr H de Bruin

kuns

Art is a mixed-up world

In education, some of the greatest aids to man's sanity and therapy are the arts. The arts reveal. They reveal through an aesthetic channel. Art then can be defined partly as a revelation to man. It is well known that through empathy the subject feels himself into the object. This essence of man is held in art like a fly in amber, an Egyptian statue being more significant and permanent in the end than the pharaoh's mummy. In addition to the image of man in art is an aura of beauty.

Of all the definitions of beauty I prefer what Sappho said 2000 years ago. I quote from a fragment: 'There are those who say an array of horse-men, and others of marching men, and others of ships, is the most beautiful thing on the dark earth. But I say it is that which one loves.'

If art is partly a device of man to find out what he is as part of being, then art that merely reproduces the surface of things tells us only about the epidermis, the skin of the earth, at most and the greatest drama of life within and outside of man, the metaphysical existence, is omitted.

The art of painting or sculpting has suffered from one tremendous handicap much more serious than any handicaps in poetry or music. It is the handicap of imitation.

It is a curse for the serious artist that painting can imitate what the eye sees exactly as a mirror or water reflects images. It is obvious that being does not exist in a mirror's reflection and so paintings that simulate the work of a mirror cannot be considered creative works of art, for man is saying nothing more in them than the inorganic mirror says with light rays.

From Giotto on to Cézanne, for five hundred years, the general tendency of art was one of imitation or imagination, revealing very little beyond a repetition of the eye's vision.

In South Africa the art scene has changed dramatically and never before has there been such a great interest in art as now. There are some brilliant young artists who will in the future make their mark, while Villa and Bakker have in the past captured Biennale awards abroad. Patronage of art has spread to the Government and to millionaires like Anton Rupert, Harry Oppenheimer and John Schlessinger.

Universities are now building up their own art collections and are proud of them.

To our new artists who will come from our art schools and universities we demand an honest reflection in their art of themselves and their times and their predictions of the future knowing that art can reveal the deepest secrets of creation.

It may be a disturbing art, the art our new artists will make. It may be an art that indicts us but it will be a necessary art very different from the weak, spineless sort that is sycophantic.

Finally, this all adds up to an artist being alive to his hour and conscious of his future.

Uittreksels uit 'n artikel van Walter Battiss in Standpunte

"Concern for man himself and his fate must always form the chief interest of all technical endeavor. Never forget this in the midst of your diagrams and equations".

Albert Einstein

teater

DEPARTEMENT DRAMA

Die Dramadepartement van U.P. bied *Fratse en Blapse* aan onder spelleiding van Carel Trichardt in *Die Masker* vanaf Woensdag 13 tot Saterdag 23 Junie om 20h00. Die opvoering bestaan uit 'n drietal komiese stukke van Feydeau in Afrikaans.

Anne Lawrance en Carel Trichardt het die vertaling uit Frans gedoen.

Bespreking by Computicket of kaartjies by die deur.

Etensure om 13h15; 15, 18, 19, 20, 21, 22 Junie.

F C Snyman
Dept. Drama

musiek

Uit gebeur selde dat 'n aantal wêreldbekende kunstenaars saamspan om 'n plaatopname te maak ter ere van 'n begeleier. Maar daar kan sommer dadelik bygevoeg word, dat dit nie gegaan het om 'n sommer-so begeleier nie. Die titel van die plaat spreek duidelik van die onderskeie kunstenaars se bewondering vir dié begeleier: "A Tribute to Gerald Moore".

Gerald Moore is deur kritici en musici beskou as die wêreld se beste begeleier. Hy is in 1899 in Hertfordshire gebore. Sy plan was oorspronklik om 'n konsertpianis te word. By geleentheid moes hy 'n sanger begelei. Sir Landon Ronald het die uitvoering bygewoon en het Moore aangeraai om af te sien van die idee om 'n konsertpianis te word "The World is overstocked with brilliant solo pianists but there are precious few good accompanists. I advise you to stick to it". Moore het gelukkig ag geslaan op hierdie stukkie wyse raad. Hy het homself dan ook genoem "The Unashamed accompanist".

Maar wat maak nou eintlik van iemand 'n goeie begeleier? Oor watter eienskappe moet hy besit? Hy moet, soos die Engelse sê "unobtrusive" en altyd in 'n goeie stemming wees - selfs al het hy griep of slegte spysvertering. Hy moet enige stuk musiek kan blad lees ongeag hoe moeilik dit is; enige musiek kan transponeer tot een of ander moeilike sleutel op versoek van 'n kunstenaar "and after this superhuman display of efficiency and musicianship retire at the end of a concert to a place of becoming modesty behind the piano".

Gerald Moore het gedurende die veertig jaar tot en met sy uittrede in 1969 van die wêreld se beste sangers en instrumentaliste begelei. Hy was bykans die voltydse begeleier van John McCormack. Hy het ook mense begelei soos Chaliapin, Elena Gerhardt, Elizabeth Schumann, Hans Hotter, Elisabeth Schwarzkopf, Victoria de los Angeles, Tito Gobbi, Nicolai Gedda, Janet Baker en Dietrich Fischer-Dieskau.

As 'n lusmakertjie word 'n paar snitte van die opname genoem. Dietrich Fischer-Dieskau (bariton) sing die Hochzeitlich Lied, Op. 27 nr. 6 en Weisser Jasmin, Op. 31 nr. 3 van Richard Strauss. Janet Baker sing "Frühlingsmorgen" en "Scheiden und Meiden" van Gustav Mahler. Jacqueline du Pré (tjello) speel die Elégie, Op. 24 van Faure. Yehudi Menuhin (viool) speel die "Habanera" van Ravel en "La fille aux chevaux de lin" van Debussy. Die laaste snit op die plaat is 'n klavierduet, die Slawiese dans in G mineur, Op. 46 nr. 8 van Dvorák gespeel deur Daniel Barenboim en Gerald Moore.

Die plaat is uitgegee deur EMI Angel en die nommer is SAN 255.

Greenfield, Edward: Programaantekeninge tot bo-genoemde plaat.


VERJAARSDAE

Mev M Kühles	Afrikaans	5 Junie
Mev I van Wyk	Medies	8 Junie
Mev M Badenhorst	Yakbóél	13 Junie
Mev A Jordaan	Ontsluiting	17 Junie
Mev M Pretorius	IEB	27 Junie
Mev S Izant	Boekbestellings	27 Junie

HUMOR EN FRUSTRASIES BY SITPLEKBENUTTINGSOPNAMES

Die gebruikers van die Merensky-biblioteek het pas weer 'n sessie deurgemaak waarin probeer is om te bepaal op welke wyse sitruimte in die biblioteek benut word. Die reaksies van gebruikers bied nogal insiggewende leesstof.

Hier volg enkele voorbeelde van eerlike, maar kostelike reaksies:



Vraag 1: Student aan UP: kursus en jaar

Antwoorde: BA I - Een

HOD (LO I) 1ste jaar; MBChB I 1979
1ste jaar

Drie jaar BSc suiver/eerste jaar

Een student het hiertoe bygevoeg:

- Gebruik biblioteek vir eie gebruik

Vraag 2: Watter van die volgende lê op hierdie oomblik oopgeslaan op u tafel ...?

Antwoorde: - My penneblikkie

- Vorm wat ek invul

- Tas

Vraag 3: Wat was u besig om te doen op die oomblik toe hierdie vraelys uitgedeel is ...?

Antwoorde: - Maak voorlopige opsommings (lees + skryf - nie heeltemal "swot" nie)

- Ontspan - maar net vir 'n oomblik.

- Ek het maar net vir Louis sy boek gebring.

- Op arms gelê en rus met my kop.

- Worsteling met my Hebreeuse Bybel.

- Het vriend met leër(!) gegooi.

- Praat poletiek.

- Probeer agterkom wat in my vorige lesings aangegaan het.

- Dink.

- Om my senuwees terug te kry om my taak te doen.

En dan is daar nog enkele studente wat kla oor die "eenvoudige vorms" wat hulle moet voltooi.

uit die afdelings

TYDSKRIFTE

'N LIED VAN GEBINDEBAND VERDRIET

'n Gebinde band
is 'n groter bedreiging
as 'n gewonde olifant

Ons mor en ons kla,
maar mnr Porter hou aan om bande aan te dra

Ons pleit en ons dreig
maar hy swyg -
en stapel en pak
gebinde bande, rak na rak
tot bo teen die dak.

Ons gil en ons skree
maar hy't vrede daarmee
en elke oggend word ons begroet
deur 'n gebinde band see.

Hoe lekkerder die bindery lag
hoe minder word ons moed en krag
Hoe ons ook al stempel en skryf
en onself móór
met gebinde bande bly ons het nie voor

Gelukkig is oom Willie en sy makkers
dareem nie heeltemal so sleg -
hulle maak al ons stukkende goeters reg.
En oom Willie het altyd goeie raat
vir alles en nog wat
van die uitroei van 'n kakkerlak
tot by die gepiep van 'n ding of 'n iets
onder jou motor se enjinkap.

So is lekker en sleg mos altyd verweef
en kan ons en die bindery
in goeie buurskap saamleef.



TWEEDE Verdieping

'n Nuwe maand met nuwe gesigte op die tweede verdieping! Mev Elna Schoeman wou-wou nog so in die vlakwatertjies van haar nuwe taak rondspeel, toe sleep die departementsbesoeke, oriënteringslesings en boekbestellings haar somer diepkant toe en na 'n maand swem sy glad nie sleg nie. As mens nou nog nie verdrink het nie, is die klompie stroomversnellings wat nog voorlê glad nie eers so erg nie.

Mev Zani Swart het sedert die begin van Mei al etlike spoedrekords opgestel. Die grootste probleem deesdae is om vinnig genoeg vir haar werk uit te dink! Met 'n HOD en Geskiedenis as een van haar hoofvakke, hanteer sy navrae wat groot kopsere in die verlede veroorsaak het.

Die Groot Virus kruip toe onder Staatswetenskappe se toonbank weg! Dit kom ons agter toe mev Alida Dippenaar en Ria van Zyl gelyktydig die groot griep kry. Die ander het vir 'n paar dae oog gehou by dié afdeling, maar lán draaie om die toonbank geloop.

Mev Korkie kon na 'n paar alleenbly dae nie die versoeking weerstaan om haar man wat met 'n studie-cum-vakansiereis in Europa is, te skakel nie. Sy verbasing was groot toe hy die "ontvangsman" in die hotel se stem verweg, en dit sy vrou duisende kilometers ver is wat hom die oggend wakker lui. As troos het mev Korkie self 'n paar dae verlof geneem en het sy die vooruitsig van 'n lekker familietroue.

Mej Rita Badenhorst het haar eerste groot Gotiese toets agter die rug, en sy leef nog. Dalk maak die Grieks, Hebreeus en Latyn wat daaglik haar pad kruis dat die Goties somer 'n vulletjie is.

Amper vergeet van die derde nuwe gesig. Mev Renée Roux se nuwe bril het almal een oggend laat wonder of daar nog 'n nuwe assistent begin werk het.

Dan is daar op die tweede verdieping ook nie 'n gebrek aan heerlike verrassings nie. Mej Magriet Lee het eers gefrons toe sy die groot bruin koevert op haar lessenaar kry. Dit was egter nie 'n briefbom of 'n stapel ondragte nie, maar 'n doos sjokolade van een van die Proffies!

Magriet, hoe doen 'n mens dit, jong?

BEPLANNING

By Beplanning en Ontwikkeling heers 'n stilte. Mnr Peter Lor is steeds baie produktief besig met sy drie maande studieverlof, terwyl mnr Rolf Tönsing en mej Mariaan Steyn die langnaweek net verlof verleng het. Mej Steyn het andersins nog verlof tot die einde van Mei en sal Junie by die vakbibliotekarisstelsel deurbring.

ONTSLUITING

Dobis-projek

Teen die einde van 1975 het die Biblioteekkomitee en Universiteitsraad 'n beleid vir biblioteek-rekenariserings aan UP aanvaar. Die implementering van 'n volkome geïntegreerde, gekoppelde, intydse rekenaarmatige biblioteekstelsel en die gebruik van 'n toepaslike, bestaande en beskikbare rekenaarprogrampakket is in beginsel goed-gekeur. 'n Grondige ondersoek na die aanvaarbaarheid van die DOBIS-stelsel (Dortmunder Online Bibliothekssystem) in besonder, maar ook van verskeie ander oorweegbare biblioteekstelsels is sedertdien ingestel.

In 1976 het mnr H de Bruin (Adjunk-direkteur: Biblioteekdiens) wat die Biblioteekdiens se rekenariseringsprojek lei en mnr M C Willems van die Universiteit se Afdeling Dataverwerking 'n oorsese besoek afgelê. Agt lande is besoek en hulle het onder andere 'n paar dae aan die universiteite van Dortmund en Leuven vertoef waar die DOBIS-stelsel ontwikkel is.

Na suksesvolle onderhandelinge is daarin geslaag om die programmatuur vir die ontsluitingsmodule van die DOBIS-pakket te bekom en om dit by UP se rekenaarsentrum te toets. Dit is intensief geëvalueer en teen die bestaande handstelsel opgeweeg. 'n Omvangryke verslag oor die ondersoek was teen die helfte van 1978 afgehandel. Daar is bevind dat sekere kritiese gegewens nog ontbreek alvorens 'n finale aanbeveling in verband met biblioteekrekenariserings gedoen kon word. Ten einde sodanige gegewens te bekom, het die Direkteur (Biblioteekdiens) prof E D Gerryts, die Biblioteekdiens se Adjunk-direkteur (Beplanning en Ontwikkeling) mnr H de Bruin en

mnr M C Willems van die Afdeling Dataverwerking in Oktober-November verlede jaar 'n verdere studie van verskeie gerekenariseerde biblioteekstelsels in die buiteland gemaak. Installasies van die DOBIS-stelsel in België, Duitsland en Kanada is besoek en verskeie ander gerekenariseerde stelsels in die VSA en Europa is ondersoek. Nege verskillende stelsels is eventueel teen mekaar opgeweeg en verdere aanbevelings kan nou aan die Universiteitsowerheid voorgelê word.

Op grond van die Biblioteekdiens se plaaslike evaluering van die DOBIS-stelsel is die universiteit genooi om 'n referaat op 'n internasionale seminarie oor biblioteekrekenariserings te La Hulpe, België te lewer. Die referaat sons deur mnr de Bruin gelewer, is goed ontvang en waardevolle kontak is gemaak met verteenwoordigers van verskeie oorsese instansies wat ook op die terrein van biblioteekrekenariserings bedrywig is.

Opleiding in die gebruik van die DOBIS-stelsel het reeds al begin en binnekort sal begin kan word om data deur middel van rekenaarterminale in die biblioteek vas te lê. 'n Finale toetsinstallasie van die DOBIS-stelsel se ontsluitingsmodule word tans gedoen en ná afloop daarvan sal besluite oor die moontlike volle implementering daarvan geneem word.

Meegevoel

Ons oorsese meegevoel met Mej Mariette Greyling wat die afstande van haar broer en met Mej Solinda du Toit wat dié van haar vader.

BUITEMUURS

Hier by ons gebêur die dinge, ja sommer so. Mens het nie eers nodig om dit aan te heid nie, dit gebeur sommer vanself (as dit maar so met die werk ook was).

Nou een aand byvoorbeeld, kry Tienie, die jongste toevoeging tot ons personeelgeledere, sy eerste skok toe hy 'n baster ontploffing en 'n gil in die rigting van die boonste verdieping hoor. Toe hy bo kom sou hy mos vind dat die slag veroorsaak is deur een van die stelle buisligte, wat met houers en al, van die dak op die vloer beland het. Die gil was afkomstig van 'n dame wat enkele tree daarvandaan gesit en studeer het. Dit was waarskynlik 'n gil van verligting toe sy agterkom dat die lig nie bokant haar was nie (wie sal tog weet?)

Intussen het mnr du Toit ook sy onderonsie gehad met een of ander skaduagtige persoonlikheid (wat die biblioteek besoek het) (Lyk vir my ons gaan hier nog elkeen 'n beurt kry met so iemand). Die persoon was nogal moeilik gewees en mnr du Toit moes al sy diplomatie moontlik toepas om te keer dat die anonieme "doktor" nie 'n herrie in die biblioteek opskop nie. Dit is nogal jammer dat dié ou nie onder die lig gestaan het toe dit geval het nie, dan was hy miskien nie nou meer so 'n duistere persoonlikheid nie.

Groete uit die Middestad

BOEKBESTELLINGS

SKINDERBEK

O koud is die winter en kaal
Bestelafdeling verklum en lyk asvaal
Sonja kla steen en been
Lucia en Valery ondersteun die geween
Mnr Duminy het sy bes gedoen
maar alles verniet, ons Afdeling is gedoen!

Jeanette is so voor op die wa
sy sal nooit weer oor behuising kla
met TWEE woonstelle op jou naam
verkeer mens tog in 'n netelige waan
As iemand wil nesskrop, laat weet haar tog gou,
want Jeanette het oor haar gretigheid, vreeslik
berou!

Sylvia en Berry is knaend in die knyp -
dit lyk of die noodlot hul ry
Berry se tjorrie pak te dikwels op
en Sylvia kan die ENGELS net nie geleer kry
Aan julle twee sukkelaars; alles van die beste
mag die komende maand 'n fees wees - sonder
moleste!

Rita en Valery werk steeds getrou
terwyl mev Rautenbach hard spook
om kop bo boekaankondigings te hou
Bennie Boekwurm is 'n mooi een
Mevrou, daar is sommiges wat jou jou posisie bejeen.

Annemarie het haar hande vol gehad
om al die bestellers byeen te kry
'n heerlike ete by Arcadia was die resultaat
en daarvoor, sal ons jou altyd dankbaar bly!

Nou ja, so tussen die bestellings, boeke, kontrole
en koue lugreëling deur
moet Skinderbek hom weer agter die skerms kamoe-
fleur
Alles van die beste tot volgende keer
Hard werk en mooi loop -
ONS WERK ONS EER

van die buiteposte

MEDIES



Aangename Kennis

..... klink bietjie mostert na die maal! Maar in elk geval! Alhoewel die Mediese Biblioteek in die nuwe kliniese gebou maar redelik onlangs in gebruik geneem is, voel niemand meer ontuis nie. Die oue het waardig plek gemaak vir die waardige nuwe. Die biblioteek is lig en stil - 'n rustigheid wat teveeggebring word deur die uitsluiting van die stadsgewoel. So 'n regte studie-atmosfeer.

Mej A Pienaar is die hoof-bibliotekaresse. Ons het drie vakbibliotekaresse te wete mej A Pienaar, mev J M Cilliers en mej S S Möjler. Mev E W du Plessis en mej L Botha doen toonbankwerk. Ons het natuurlik een haan onder die henne in die persoon van mnr L Greyling. Mnr Greyling werk van twee uur smiddae tot saans.

Op 9 Mei 1979 is geskiedenis gemaak. Die teekamer het amper uit sy nate gebars toe 23 mediese bibliotekaris van die Pretoria-Witwatersrand gebied en een uit die Kaap die tweede vergadering van die Mediese Biblioteekvergadering van Suid-Afrika bygewoon het.

Dit was duidelik dat die aanwesiges graag wou gesels oor hulle ondervindings en probleme, want elke halfuur-lange onderwerpsbespreking moes weens gebrek aan tyd kortgeknip word - miskien het die informele aard van die vergadering en die rondetafel-sitformasie bygedra tot die vrymoedigheid. Die gevolg was vrugbare en leer-same samesprekings. Oor 'n koppie tee en 'n bord kos, kon ons ons kollegas beter leer ken. Ons hoop om op hierdie basis voort te bou!



KLINIKALA

vakansietyd. 'n Woord wat vir 'n student so baie kan inhou: rus, plesier en jolyt, maar vir die ongelukkiges ook die inhaal van verlore en agterstallige tyd en werk.

By die Klinikala-biblioteek word die drumpel veral nou deur laasgenoemde groepie platgetrap wat meebring dat die kleiner getal studente nou rustiger kan studeer en ons nie deur "oorbevolking" genoodsaak word om daaglik kop te krap oor 'n tekort aan studieruimte nie. Die dieetkunde studente maak gereeld 'n groot deel uit van die studente wat die biblioteek daaglik besoek en vergemaklik sō die taak om 'n gaatjie vir 'n skraal lyfie te vind.

Verblydend van die "oorbevolkingsprobleem" egter, is die feit dat die biblioteek hier 'n doel dien en in 'n hoe geringe mate ook, in sommige behoeftes voorsien.

Mev W E Vorster

ONDERSTEPSPOORT

Dis 'n byenes in die biblioteek op Onderstepoort - dis studente en dosente en nagraadse studente en tegniese assistente en die meeste van hulle is by die fotostaatmasjiene.

Ondertussen hoor ons van Rank Xerox dat ons fotostaatmasjiene aan "morning sickness" ly - dit is net in die oggend (wanneer almal storm), wat hulle nie wil werk nie.

Sit ons 'n "buite werking" bordjie op die masjien, en een student probeer ten spyte daarvan, om 'n afdruk te maak, dan werk die masjien natuurlik, en ons word so snaaks aangekyk - hoe kan ons dan sē die masjien is buite werking as hy wel werk?!

Maar moenie dink dit is net ons fotostaatmasjiene wat besig is nie. Ons uitleenrekords het net so gestyg, ons gereserveerde studieversameling word druk gebruik, en die aantal bibliografieë wat opgestel moet word, oortref alle rekords.

As dit so aangaan, sal die biblioteek se grootte en die aantal bibliotekaresse moet verdubbel, aangesien die werk meer as verdubbel het.

Ons het 'n paar interessante nuwe boeke ontvang - iets wat ons leke van Veeartsenykunde darem ook kan verstaan; o.a.

Behaviour Problems in Dogs deur W E Campbell, waarin onder andere die volgende aspekte behandel word: probleemhonde; problemeienaars en -omgewings; die ontleding van die probleemoptrede van 'n hond; voeding; probleme wat met klein hondjies ondervind word; algemene gedragsprobleme, ens.

Dis 'n baie oulike boek vir hondeienaars en voor-nemende hondeienaars.

'n Ander boek wat ons ontvang het is:

The Book of the Doberman Pinscher deur J McDonald Brearly.

Hierdie is 'n boek vir enige liefhebber van die Doberman Pinscher.

LANDBOU


Hier op die oorskampus is dit baie bedrywig - die wintereksamens kom nader, die biblioteek word druk besoek om afdrukke van die boeke deur te bring en lesings in te haal.

Die biblioteekpersoneel het 'n drukte beleef met die werk om kaartjies in te lusseer en boeke weg te pak van die herkatalogiseringsprojek. Danksy die personeel van die ontsluitingsafdeling, is met 'n massapoging weggespring om die kaartjies in te lusseer. Die aantal boeke wat gedurende die week van 14 - 18 Mei weggepak is beloop 992.

Die bindprogram het die groot agterstand begin inhaal deur reeds ± 1 200 te laat bind.

Ons groet vanaf Landbou.

Biblioteekverbruikers



Indispensable

*My shorthand's vile and deadly slow,
and I can neither spell nor write,
Yet I am beautiful, I know.*

*My voice is musical and low,
My lips are red, my skin is white,
My shorthand's vile and deadly slow.*

*I don't know how, from ultimo,
My typing is an awful sight,
Yet I am beautiful, I know.*

*As I go tripping to-and-fro,
My figure is a rare delight,
My shorthand's vile and deadly slow.*

*My punctuation's bad, and oh!
My grasp of English is but slight,
Yet I am beautiful, I know.*

*The boss will never let me go.
Although I am not very bright!
My shorthand's vile and deadly slow,
Yet I am beautiful, I know!*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

KALENDER VIR 1980 (HOOPFUNTE)

- 14 Januarie - Aanvang van akademiese jaar.
 - 5 Februarie - (a) Opening van koshuise vir nuwe voorgraadse eerstejaarstudente.
(b) Alle nuwe binnemuurse voorgraadse eerstejaarstudente meld aan om 14h00 by Loftus Versfeldstadion.
 - 12 Februarie - (a) Opening van koshuise vir ander studente; en
(b) Inskrywing: Alle ander studente : 09h00 (verskeie lokale).
 - 13 Februarie - Aanvang van lesings vir alle studente (uitgesonderd die Fakulteit Geneeskunde, Tandheelkunde en Veeartsenykunde wat eie roosters volg).
 - 2 April - Lesings sluit af vir Paasvakansie.
 - 14 April - Lesings word hervat na Paasvakansie.
 - 23 Mei - Lesings sluit af vir langnaweek.
 - 29 Mei - Lesings word hervat na langnaweek.
 - 27 Junie - Einde van eerste semester.
 - 21 Julie - Begin van tweede semester.
 - 1 September - Setlaarsdag.
 - 10 September - Lentedag.
 - 10 Oktober - Krugerdag.
 - 17 Oktober - Lesings sluit af (met uitsondering van Ingenieurswese en Landbouwetenskappe - 2de tot 4de studiejare).
 - 22 Oktober - Aanvang van somereksamens (met uitsondering van Ingenieurswese en Landbouwetenskappe - 2de tot 4de studiejare).
 - 24 Oktober - Lesings sluit af vir Ingenieurswese en Landbouwetenskappe (2de tot 4de jaar).
 - 29 Oktober - Aanvang van somereksamens vir Ingenieurswese en Landbouwetenskappe (2de tot 4de jaar).
 - 29 November - Sluiting van koshuise en einde van tweede semester.
- Promosieplegtigheid
- 14 - 18 April - Herfspromosieplegtighede.
 - 20 Junie - Fakulteite Geneeskunde, Tandheelkunde en Veeartsenykunde.
 - 12 September - Lentepromosieplegtigheid.
 - 14 November - Fakulteite Veeartsenykunde, Geneeskunde en Tandheelkunde.
- Skooltermyne : Transvaal : 1980
- Eerste termyn - 8 Januarie - 27 Maart.
 - Tweede termyn - 16 April - 10 Julie.
 - Derde termyn - 5 Augustus - 4 Desember.
 - Bykomende vakansie - 6 Oktober tot 9 Oktober. dae

WELKOM



Mev Jolinda du Toit
Ontsluiting




Mev Johannie Nel
Ontsluiting



Mnr Tinie Bekker
Macfadyen Biblioteek




Mev Rentia Wannenburg
Tydskrifte



Mev Zani Swart
Vakbibliotekaris-
assistent

BIBLIKASIE

junie 1979



OPLEIDING - ONS VERANTWOORDELIKHEID

Op Woensdag 13 Junie was professore in Biblioteekkunde, hoofde van groot biblioteke en senior inligtingswerkers hier byeen om oor die opleiding van biblioteek- en inligtingswerkers te beraadslaag. Dit hou verband met die beoogde hersiening van leerplanne en leergange deur U.P. se Departement Biblioteekkunde. Interessante en stimulerende gedagtes het tydens die rondetafelbespreking na vore gekom, maar aan die einde van die dag was dit duidelik dat nog baie gedink, besplan en bewerk sal moet word om die nodige vernuwing in biblioteekkundige opleiding te bewerkstellig.

'n Grondige kennis van die teorie en beginsels van die biblioteekkunde is noodsaaklik om die uitdagings van die biblioteekberoep in 'n veranderende wêreld steeds op 'n sinvolle verantwoordelike en prinsipiële wyse die hoof te bied. Dit is egter nie genoeg nie. Die afgestudeerde wat op professionaliteit aanspraak wil maak, moet teorie, beginsels, tegnieke en metodes ook met vaardigheid en vernuf in die praktyk kan toepas. Net soos die mediese student later 'n inspuiting met vaardigheid moet kan toedien, sal die biblioteekstudent steeds die elementêre tegnieke en metodes in die praktyk moet kan toepas.

Die praktika wat onder leiding van die dosent in die departement self gedoen word, is nie genoeg nie. Soos die student in ander beroepsrigtings gedurende sy opleiding in die praktyk self moet gaan optree, behoort ook van die biblioteekkundestudent 'n bepaalde beroepsvaardigheid vereis te word alvorens die basiese beroepskwalifikasie aan hom toegeken word. Soos die skool en die hospitaal bereid is om by die opleiding van die onderwyser en mediese dokter hulp te verleen, kan die groter biblioteke verwag word om 'n belangrike bydrae tot die opleiding van die professionele bibliotekaris te lewer.


In hierdie verband is ons Biblioteekdiens bereid om met diegene wat vir die opleiding in biblioteek- en inligtingswerk verantwoordelik is saam te werk. Die toekoms van ons beroep berus immers in 'n hoë mate by die gehalte van die opleiding wat sy beoefenaars ontvang. Ons Biblioteekdiens sal sy verantwoordelikheid in hierdie verband graag nakom.

Hoe praktykgereed die afgestudeerde ook mag wees: die biblioteek mag sy eie in-diensopleidingsprogram nie verwaarloos nie. Ons net die afgelope paar jaar heelwat aandag hieraan geskenk en ons eerste algemene personeeieiding sal hopelik eersdaags beskikbaar wees. Met behulp daarvan sal ons interne opleidingsaksie nog sinvoller voortgesit kan word.

Tog sal die verwerwing van die nodige kennis en vaardighede steeds afhanklik wees van ons elkeen se innerlike motivering om onself beter vir ons taak toe te rus. Daarbenewens kry die kennis en vaardighede wat ons wel verwerf, sy volle betekenis wanneer ons dit aan ander diensbaar stel; wanneer dit word soos saad wat in vrugbare grond geval het.

Prof E D Gerrits

u.p.- biblioteekdiens- nuusblad




REKENARISERING

Soos uit die laaste uitgawe van Biblikasie bly, moet daar nog heelwat voorbereidingswerk gedoen word voordat die DOBIS-ontsluitingsmodule geïmplementeer kan word. So bv. moes 'n lys van alle takbiblioteke van die Biblioteekdiens ingevoer word, asook Afrikaanse stopwoord-lyste. Laasgenoemde is nodig omdat titels van werke, korporatiewe outeursname en outeurs met saamgestelde vanne deur DOBIS geroteer word en 'n stopwoordlys wat verhoed dat daar ook inskrywings onder niks-seggende woorde gemaak word. So bv. sou die titel "Ontwikkelingsfasies van die kind" sonder 'n stopwoordlys nie net onder "ontwikkelingsfasies" en "kind" geliasseer word nie, maar ook onder "van" en "die". Aparte lyste is ook vir die verskillende tale nodig, aangesien bv. die woord "die" in Afrikaans 'n stopwoord behoort te wees, maar nie in Engels nie, ens. Binne elke taal is daar ook aparte lyste vir outeurs en titels nodig. By die opstel van die Afrikaanse stopwoordlys vir outeurs het ons op 'n verdere interessante probleem afgekom. Die woordjie "van" behoort wel vir korporatiewe outeurs 'n stopwoord te wees ("Departement van Gesondheid" behoort nie onder "van" te liasseer nie) maar nie by saamgestelde vanne nie ("G van der Merwe" behoort wel ook onder "Van" te liasseer). Gevolglik moes ons die Afrikaanse stopwoordlys vir outeurs in twee verdeel, naamlik een vir korporatiewe en een vir persoonlike outeurs. Hierdie probleem kom, sover ons kon vasstel, in geen ander taal voor nie.

Voordat DOBIS egter finaal "aangeskakel" kan word, moet 'n hele aantal besluite nog deur die Biblioteekdiens geneem word, onder andere in verband met die inhoud van die rekords wat geskep gaan word, die vorm van die toekomstige katalogus, die tipe onderwerpsontsluiting, signatuurstelsel ens. Ondersoek in verband hiermee is nou aan die gang - daarom sien die Ontsluiters desse sae so min van mej Coertze!

In 'n projek met so baie fasette soos die rekenariseringsprojek is voorstelle oor 'n bepaalde faset dikwels afhanklik van besluite wat vooraf oor ander fasette geneem moet word en raak skedulering van al die ondersoekte nogal gekompliseerd. Daarom is vir hierdie skedulering ook van die rekenaar gebruik gemaak om 'n netwerkprogram van alle nodige take op te stel. Hoewel hierdie program aan ons getoon het dat dit bra moeilik sal gaan om ons teikens van 'n eksperimentele DOBIS-stelsel teen 2 Oktober 1979, 'n paralelle DOBIS-en handontsluitingstelsel teen Januarie 1980 te bereik, bly hierdie datums steeds ons miktante en sal ons ons bes doen om by hulle te bly.

R E Tönsing
Afdeling Beplanning
en Ontwikkeling



"Ch. A. of The classic's broken."

'N AFRICANA-KATALOGUS

Van dr Peter Sulzer en Verena Müller het in 1977 Africana-Sammlung und Africana-Katalog in der Stadtbibliothek Winterthur verskyn as vol. 17 in die reeks Mitteilungen der Basler Afrika Bibliographien.

Beide medewerkers aan hierdie katalogus is verbonde aan die Stadtbibliothek Winterthur (Switserland); dr Sulzer, wat vir homself Afrikaans geleer het en outeur is van o.a. Schwarz und Braun in der Afrikaansliteratur 1) en "Kenmerke van die Afrikaner in die spieël van sy literatuur" 2), is trouens direkteur van die Stadtbibliothek. Van hom is ook die oorsigtelike inleiding: "Die Africana-Sammlung in der Stadtbibliothek Winterthur; Afrikanische Literaturen und Sprachen".

Naas 'n kort oorsig van die ontstaan van die Afrikaanse literature, gee dr Sulzer in sy inleiding ook 'n oorsig van die ontstaan, doel en terrein van spesialisasie van die versameling:

In 'n poging om 'n gebalanseerde nasionale boeke-versameling op te bou, het die Openbare biblioteek Winterthur in samewerking met twee-en-twintig ander Switserse biblioteke in 1968 onderneem om spesiale versamelings op te bou. Naas ander gebiede spesialiseer die Stadtbibliothek Winterthur in die taal- en letterkunde uit Afrika. Die versameling word onder die volgende onderwerps- hoofde opgebou:

Linguistiek (hier hoofsaaklik grammatikas en woordeboeke),

Volkskunde (Folklore),

nuwe letterkunde werke in Afrika-tale (waaronder die "auf afrikanischem Boden entstandene Afrikaans" ingesluit word),

nuwe letterkundige werke uit Afrika Europese tale,

'n keur uit politieke-historiese geskrifte en Literatuurwetenskap,

Die "négritude"-beweging se opvatting van Afrikaanse literatuur, waardeur ook werke uit Amerikaanse en Wes-Indiese sfere ingesluit word, word nie hier gehandhaaf nie; van Arabiese wat hoofsaaklik in Noord-Afrika gepraat word, word net wat in Europese tale vertaal is opgeneem, die res is nie by hulle begrip Afrikaans ingereken nie. Die versameling bestaan dus hoofsaaklik uit moderne literatuur van Afrika suid van die Sahara en omliggende eilande.

Tot sover die inleidende gedeelte van dr Sulzer. En hiermee is tog by die katalogus-gedeelte gevorder, wat die ondersoeker onmiddellik voor die vraag te staan bring: wat was die doel met hierdie publikasie?

'n Biblioteek se katalogus, hetsy 'n alfabetiese of 'n onderwerpskatalogus, of beide katalogi of 'n woordeboekkatalogus is vandag vir die gebruiker weinig meer as 'n vindlys waardeur hy kan vasstel of die biblioteek oor 'n sekere publikasie beskik en, indien wel, waartussen die tien of honderdduisend ander - dit op die rak te vind sal wees. Hierdie toestand het ontstaan omdat biblioteke oor die algemeen net makrografiese, dit wil sê die titels van eenhede soos boeke, pamflette, tydskrifte, ens., ontsluit. Hoe dieper die ontsluiting, hoe bruikbaar word die katalogus. Die volgende stap is 'n analitiese ontsluiting waar tydskrifartikels en hoofstukke uit boeke ontsluit word, terwyl mikrografiese ontsluiting, waar onderwerpe ontsluit word deur 'n aantal kernbegrippe uit 'n artikel of hoofstuk of boek of watter inligtingstuk ookal, uit te lig en as soekpunte daar te stel, die ideaal is waarna vandag gestreef moet word.

Die gepubliseerde katalogus van 'n biblioteek kan alleen tot sy reg kom wanneer die navorser of belangstellende direkte toegang tot die biblioteek se voorraad het. Hoe ontoegankliker die biblioteek vir die navorser word en hoe oppervlakkiger die ontsluiting, hoe meer neem die bruikbaarheid van die katalogus af tot dit later nie meer is as 'n lys wat net die blote bestaan van sekere items aankondig nie. Daarby moet onthou word dat 'n biblioteek se katalogi nooit volledig is nie en nooit op datum nie en daarom sal so 'n gepubliseerde katalogus wat nie gereeld aangevul word met nuwe aanwinste nie, beperk bly tot die biblioteek se voorraad op 'n gegewe punt in die tyd.

Die Africana-Katalog in der Stadtbibliothek Winterthur is opgestel en van 'n inleiding voorsien deur Verene Müller. Daarin is die versameling onder die volgende hoofde ingedeel:

Afrikanische Linguistik und Literaturen
 Sprachwissenschaft
 Literaturen
 Nichtliterarisches Schrifttum
 Geschichtsschreibung, Politik
 Literaturwissenschaft

Hierdie hoofde is weer onderverdeel in gebiede soos Nordafrika, Sentraalafrika, Oosafrika ens. of in genres soos Dramen, Lyrik ens. of ander hoofde na gelang die geval mag wees.

Die voorraad is hoofsaaklik makrografies ontsluit; hier en daar is selfs analities ontsluit. Daar word egter geen aanduiding gegee wat die kriterium was vir die opname van dié bevoorregte tydskrifartikels in die katalogus nie, soos item 1414, dr Sulzer se artikel uit Tydskrif vir Letterkunde waarna vroeër in hierdie resensie verwys is. Ander artikels kom hoofsaaklik uit African Studies en Journal of African Studies, maar niks uit Limi, niks uit Standpunte en niks, behalwe bogenoemde artikel, uit Tydskrif vir Letterkunde nie; of moet aangeneem word dat slegs hier en daar iets verskyn het wat analitiese ontsluiting regverdig? Daarby word artikels en/of hoofstukke opgeneem uit publikasies (tydskrifte, reekse of koerante?) wat op geen manier in die katalogus teruggevind kan word nie. So het byvoorbeeld onder andere items 765, 1313 en 1690 in Der Landbote en items 269, 272, 274, 282 en andere in Dt. Akad. d. Wiss. zu Berlin. Inst. f. Orientforschung, verskyn sonder dat hierdie publikasies op enige manier in die katalogus nader geïdentifiseer word.

En tog moet hierdie katalogus verwelkom word, omdat Bibliografieë oor die Afrika-tale (Afrikaans uitgeslote) nie volop is of gereeld bygehou word nie. Daarby is items, veral uit Duitse publikasies, opgeneem wat nêrens anders opgespoor kan word nie. Ewe-eens sal die navorser/belangstellende die bymekaar bring van items waarvoor hy sê 'n tiental ander bibliografieë of indekse moes raadpleeg, verwelkom. Ten slotte moet die publikasie van die katalogus ook binne die opbou van 'n nasionale boekevoorraad vir Switserland gesien word, waar dit as aanvulling dien tot die katalogi van die medewerkende biblioteke.

Drie registers, 'n alfabetiese- (dit wil sê alfabeties volgens outeur of titel na gelang van die hoofwoord), 'n land- en 'n taalregister, 'n gebiedskaart, 'n lys van afkortings en die samesteller se inleiding dra daartoe by om van die katalogus 'n bruikbare bron te maak. Belangstellendes en Africana Biblioteke sal ten spyte van die tekortkominge tog nut van die katalogus kan hê.

Die publikasie kan van Die Basel Afrika Bibliographien, CH-4001 Basel, Schweiz bestel word. Prys: Fr.22.--.

1. Basel, Afrika-verlag, 1972. Mitteilungen der Basler Afrika Bibliographien Vol. 1).
 2. In: Tydskrif vir Letterkunde, Mei 1975. Nuwe reeks 111: 2, 41/50.
- * In die wydste sin van die woord, m.a.w. komende vanuit Afrika.

PEET VAN DER MERWE

DIE STAFFORDSHIRE BULLTERRIER

Ek wil graag hier 'n ietsie vertel van 'n hond-ras wat nog baie onbekend is in Suid-Afrika. En aangesien onbekend onbemind is, wil ek graag die Staffordshire Bullterrier aan meer mense bekend stel.

Die meeste mense dink 'n Staffordshire Bullterrier en 'n Bullterrier is dieselfde hond. Inteendeel - dit is twee heel verskillende hond-rasse. Terwyl die Bullterrier bekend is vir sy kwaaiheid en sy varkgesig, is die Staffordshire 'n mooi hond. Kwaai ook, o ja, maar net met vreemdes. Vir sy eie mense sal hy sy lewe offer.

Die Staffordshire het 'n hele klompie goeie punte:

1. Dit is nie 'n baie groot hond nie, sowat 50cm hoog. Hy is egter baie sterk gebou, alhoewel hy nie baie eet nie. Hy kan met ander woorde of 'n huishond wees, of 'n werfhond - hy is egter beter as dit, hy is albei!
2. Dit is die mees gehoorsame hond wat ek ken. Dit is net nodig om een maal oor 'n ding te praat - let wel, te praat, nie te raas of te slaan nie, en dit sal ook die laaste keer wees.
3. Die Staffie's is baie lief vir kinders. Hulle het oneindig baie geduld en is ook baie spelerig.
4. Die beste eienskap vir my is sy getrouheid. Geen vreemdeling sal dit waag om naby sy mense te kom nie. Selfs as een van sy eie mense iemand anders in die gesin afknou, sal hy die persoon waarsku. En as sy baas met iemand anders baklei, sal hy help, sonder dat 'n mens hom hoef te vra.
 Gelukkig is hy daarby so gehoorsaam dat as jy wil hê hy moet ophou baklei, jy slegs sy naam hoef te noem.

Die Staffordshire Bullterrier se slegste eienskap is eintlik ook 'n goeie eienskap, nl. dat as hy baklei, baklei hy tot die dood toe. Hy laat geen vreemdeling op sy werf toe nie, tensy sy baas toestemming gegee het, 'n PAS OP VIR DIE HOND bordjie is dus definitief nodig, en jy sal elke kuiergas persoonlik moet ontvang en eers aan die Staffordshire voorstel.

Die Staffordshire is nie 'n keffer nie, hy sal een of twee blawwe gee om te waarsku, en verder sal hy sy bek gebruik om te byt.

Is al die eienskappe nie net wat 'n mens van enige hond verlang nie? En hy sal jou nog liever hê as wat jy hom gaan hê.

Glo my, as u eers eenmaal 'n Staffordshire Bullterrier genad het, sal u altyd weer een wil hê.

Mej F de Villiers

uit die afdelings

LEENDIENSTE

Hier gaan dit heel bedrywig, maar ons nou die werk by toonbank op datum.

Mev Amanda Viljoen het 'n bietjie in Port Elizabeth gaan vakansie nou en sy het dit terdeë geniet.

Mej Marie Schoeman het vir 'n langnaweek in die berge van Sabie gaan hondstap. Nou word sy die Heidi van toonbank gende. Marie gaan ook vir drie weke met vakansie na die Eiland vakansieoord en daarna na Louis Trichardt.

Mej Zanne Joubert gaan vir 'n week in die wildtuin vakansie nou. Geniet elke oomblik daarvan.

Mej Adri le Roux gaan ook vir 'n week net lekker rus. Geniet dit.

Mev Hanneltjie Erlank wens die skole is al gesluit, sodat sy die geselskap van haar kinders kan geniet.

Met mev Irene Venter kan ons nie heeltemal huishou nie. Haar man mnr Neels Venter is klaar met sy militêre opleiding. Ons sê vir hom baie welkom terug by die Merensky-biblioteek. Hulle twee is nou saam besig om mooi goed uit te soek vir hulle nuwe huis.

Mev Mara Grobbelaar geniet nog die geselskap van Klein Irene en sy wens eintlik dat sy by haar kom bly.

Interbiblioteeklenings

Hier by Inter gaan alles, soos gewoonlik, voor die wind.

Na 'n suksesvolle beskeur deur mev Denise Wheeler en mnr Otto aan Unisa is al ons werk nou heeltemal op datum. As ons so barmou, het ons een van die oae die materiaal nog voor die gebruikers dit aangevra het.

Kelder

Mev Geraldine Wilkes het amper haar been leluk beseer toe 'n trollie op haar been geval het wat op die vloer vasgehaak het.

Mej Irene Venter hou darem nog die fort in die middag.

Reserveerde Studieversameling

Hier by ons het daar 'n verandering plaasgevind: mej Erna Klopper staan nou hier aan die hoof. Die boeke is uit die kaste lug geskuif. Die rensse wat hier werkbaar is tydens die besige tyd van take en toetse is mej Erna Klopper, mnr Kobus Fouché en mev Anette Boozyen.

Mnr Kobus Fouché het eisamen geskryf en ons hoop dit het goed gegaan.

Laas berig van Leendienste

INTERBIBLIOTEKLEENINGS

Mev Sannie Hertzog het 'n oorslaan na die Heilige Bible boek gelees. Ons hoop sy gende die werk daar.

Kleinceid

Hier gaan dit heel bedrywig. Wanneer mens ook al onder op Laergrond kom, staan daar 'n land toe van mense.

Mnr Abrie Visser en mnr Jan du Raan nou darem nog die fort.

As 'n mens nou mooi kyk dan hou Kelder en Kleingeld se mense die fort. Met ander woorde, die gebou bly darem nog staan ten spyte van al die studente wat ons biblioteek besoek.

BOEKBESTELLINGS

NUUS UIT BOEKBESTELLINGS

Boekbestellings begin elke dag op 'n nuwe noot want mev Sonja Potgieter het Maartmaand by die Ad Libitum Koor aangesluit.

Die noodlot het mev Rita Botes nou een middan sleg getref toe sy heel onskuldig op pad werk toe was en 'n grys blits voor haar injaag. Haar motor is leluk beskadig en sy moet nou vroeg-vroeg opstaan om betyds die bus werk toe te haal.

Mev Jeannette Enslin verlaat ons die einde van Julie aangesien die studies druk en sy nie alles kan benartig nie.

Van die personeel beoog om met fietse in die toekoms te kom werk om petrol te bespaar.

AFRICANA

Hier hou die volgende mense nog kop bo water: mej Marié Nortje, mev Maretha Kuhles en mej Magriet Bruyns.

Hulle stuur net oulike grappies van hulle kant af:

Die Taalpenoet, Junie, 1938

Oupa: "Net pekke is seker. Verstandige manne aarsel en dink eers".

Klein Piet: "Is Oupa seker?"

Oupa: "Heeltemal seker, my seun".

Magistraat: "Die konstabel sê dat jy en jou vrou woorde gehad het".

Gevangene: "Wanneer, ek het woorde gehad, maar ek kon nie kans kry om hulle te gebruik nie".

WINTERMODES 1919/1979

Fig. 46 is 'n mooi mantel wat bij dan sowel als saands kan gedra word. So 'n mantel kan gemaak word van bijna enige soort materiaal, maar dit lijk baie seftig van swart satijn met 'n gebloemde of gekleurde voering. Aan die punte van die kraag hang grote kwaste, en die mantel word vasgemaak met dikke koord ook met kwaste aan die kante. Franjes rondom aan die kraag staat ook mooi.

Fig. 47 is 'n netjiese manteljak van Assamsij, mooi uitgeborduur op die baadje, onderbaadje, kraag en moue. Weerskante voor en agter het die baadje en romp twee plat plooië. Die onderbaadje word vas geknoop met ses hangknope, en ook die lijfband met twee hangknope.

(Brandwag, 25 November 1919)

WENKE VIR DIE TOILET

GESIG ROOM (Cold Cream).

Laat bij die apteek afweeg, maar maak self aan, dis baie goedkoper.

- Spermasetie ½ ons.
- Wit was ½ ons
- Amandelolie 4 ons.
- Lemoenblowater
(Orange flower water) 4 ons.

Smelt die Spermasetie en wit was in 'n soep-bord op die koel kant van die stoof. Voeg die Amandelolie baie stadig bij, klop van dat j begin, die amandelolie bij gooi, voeg dan die Lemoenblowater bij, haal van die stoof af en blij klop totdat die mengsel heeltemal koud is. Pak netjies in potjies weg.

Resep van mev P van Tulleken uit DIE BOEREVROU

ONTSLUITING

By Ontsluiting is ons tans so besig dat daar bykans geen tyd is om aandag te skenk aan wat met ons self gebeur nie. Met gemengde gevoelens dring dit egter tot ons deur dat mev Ria Visser ons aan die einde van Junie gaan verlaat. Mev Visser is naamlik aangestel op die doserende personeel van die Departement van Biblioteekkunde aan U.P. en daarmee moet ons haar baie gelukwens, maar ons is baie jammer dat sy nie meer by ons sal wees om met haar bekwame leiding ons behulpzaam te wees in die druk tyd wat voorlê nie. Ria, alle sukses met die nuwe werk, en baie, baie dankie vir al die vriendelikheid, hulp en leiding van die afgelope jaar.



"And this is the fellow who assigns LC catalog card numbers to new books."



— AL GEHOOR VAN "RAKKONTROLE"?

BEPLANNING

Mej Mariaan Steyn het Juniemaand nog by die Vakbibliotekarisstelsel gekuier. Hoop nie sy het so lekker gekuier dat sy sommer daar wil aanbly nie. Mnr Peter Lor is steeds met studieverlof en kom bekyk darem so nou en dan sy nuwe pos wat ingekom het. Dr Trichardt wyk steeds uit na haar private kantoor (Brandkamer?) al is dit nou winter en sy een van die son-bevoorregtes is.

Boonop gaan mev Maritha Blygnaut nou permanent vakansie hou. As die kinders haar te veel grys hare gee, moet sy maar weer haar spoedtikpos terugvra. Intussen sê ons hartlik dankie vir die uitstekende werk wat sy by ons gedoen het.

In haar plek sluit mej Leone van den Heever op 1 Julie by ons Afdeling aan. Baie welkom aan haar.

satellietnuus

MEDIES

'n Rekord en Tot Siens!

Mej Sophia Möller slaan nog 'n rekord! (Klfnk amper soos 'n gimnastiek-uitsending ...) Eintlik het mej Möller sommer vierhonderd (400, vir dié wat dink dis verkeerd) interbiblioteeklenings in Mei afgehandel. En dit sommer "so terloops". SJoe!

Medies ondergaan al weer 'n personeelskormeling. Mev Elna du Plessis het besluit om voltyds huisvrou te gaan speel. Sy verlaat ons aan die einde van Junie. Ons hoop sy geniet haar nuwe rol (roeping).

En Vrydagoggend, 8 Junie, het dit toe gebeur. 'n Verblindende geskitter in Leonie se oë het die verblindende geskitter aan haar linkerhand weerspieël. Baie geluk aan mej Leonie Botha en mnr Neels Müller met julle verlowing.

BUITEMUURS

Net maar mens

Die mens is 'n wonderlike skepsel. Geen twee mense is eenders nie. Al is daar miljoene mense op aarde, is elkeen nogtans uniek, met sy eie aard, persoonlikheid en omstandighede.

Elke dag lewe ons saam met hierdie mense. Ons werk saam met hulle, praat met hulle, drink tee saam met hulle Maar ken ons hulle?

Iemand het eenmaal gesê dat elke mens in die diepte van sy wese 'n eenling is - 'n eensame. 'n Mens ken homself beter as wat enige ander mens hom ken en hier diep binne is dit eintlik maar net hyself.

So kan ons seker nie 'n ander mens ken nie. Selfs huweliksmaats ken mekaar nie soos wat mens jouself ken nie. Wat beteken dit dan om 'n mens te ken? Ons dink nie altyd daaraan nie, maar om 'n mens te leer ken is om te leer om hom te aanvaar. Geen mens is volmaak en sonder foute nie, nogtans moet dit ons nie verhoed om 'n ander te aanvaar nie.

Nie een mens is beter as 'n ander mens nie. Of hang dit net af van die maatstaf waaraan jy 'n mens meet? 'n Mens kan sintuiglik gemeet word aan sy besittings, sy intellektuele vermoë, sy prestasies of ander kwaliteite. Dan sal mens vind dat die een mens ver uitstyg bo die ander.

Maar is hierdie uiterlike dinge die regte maatstaf? Moet ons nie die mens met ons hart meet nie? Die hart sien 'n ander mens gestroop van sy rykdom/armoede, sy voortreflikhede/gebrekkighede en ander maskers wat hy mag voorhou.

Miskien is dit waarom jy 'n mens nie kan aanvaar nie, omdat jy hom nie met die hart meet nie en omdat jy nie met 'n ander se hart gemeet wil word nie. Baie mense se hele wêreld stort inmekaar as jy sy besittings of sy prestasies en roem sou wegneem.

Soos reeds gesê; daar is geen mens beter as 'n ander of met meer waarde as 'n ander nie. Net 'n egoïs dink dat hy meer werd is as 'n ander mens en ken net homself omdat hy nie 'n mens naas homself kan aanvaar nie.

Voor die troon van die Meester staan alle mense gestroop van alles - naak. Hy kyk nie na die mens se voorkoms of na sy prestasies nie, maar Hy sien die hart aan. So sien Hy ons elkeen vandag.

Met hierdie waarheid in gedagte kan ons na 'n mens toe gaan en deur aanvaarding die diamant in hom ontdek.

Groete uit die Middestad.



MUSIEK

Ontmoet die Musiekinstrumente

Die meeste mense assosieer 'n saksofoon met jazz-, dans- of militêre orkeste. Tereg ook, want dit is in hierdie orkeste waar hul vry algemeen voorkom. Vandaar dat die algemene publiek die instrument so goed kan uitken. Dit moet egter nie vergeet word dat hulle ook as solo instrument gebruik word in orkeswerke nie.

Die Saksofoon is † gedurende 1340 ontwerp deur 'n Belgiese instrumentmaker Adolphe Sax wat werksaam was in Parys. Hy het behoorlik 'n hele saksofoonfamilie ontwerp wat bestaan het uit 14 instrumente. Vandag word nog net agt van die 14 vervaardig.

Beginnende by die kleinste is hierdie agt die sopranino, sopraan, alt, tenoor, bariton, bas, kontrabas en subkontrabas. Vandag word slegs die sopraan, alt, tenoor en bariton algemeen gebruik.

Wanneer musiekinstrumente in klasse verdeel word, neem die saksofoon sy plek in langs die klarinet, by dié groep instrumente bekend as 'n enkelriet aërofoon omdat dit net soos die klarinet bespeel word deur middel van enkel riet wat aangebring word aan die mondstuk. Eintlik is die saksofoon 'n samestelling van die hobo en die klarinet.

Die Musiekbiblioteek beskik onder andere oor die volgende saksofoonplate:

DEBUSSY, Claude: Rapsodie vir saksofoon en klavier. Plaatnr. 5236.

BRASS and saxophone: commentary by Yehudi Menuhin. Plaatnr. 2979.

RIVIER, Jean: Concerto, klavier, trompet, saksofoon. Plaatnr. 1093.

WEBERN, Anton: Kwartet vir klavier, viool, klarinet en saksofoon. Plaatnr. 5643.

KLINIKALA

So skraal soos die windjie deesdae, so skraal is die nuus hier by "ons". (Dis nou van my en die biblioteek). Hierdie tyd van die maand is 'n tyd wat ek vrees omdat dit beteken dat die redaksie van die Biblikasie weer my bydrae verwag. Dit is dan wanneer ek vol verwagting die vorige maand se uitgawe nader sleep om met verlange te lees dat dié een so gemaak het of dat hy of sy soontoe is. Elke afdeling bespreek of beskryf die persone wat daar werksaam is, maar wie beskinder jy nou as jy alleen is? Moenie dink ek kla nie hoor, dis héérlik! Eintlik is ek maar net op soek na nuusbronne!

Die biblioteek word deesdae weer taamlik dikwels besoek en of die naderende eksamen, die warmer, of die teenwoordigheid van die diëtkunde studente die rede is, kon nog nie vasgestel word nie!

SEGEVOEL

Mev Elna du Plessis het gedurende die maand haar vader verloor. Ons innige simpatie met die verlies.

DIE FLUITJIE

Passy, Nov. 10, 1779

Ek het my lieue vriend se twee briewe ontvang, een vir Woensdag en een vir Saterdag. Dis vandag weer Woensdag. Ek verdien nie een vir vandag nie, want ek het nog nie eersgenoemde beantwoord nie. Maar traag soos ek is en afkerig van briewe skryf, die vrees dat ek nie meer van jou aangename briewe sal kry as ek nie tot die korrespondensie bydra nie, dwing my om die pen op te neem. En aangesien mnr B vriendelik laat weet het dat hy jou môre gaan opsoek, gaan ek, in plaas van hierdie Woensdagaand, soos baie ander, in jou aangename geselskap deur te bring, dit gebruik om aan jou te dink, aan jou te skryf en jou briewe oor en oor te lees.

Ek is bekoor deur jou beskrywing van Paradys, en met jou plan om daar te woon. Ek stem ook beslis saam met jou gevolgtrekking dat ons intussen alle moontlike goed uit hierdie wêreld moet haal. Na my mening kan ons almal meer goed daaruit haal as wat ons wel doen, en minder kwaad verduur as ons maar wou oppas dat ons nie te veel vir ons *fluitjies* betaal nie. Want dit kom my voor asof die meeste ongelukkige mense wat ons teëkom, so geword het omdat hulle hierdie vermaning verontagsaam het.

Jy vra wat ek bedoel? Jy hou van stories en sal my verskoon as ek een oor myself vertel.

Toe ek 'n kind was, so sewe jaar oud, het my vriende gedurende 'n vakansie my sak vol pennies gemaak. Ek het reguit na 'n winkel gegaan waar kinderspeelgoed verkoop is, en heeltemal betower deur die klank van 'n *fluitjie* wat ek op pad daarheen in die hande van 'n ander seun raakge-loop het, het ek hom vrywillig al my geld daarvoor aangebied. Ek het toe tuis gekom en deur die hele huis geloop en fluit, hoogs in my skik met my *fluitjie*, maar tot ontstigting van my hele familie. My broers en susters en neefs en niggies wat my winskopie begryp het, het gesê ek het vier keer soveel betaal as wat dit werd was. Dit het my laat agterkom watter goeie dinge ek met die res van die geld kon koop het, en hulle het my so uitgelag oor my dwaasheid dat ek van ergerlikheid gehuil het. Die gedagte het my meer verleentheid besorg as wat die *fluitjie* my plesier gegee het.

Dit was egter later vir my van waarde, want die indruk het my bygebly, sodat ek dikwels, as ek in die versoeking was om 'n onnodige ding te koop, aan myself gesê het: *Moenie te veel vir die fluitjie gee nie*, en so het ek my geld gespaar.

Toe ek grootword, in die wêreld te staan kom, en die optrede van mense opgemerk het, het ek gedink ek kom baie, baie mense teë wat te veel vir die *fluitjie* betaal het.

As ek iemand anders gesien het wat oorgretig was om populariteit te behaal en sy tyd opgeoffer het vir die bywoning van politieke doegheid - sy rus, sy vryheid, sy deug en moontlik sy vriende - om dit te verkry, het ek aan myself gesê: *Hierdie man betaal te veel vir sy fluitjie*.

As ek 'n ander gesien het wat te lief was vir gewildheid, wat hom gedurig met politieke bedrywighede bemoei, sy eie sake verwaarloos en hulle deurbring deur daardie verwaarlosing, dan het ek gesê: *Hy betaal te veel vir sy fluitjie*.

As ek 'n gierigaard geken het wat elke lewensgerief opgeoffer het, al die genot van goed doen aan ander, al die agting van sy medeburgers en die vreugdes van weldadige vriendskap ter wille van die versameling van rykdom - dan het ek gesê: *Arme man, jy betaal te veel vir jou fluitjie*.

As ek 'n gesellige kêrel ontmoet wat elke gesonde verryking van die gees of van sy besitting opoffer vir bloot sinlike genot, en sy gesondheid in sy najaging daarvan deurbring - dan sê ek: *Misleide man, jy berei vir jouself pyn voor in plaas van plesier; jy betaal te veel vir jou fluitjie*.

As ek iemand sien wat lief is vir uiterlike vertoon, vir mooi klere, mooi huise, mooi meubels, mooi rytuie, alles bo sy vermoë, waarvoor hy skuld moet maak en sy loopbaan in die tronk moet eindig - dan sê ek: *Helaas, hy het duur, baie duur vir sy fluitjie betaal*.

As ek 'n lieue, sageaarde meisie sien, getroud met 'n sleg-gehumeerde woestaard van 'n man, dan sê ek: *Wat 'n jammerte dat sy soveel vir 'n fluitjie betaal het*.

Kortom, ek het opgemerk dat die meeste ellendes van die mensdom op hulle gebring is deur die vals skatting wat hulle gemaak het van die waarde van dinge, en deurdat hulle te veel vir hul *fluitjies* betaal het.

Tog behoort ek verdraagsaam te wees teenoor hierdie ongelukkige mense as ek daaraan dink dat, ten spyte van al die wysheid waarop ek my beroem, daar sekere dinge in die wêreld is wat te aanloklik is, soos byvoorbeeld die appels van koning John, wat gelukkig nie te koop is nie. Want as hulle op 'n vendusie te koop aangebied word, mag ek myself maklik te gronde rig met die koop daarvan en ontdek dat ek weer eens te veel vir die *fluitjie* betaal het.

Tot siens, my dierbaarste vriend; ek bly jou altyd toegeneë en met onveranderlike liefde,

Benjamin Franklin

(Vertaler: Alba Bower)

*Hard to pronounce and play, the OBOE -
(With cultured folk it rhymes with 'dougboy'
Though many an intellectual hobo
Insists that we should call it oboe)
However, be that as it may,
Where'er the oboe sounds its A
All of the others starts their tuning
And there is fiddling and bassooning.
Its plaintive note presaging gloom,
Brings anguish to the concert room,
Even the player holds his breath
And scares the audience to death
For fear he may get off the key,
Which happens not infrequently.
This makes the saying understood:
"It's an ill wind no one blows good".*

(Lawrence McKinney b. 1891)



Prof G G Cillie van die Afdeling vir Kerkmusiek aan die Universiteit van die OVS het kopieë van sy waardevolle handgeskrewe partiture aan die F Z van der Merwe-musikversameling geskenk. Mnr H de Bruin en prof Cillie is hier besig om na (van) sy komposisies te kyk.

TOTSIENS-

VERREKARDAE

Mev A M Dippenaar (Vakbibliotekaresse)	2 Julie
Mev A Viljoen (Toonbank)	2 Julie
Mev P A Le Roux (Toonbank)	3 Julie
Mnr G J Lulus (Bindery)	3 Julie
Mnr J du Raan (Reproduksie)	6 Julie
Mev I Smith (Vakbibliotekaresse)	8 Julie
Mev G Maritz (Beplanning)	30 Julie



Mev Ria Visser - Hoof van Makro-ontsluiting





Mev Elna du Plessis
Medies

Mev. Maritha Blignaut
Beplanning



BIBLIKAASIE



VERANDERINGE IN DIE MERENSKY

In enige goeie organisasie vind daar gereeld veranderinge plaas om tred te hou met nuwe eise van die tyd. Afgesien van die veranderinge wat deur die ontwikkeling van nuwere tegnologieë soos byvoorbeeld rekenarisering in die Merensky biblioteek teweeg gebring word, moet bestaande praktyke van tyd tot tyd ondersoek word en waar moontlik aangepas word om beter dienslewering en werkverrigting moontlik te maak.

Aangesien daar binnekort weer 'n paar veranderinge in die opset van die Merensky biblioteek aangebring word, is hierdie 'n gulde geleentheid om dit onder u aandag te bring en die redes daarvoor te verduidelik.

Namate die gebruik van die reprografiese apparaat toegeneem het, het die al hoe moeiliker geword om behoorlik beheer uit te oefen oor die maak van gratis afdrucke. Van die ouditeure het die versoeke al hoe dringender geword dat aandag aan die saak geskenk moet word. Na oorweging is besluit om die fasiliteite vir die maak van gratis kopieë vanaf die laer grondverdieping te verskuif na die seksie Algemene Administrasie op die eerste verdieping. Voortaan sal die fasiliteite vir die maak van gratis afdrucke slegs gedurende normale werksure beskikbaar wees, dus vanaf 7h30 tot 12h45 en 13h45 tot 16h30. Alle gratis afdrucke vir biblioteekdoeleindes sal deur die seksie Algemene Administrasie gedoen word, terwyl doserende personeel, soos in die verlede, self hulle afdrucke moet maak.

Die verskuiwing van en reëlins in verband met afdruckfasiliteite vir studente sal later aandag geniet.

Vanaf 1 Augustus 1979 vind daar 'n belangrike verandering plaas in sover dit die gebruik van swart personeel betref. Skoonmaakdienste word voortaan die verantwoordelikheid van 'n span arbeiders onder beheer van die Afdeling Geboue en Terreine. Biblioteek personeel moet asseblief nie enige opdragte aan lede van hierdie span gee nie. Indien daar enige klagtes en/of kommentaar is in verband met die gedrag van hierdie skoonmakers of oor die gehalte van die skoonmaakdienste moet dit sonder verwyl by die seksie Algemene Administrasie aanhangig gemaak word, wat dit aan die betrokke owerhede sal oordra.

Aan die Merensky word 11 spesiale arbeiders toegesê om werk te verrig wat eie is aan die biblioteek. Die presiese indeling van die werk en dié persone daarvoor verantwoordelik, sal by wyse van 'n omsendkrywe bekend gemaak word. Wat wel hier belangrik is, is dat by die werksindeling daar van die standpunt uitgegaan is om aan elke spesiale arbeider 'n bepaalde taak op te dra, waarvoor hy alleen verantwoordelik sal wees. Hierdeur word gepoog om nie slegs 'n werkstrots by die individu te ontwikkel nie, maar ook om beheer oor sy werkverrigting te vergemaklik. Aangesien elke individuele arbeider se werkklading na 'n O en M ondersoek bepaal is, en opdragte wat nie direk daarmee verband hou nie, die arbeider se program ernstig kan ontwrig, word personeel versoek om nie in te meng in die aktiwiteite van die swart personeel nie. Indien daar enige klagtes is oor die werkverrigting van die arbeiders, moet sit ook sonder versuim by die seksie Algemene Administrasie aangemeld word vir die nodige aandag.

W W Duminy

SKENKING

JACOB DE VILLIERS-VERSAMELING

Op 13 Junie 1979, tydens 'n middagete wat deur die Rektor Prof Hammen aangebied is, is die JACOB DE VILLIERS-VERSAMELING amptelik in ontvangs geneem.

Hierdie waardevolle boekery het 'n interessante geskiedenis. Gedurende 1938 is die versameling deur die weduwee van wyle Hoofregter Jacob de Villiers in bruikleen aan die Universiteit van Pretoria afgestaan. Gedurende 1957 skuif daar egter 'n donker wolk oor die versameling toe daar sprake was dat die boekery vir 'n tydperk aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in bruikleen afgestaan moes word.

Daar is dadelik met die familie onderhandel met die vriendelike versoek dat die versameling aan die Universiteit van Pretoria geskenk word. Op daardie stadium het die familie egter gevoel dat die boekery liefs vir 'n verdere periode van twintig jaar in bruikleen aan die Universiteit van Pretoria afgestaan word, eerder as om van hul eiendomsreg afstand te doen.

Die tweede bruikleen periode sou op 31 Desember 1978 verval. Weereens is daar op die hoogste vlak onderhandel om die boekery aan die biblioteek as geskenk te kry. Hierdie onderhandelinge was uiters geslaagd en spog Merensky biblioteek met 'n toevoeging van 440 titels tot sy voorraad. Die versameling is hoofsaaklik op die gebied van regsgeleerdheid maar dit sluit ook werke in oor teologie, opvoedkunde, sosiologie en Africana. Die Africana-werke bestaan uit ongeveer 80 titels.

Volgens Roberts se "South African legal bibliography (1942)" is daar besondere werke in hierdie versameling. Slegs 'n paar word uitgelig.

- (1) Arntzenius, H.J. Specimen de origine et progressu juris belgici civilis. 1767. Uitgesonder die Hertzog-versameling, is UP die enigste eienaar van die werk.
- (2) Gneist, R. Die Formellen verträge des neuen römischen Obligationenrechts. UP het die enigste besittingsvermelding.



- (3) Domat, J. The civil law in its natural order. 1861. Die werk het aanvanklik in 1722 verskyn, maar UP is die enigste eienaar van die 1861-uitgawe.

Wyle Hoofregter Jacob de Villiers was 'n Vrystater van geboorte, maar het vanaf 1894 as advokaat te Johannesburg gepraktiseer. Vanaf 1896 - 1898 tree hy op as staatsprodureur in die Oranje-Vrystaat. Met die uitbreek van die Anglo Boere-oorlog sluit hy by die O.V.S.-magte aan. Hy word ernstig verwond en word as krygsgevangene na Bermuda gestuur. Na sy terugkeer praktiseer hy weer vanaf 1903 - 1907 as advokaat te Johannesburg. Vanaf 1907 - 1910 is hy Volksraadslid vir Maraisburg, Prokureur-generaal en Minister van Mynwese. Na Uniewording in 1910 word hy die eerste Regter-president van die Transvaalse Provinsiale Afdeling. Gedurende 1920 word hy aangestel as Appèlregter en in 1929 as Hoofregter van die Unie van Suid-Afrika wat hy beklee tot en met sy oorlye in 1932.

Hoofregter Jacob de Villiers sal deur regsgeleerdes onthou word vir toonaangewende uitsprake wat deur hom gelewer is wat tot vandag toe nog as rigtinggewend bestudeer word.



Teater

KINDERTEATER : DIE PRINSES EN DIE SIGEUNERS

Augustus is dit weereens tyd vir ons jaarlikse Kinderteater.

Hierdie jaar voer ons Die Prinses en die Sigeuners op.

Alle feëverhale speel af in pragtige kastele met Konings, Koninginne, Prinse en Prinsesse wat na vele probleme tog alles oorwin en dan lank en gelukkig lewe.

Ons verhaal is dan ook geen uitsondering nie. Ons prinses Miranda ontvang 'n goue hangertjie van haar moeder, die koningin.

Die volgende dag speel sy buite in die paleistuin en haar bal wip oor die muur. Die prinses besluit om die bal te gaan soek en verlaat sodoende die paleisgronde.

Sy dwaal al verder en verder van die paleis af weg. Teen die aand is sy so moeg van al die nuwighede wat sy ontdek het, dat sy somer in die bos aan die slaap raak.

Die wind begin waai en die blare wat aan die bome is, val en bedek haar sodat haar pa, die koning, se soldate haar in die donker nie kan vind nie.

'n Klompie sigeuners wat bessies pluk, kom op haar af en neem haar saam na hulle kâmp. Dit lyk asof die wind haar geheue ook weggewaai het.

Tien jaar later ontvang die sigeuners 'n uitnodiging om aan die Herfs-feesseisoen deel te neem. Die koning merk dat een van die sigeunermeisies 'n goue hangertjie dra en roep haar nader. Sal Miranda haar moeder herken en sodoende weer in die paleis gaan woon, waar sy hoort?

Ons kinders en volwassenes word genooi om te kom kyk wat gebeur tydens die herfs-feesseisoen.

Die opvoering word gedoen deur ons senior-dramastudente onder spelleiding van Braam Cilliers - regisseur van Liewe Heksie in 1977.

Graag verskaf ek die volgende inligting:

SPEELVAK: 2 Augustus tot 11 Augustus 1979

PLEK: Maskerteater (h/v Tindall- en Lynwoodweg)

TOEGANG: * Kinders R0.85
* Volwassenes R1.90
Twee leerkragte per vyftig leerlinge sal gratis toegelaat word.

* Die pryse sluit Computicket se kommissie in!

BESPREKING: Computicket
Bespreking open: 17 April 1979
Bespreking kan skriftelik of persoonlik op meegaande besprekingsvorm gedoen word.

Geen besprekings kan deur ons kantoor nanteer word nie.

Gaste

Besoek aan die Biblioteek deur die Kuns en Balet-Balletskool

Mev Faulhaber en 14 biblioteekprefekte het die biblioteek op 4 Julie 1979 besoek.

Sy en haar spannetjie het die besoek baie waardeer en geniet en ook 'n mooi bedankingsbriefie aan ons gerig. Die besoek het amper twee ure geduur.

Die guillotine in die Bindery, die Ultraficheleser en die "kleinste bybeltjie" in die Merensky het groot aandag getrek.

herhaal asseblief

TENNIS?

Met Wimbledon nog vars in die geheue, en die sakke vol geld wat die weners saam geneem het huis toe was dit nogal 'n openbaring om die afgelope tyd in een van die tennistydskrifte te lees dat die prysgeld op so 'n toernooi eintlik maar 'n sent in die sak van die meeste spelers is, in vergelyking met wat hulle vir deelname aan advertensies verdien.

Voordat Björn Borg 'n enkele hou gespeel het, kan hy jaarliks reeds \$ 2 miljoen gaan bank, en dit net vir die klere en toerusting wat hy met elke toernooi dra. Hy ontvang \$ 50,000 per jaar vir die sweetband wat hy dra, en sodoende Tuborg bier adverteer, terwyl die Skandinawiese Lugdiens hom \$ 50,000 per jaar betaal vir die skouer kenteken wat hulle dienste bekend stel (Wonder wie betaal sy vliegtuigkaartjies!)

Verder spandeer hy nie 'n sent aan tennisklere nie; Intendeel, hy ontvang \$ 200,000 per jaar van Fila omdat hy hulle klere dra, terwyl Tretorn hom \$ 50,000 betaal vir die voorreg dat hy hulle skoene gebruik!

Vir die raketsnare wat hy gebruik waarop die VS-teken is, ontvang hy \$ 20,000 per jaar, terwyl hy 'n verdere \$ 100,000 in sy sak steek vir die raket waarmee hy in die V.S.A. speel, en 'n verdere \$ 100,000 vir die raket wat hy in Europa gebruik.

Tracey Austin, die 16-jarige speelster van die V.S.A. het in die eerste ses maande wat sy beroeps-tennis gespeel het, \$ 234,000 en 'n Porsche verdien. Dat mens nou op 16 kon dink R5 'n maand sakgeld is baie!

Van Mammon na Venus. 'n Ander interessantheid in van die tennistydskrifte die afgelope tyd, was die troufoto's van Chris Evert en John Lloyd. Mense wat belangstel in die ontwerp van haar rok moet maar afkyk, want ek glo nie dit is beskikbaar nie - die rok het maar net 'n minimale \$ 3,000 gekos.

WINTERMODES 1919/1979

Fig. 46 is 'n mooi mantel wat bij dag sowel als saands kan gedra word. So 'n mantel kan gemaak word van bijna enige soort materiaal, maar dit lijk baie deftig van swart satijn met 'n gebloemde of gekleurde voering.

Aan die punte van die kraag hang grote kwaste, en die mantel word vasgemaak met dikke koord ook met kwaste aan die kante. Franjes rondom aan die kraag staat ook mooi.

Fig. 47 is 'n netjiese manteljak van Assamsij, mooi uitgeborduur op die baadje, onderbaakje, kraag en mouwe. Weerskante voor en agter het die baadje en romp twee plat plooië. Die onderbaakje word vas geknoop met ses hangknope, en ook die lijfband met twee hangknope.

(BRANDWAG 25 November 1919)



"If you make people believe they're thinking, they'll love you. If you really make them think, they'll hate you."

DON MARQUIS (1878-1937)

takbiblioteke

veeartsenykunde

Ons het amper 'n krisis gehad op Onderstepoort.

Mev Mathilda du Preez het met verlof gegaan - 'n heerlike week in Durban en nog twee weke by die huis. Ongelukkig besluit Mev Francina de Villiers om brongitis te kry in die tyd wat sy alleen moes werk !

Gelukkig vir ons en vir die mense op Onderstepoort, het Mev Hantie Nel darem kans gesien om die Merensky te verruil vir 'n week by Onderstepoort.

Ondertussen hou die studente en party dosente lekker vakansie. Die wat egter agtergebly het, werk nou harder as vantevore, om so veel as moontlik te doen terwyl die studente weg is.

Ons het in een week 56 aanvrae van een dosent ontvang, waarvan omtrent die helfte by ons takbiblioteke gevra moes word, en behalwe die enkele wat nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie, moes die ander op interbiblioteeklening aangevra word.

Ons het hier definitief nie 'n ruskansie gekry nie, alhoewel die fotostaatmasjiene darem kon agterkom dat die studente nie hier is nie.

Nou lê die tweede halfjaar voor, wat almal met alle erns gaan aanpak.

Ons sê sterkte aan al die Biblikasielesers vir die res van die jaar.

voorklinies

Hoewel die studente met vakansie is, gaan dit hier by Voorklinies heel bedrywig. Nou kry ons die geleentheid om rakkontrolë te doen. Danksy die hulp van beide mev Marie Willemse en Sarki du Toit kon ons dit die eerste week afgehandel kry, terwyl mej Esmarië Kotzé die toonbank beman.

Intussen hanteer ons nou ook ons eie Interbiblioteeklenings. Ons kom nou eers agter wat se werk op mej Sophia Möller se skouers moes rus wat in die verlede ons Interbiblioteeklenings ook behartig het.

Ons wil graag vir mej Esmarië Kotzé alles wat mooi is toewens vir die "groot dag" en daarna. Ongelukkig moet sy ons verlaat aangesien sy en mnr Pierré de Villiers hulle in die Paarl gaan vestig.

Ons wil ons ook somer in dieselfde asem vir mev Marie Willemse 'n aangename ruskansie toewens. Ons weet nie of sy soseer gaan rus nie, want sy gaan haar ouers help trek Natal toe. Nietemin Marie, ons hoop jy geniet dit!

Ons groet vanaf Voorklinies

landbou

Gedurende die vakansie is ons oorval met navrae oor tuinmaak.

Dit is veral diegene wat die afgelope tyd na nuwe tuistes verhuis het wat alles in hulle vermoëns probeer doen om kennis te versamel oor bome, struik, rankplante en blomme.

Met die koms van die lente gaan menige Pretorianer die kwekerie besoek om struik en plantjies te koop.

Hier in die landboutiblioteek is 'n paar werke wat as goeie handleidings kan dien vir dié ywerige tuiners.

1. BLOOM: Conifers (L635.9 528 473)
2. BUSH BROWN James: Shrubs and trees for the home landscape (L 635.976 579 104)
3. ECKBO Garrett: The art of home landscaping (VG 712.62 481 613)
4. ELIOVSON S.: Bulbs for the gardener (L 635.44 564 435)
5. GIDDY Cynthia: Cycads of South Africa (L588.12 563 659)
6. GILBERT Zoë: Grow it; a South African gardener's Manual. (L635.0968 563 658)
7. HAMMETT K.R.W.: Plant Training Pruning and Tree Surgery (L635.915.42 577 440)
8. HARRISON C.R.: Ornamental conifers (L635.977.52 536 142)
9. KRUGER T.J.: Bome, struik en rankplante (L588 587 207)
10. Le GRICE E.B.: Rose Growing Complete (L635.932 577 803)
11. SHEAT W.: Standard Garden Practice for South Africa (L635.9 576 889)
12. SUNSET:
 - a) Garder Trees (L635.977 577 521)
 - b) Ideas for landscaping (L712.62 577 524)
 - c) Western Garden Book (L582.645 541 759)
13. VAN DER SPUIJ Una: Maak tuin met klimplante (L635.977 582 634)

VERJAARSDAE

Mej E v.d. Merwe	Vakbib. asst.	1 Augustus
Mej A Bosman	Tydskrifte	2 Augustus
Mnr C Buys	Bindery	3 Augustus
Mev I Venter	Toonbank	5 Augustus
Mej I S du Preez	Toonbank	10 Augustus
Mev A Arnold	Vakbib.	11 Augustus
Mej A Morberg	Vakbib.	13 Augustus
Dr T Trichardt	Beplanning	13 Augustus
Mnr P Erasmus	Bindery	19 Augustus
Mej A van Rensburg	Ontsluiting	21 Augustus
Mej I M M Breedt	Fin. Admin.	23 Augustus

musiek

Sonder die gewoel en gedruis van die studente gaan dit betreklik stil hier.

Mev Babs von Ehrenberg het gesorg vir bietjie nuus vir Biblikasie, hoewel dit glad nie goeie nuus is nie! Sy en Hanzel wil bietjie in Europa gaan toer! en daarom het sy besluit om na 5 jaar se diens die leisels neer te lê.

Mag julle die toer baie geniet, maar tog ook bietjie terug verlang na Suid-Afrika.

Alle sukses ook met die toekoms planne.

Met 'n hartseernoot sluit ek af tot volgende keer.

merensky

beplanning

Deesdae moet 'n mens maar wye draaie loop om Beplanning se personeel - aansteelike siektes het skynbaar daar kop uitgesteek! Om wiele te koop is nou net dié ding; of dit nou twee wiele is, soos in die geval van mnr Henk de Bruin ('n Kawasaki 125cc), of vier wiele (die trots van Mej Mariana Steyn), maak nie saak nie.

Die vakansievirus het ook onder ons toegeslaan. Mnr De Bruin het seker sy tyd benut om sy nuwe motorfiets te leer bestuur - hy het reeds vroeg in Julie sy leerlinglisensie met vlieënde vaandels verkry. Mej Gerda Maritz het Suidwes uitgesoek as die ideale uitspanplek. Hoop nie sy het dit te aktief gevind nie! Mnr Rolf Tönsing en Mej Steyn het ook met verlof gegaan, maar hulle het met Jan Tuisbly se karretjies gery. Behalwe die bywoning van 'n Christelike konferensie het mnr Tönsing ook herstel-werk aan sy huis se dak gedoen.

Miskien behoort 'n lewensversekeringsagent 'n draai by Beplanning te gaan maak?

Intussen het dr. Tania Trichardt en Mej Leoné van den Heever die fort gehou. Gelukkig het hulle die geselskap van Mnr Peter Lor gehad, wat hierdie

maand teruggekeer het na sy studieverlof. Hoop sy werksprogram is nie te veel ontwig deur sy skielike siekte nie. Baie welkom terug.

Die eerste twintig jaar van jou lewe is jy 'n aap; baldaag, speels, onwys, na-aperig. Van 20 tot 30 is jy 'n leeu wat net wil maak en breek in jou verlustiging in jou eie krag en vermoëns.

Tussen 30 en 40 is jy 'n perd wat hard werk presteer en vergaar. Van 40 word jy 'n slimme vos in alle opsigte.

As jy die dag 60 geword het, vind jy uit dat jy jou lewe lank 'n esel was.

- KAREL JANCKHEERE

Op die eerste Maart 1978 het Marianne Viljoen saam met ons in Seksie Tydskrif-Administrasie begin werk. Van die eerste dag af het sy ons goed laat verstaan dat dit net tydelik is, sy (en haar man Philip) is van plan om so gou moontlik weer terug te gaan na die Kaokoveld daar bo in die noorde van Suidwes. Die maande het verbygegaan en later 'n jaar geword, maar Marianne het vol moed bly hoop op 'n verlossing uit die stad (en die Merensky).

Haar hoop het nie beskaam nie, want haar bedankings-brief is reeds geskryf en Septembermaand is hulle terug in die Kaokoveld - so na aan Moeder Natuur as kome kan.

Marianne, ons is saam met julle bly dat die lang wag nou uiteindelik verby is, maar ons sal jou darem vreeslik baie mis - veral jou baie hoorbare borrelende laggie. Dis maar goed dat jy so 'n goeie sin vir humor het anders sou party van ons jou lankal tot raserny gedryf het.

Net om die hele Merensky bietjie in te lig oor die bedrywighede van die Viljoens, haal ons hier 'n gedeelte aan uit die artikel wat die die Oggendblad van 14 Mei 1979 verskyn het.

"Mnr Philip Viljoen van die Eugene Marais-leerstoeel vir natuurbeheer aan die Universiteit van Pretoria het twee en 'n half jaar lank met sy vrou, Marianne, in die gebied gewoon en dikwels die olifantrotte dae lank gevolg. Bedags het hulle met 'n Unimog - 'n veelsydige vierwielange-drewe voertuig - gery en snags sonder 'n tent langs die kampvuur geslaap". (Dis maar goed dat dit pas na hul troue was anders sou Marianne sowaar nie so getrou aan haar bruidegom se sy gebly het nie. Veral nie nadat 'n nuuskierige jagspinnekop haar een aand afgeioer het terwyl sy haar daaglikse bad geneem het nie. Philip moes sy bruid in 'n skoktoestand uit die wasskottel red (van die soort wat op paaltjies staan) waarin sy pens en pootjies gesprong het van skoon skrik).

"Mnr Viljoen skryf 'n verhandeling vir sy meestersgraad in natuurbeheer oor die algemene ekologie van die Kaokoveld." (Sy eintlike belangstelling draai om die woestynolifante - die enigste in die wêreld. Daar is ongeveer 120 olifante oor en ook hulle staan 'n kans om uitgeroei te word as gevolg van jagters wat die olifante onwettig skiet om hul tande te bekom.)

Hiermee sê ons totsiens en wens julle alle voor-spoed toe met die groot werk wat vir julle voorlê.

THE LIGHT AND THE DARK

A book is a book is a token
a Prometheus unbound
a golden notebook

But sometimes
when I turn over
at night
(if only we could make Poe
try again!)
the pages
lure me into cover
enlightened as I am
by darkness at noon

At such a time dear book
and don't be a liar
tell me confidentially
which you like best
your seller reader or buyer

MORTAL SIN

grondvloer

Die rustigheid van die afgelope paar weke by Toonbank het eensklaps verdwyn. Die universiteit is aan die gang en ons by Toonbank voel dit.

Nadat almal 'n welverdiende blaaskans gehad het, is al ons Toonbankers nou ook weer bymekaar.

Mej Adré le Roux het vir 'n week rondgekuier tussen Kroonstad en Potchefstroom en sien goed daar uit.

Mej Marie Schoeman en Zanné Joubert het elk op eie stoom, by die Wildtuin gaan uitspan. Nou gesels hulle net kamp- en braai- en reisvermaak tot leed-vermaak van ons ander Jan Groentjies.

Mev Hanneljie Erlank en Mara Grobbelaar was albei deur griep platgetrek. Hulle is egter nou albei op die been en lyk perdfris.

Mev Amanda Viljoen is hard besig om die gordyne vir die nuwe woonstel klaar te maak. Almal wat raad het, gee raad en nuwe idees word gewissel, dus ons het hier 'n potensiele skouwoonstel vir "Garden and Home".



AN EXECUTIVE HAS NOTHING TO DO

Most employees believe that being an executive is just one continuous bed of roses for, as everyone knows, an executive has practically nothing to do - that is, nothing to do except; to decide what is to be done and then tell someone to do it; to listen to reasons why it shouldn't be done, or why it should be done by some other person, or why it should be done in a different way; to chase the person who was told to do it and see whether the job has been done; to enquire why it has not been done; to follow up a second time to discover that it has been done, but done incorrectly; to conclude that so long as it has been done, it may as well be left as it is; to consider how much simpler it would have been if he had done it himself in the first place, but to realise that such an idea would strike at the very foundation of the belief of all employees that an executive has nothing to do, that his life is one continuous bed of roses, for all he has to do is to sit at his big desk doing practically nothing.

FOTOBLAD

totsiens



Mev Ingrid Smith
Vakbibliotekarisstelsel



Mev Babs von Ehrenberg
Musiekbiblioteek



Mev Marianne Viljoen
Seksie Tydskrifadministrasie



Mej Magriet Bruyns
Seksie Africana en
Besondere Versamelings



Mev Jeanette Enslin
Seksie Boekbestellings

welkom




Mev Aartia Joubert
Seksie Tydskrifadministrasie



Mej Leoné van den Heever
Afdeling Beplanning en
Ontwikkeling

BIBLIKASIE



4JAAR OUD

BEPLANNING EN ONTWIKKELING

Die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling kan op 1 September 1979 reeds terugkyk op 'n bestaan van vier jaar. Die, tesame met die feit dat dit nog die grootste enkele afdeling van sy soort aan 'n Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek is, dwing ons om weer teenoor onself rekenskap te gee oor die noodsaaklikheid van s6 'n afdeling.


Aan die positiewe kant van die balansstaat kan gemeld word dat die Afdeling in die vier jaar van sy bestaan heelwat sake ondersoek en deurgevoer het. Van die mees konkrete bydraes lê op die terrein van die fisiese fasiliteite van die Biblioteekdiens, byvoorbeeld die herbeplanning van verskillende takbiblioteke en die inruim van meer sitruimte vir gebruikers in die hoofbiblioteek. Rekenarisering is 'n verdere voorbeeld waar ons meen die Afdeling 'n stewige bydrae gelewer het, terwyl sake soos die formulering van beleid in verband met die rol van die Biblioteekdiens by die lewering van eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste en mikro-ontsluitingsdienste ook vermeld kan word. Ten opsigte van kleiner sake soos 'n hersiene algemene lêerstelsel en stelsel van statistiekhouding het die Afdeling ook 'n bydrae kon maak. In aansluiting hierby kan genoem word dat 'n ontleiding wat in 1977 gedoen is, getoon het dat die Biblioteekdiens ongeveer 4,8% van sy personeelbegroting aan hierdie Afdeling afstaan. Objektief beskou en in terme van die potensiële invloed wat kan uitgaan van s6 'n Afdeling, wil dit dus voorkom asof daar nie ernstige probleme behoort te wees om die voortbestaan daarvan te regverdig nie.

Aan die negatiewe kant van die balansstaat is die enkele grootste inskrywing sekerlik dat die Afdeling nog in geen stadium daarin kon slaag om personeellede van gehalte in voldoende getalle te trek en te behou nie. Velerlei redes kan hiervoor gesoek word, maar ons moet toegee dat hierdie situasie moontlik verband hou enersyds met die werk wat in die Afdeling verrig word en andersyds met die beskikbaarheid van personeel wat toegerus en bereid is om hierdie tipe werk te verrig. Aanpassinge kan nog aan die werksituasie gedoen word, maar origens is daar skynbaar geen korttermyn oplossing vir die probleem van beskikbaarheid van voltydse personeel vir die Afdeling nie.

u.p. - biblioteekdiens - nuusblad - aug 1979

Ons is innig dankbaar vir die kern van geesdriftige en bekwame personeel in die Afdeling. Waar die ideaal van 'n groter voltydse personeel ons steeds ontwyk, sal alternatiewe gesoek moet word om beplannings-, ondersoek- en ontwikkelingswerk in belang van die Biblioteekdiens voort te sit. Die voor die hand liggende alternatief is om personeellede wat elders in die Biblioteekdiens werksaam is en bepaalde persoonlike of werksbelanstelling of -verpligtinge het, in 'n groter mate by formele projekte van die Afdeling te betrek. Dit geskied reeds in 'n groot mate by die implementering van die gerekenariseerde stelsel. Indien die nodige aanpassinge in die werklading van sodanige personeellede gemaak kan word, kan die betrokkenheid by amptelike ondersoekwerk tot groot bevrediging van só 'n personeelid strek en die Biblioteekdiens in die algemeen ook ten goede kom. Daarmee kan die knellendste probleme in die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling, naamlik 'n tekort aan voltydse geskikte personeel, ook grootliks oorkom word. Só 'n benadering strook ook met die moderne ontwikkelinge sover organisasiestrukture betref (vergeelyk byvoorbeeld die matrikstipe organisasiestruktuur) en kan juis aangewend word om moontlike te kortkominge in die huidige, grootliks funksionele organisasiestruktuur te help uitskakel.

H DE BRUIN



Kuns

BATISS - OORSIGUITSTALLING

Op 26 September begin hierdie uitstalling vir 'n maand in die Kunsmuseum voordat dit op reis gaan deur die land vir ongeveer een jaar. Die opening hou die belofte in van feestelikeheid waarvoor Battiss sonder twyfel sal sorg. Reeds het hy uit Tahiti 'n Zook-teken bestel vir sy Zook-hoekie!

SANSO (SAPSE)

IMPLEMENTERING VAN DIE SANSO (SAPSE) - INLIGTINGSTELSEL

Reeds die afgelope jaar het die akroniem SAPSE van tyd tot tyd in gesprekke en tydens vergaderings in die Biblioteekdiens opgeduik. Soos Trinkle sou gesê het, veral soms. Vanaf September vanjaar sal daar meer van ons met SAPSE (Spreek uit "sêps") kennis maak. Hiermee dus 'n bietjie agtergrond.

SAPSE staan vir South Africa Post-Secondary Education. (Die handleidings en dokumentasie was nog nie in Afrikaans vertaal nie sodat slegs die Engelse akroniem algemeen bekend is). In Afrikaans heet dit Suid-Afrikaanse Na-Sekondêre Opvoeding (SANSO) en ons sal in die vervolg so daarna verwys. Die SANSO-Inligtingstelsel is 'n bestuursinligtingstelsel wat deur die Departement Nasionale Opvoeding ontwikkel word om op 'n eenvormige basis sekere belangrike statistiese inligting van eventueel alle Suid-Afrikaanse tersiêre onderwysinrigtings te verkry, en om die inligting so te verwerk dat dit benut kan word vir oordeelkundige beplanning en besluitneming op 'n landswyse grondslag. Die inligtingstelsel dek alle fasette van die tersiêre onderwys: kursusse en leerstof, studente, personeel, geboue en terreine, vaste bates, finansies en dergelike meer.

Tot dusver het elke universiteit maar grotendeels volgens sy eie insigte van hierdie sake rekord gehou en daarvoor verslag gedoen. Tans is die universiteite besig om hul statistiekhoudingstelsels aan te pas sodat hulle die eenvormige gegewens kan lewer wat vir die SANSO-Inligtingstelsel verlang word. Dit is geen eenvoudige taak nie. In sekere gevalle moet gegewens verstrekkend word wat nog nooit tevore ingesamel is nie. In baie ander gevalle word die gegewens wat ingesamel moet word op ander wyses omskryf of ingedeel, sodat reeds beskikbare gegewens aangepas of omgeskakel moet word.

Die Biblioteekdiens neem deel aan U P se program om die SANSO-Inligtingstelsel te implementeer ten opsigte van gegewens wat op die Biblioteekdiens betrekking het. Daarbenewens neem die Biblioteekdiens ook aktief deel aan die werksaamhede van 'n Werksgroep wat deur die Interuniversitêre Biblioteekkomitee van die KUH aangewys is om die implikasies van die SANSO-Inligtingstelsel vir Universiteitsbiblioteke te ondersoek.

Nou is die stadium bereik waar die Biblioteekdiens sy interne prosedures vir die rapportering van die verskillende tipes biblioteekmateriaal in besonderhede moet uitwerk. Danksy die verbeterde stel-

sel van statistiekhouding wat verlede jaar ingevoer is, sal die nodige gegewens vir 1979 volgens die SANSO-vereistes gerapporteer kan word. Dit sal slegs kleiner aanpassings en omrekening verg. Ons moet egter ook nou beplan vir die invoering van die volle SANSO-stelsel met ingang 1980. Dit behels onder andere dat die hele voorraad soos op 1 Januarie 1980 in 23 onderwerpskategorieë ingedeel moet word. Daarna moet toevoegings en ont-trekkings lopend in terme van hierdie indeling gerapporteer word.

'n Span bestaande uit mej Anne van Zijl, mej Breggie Kotzé, mev Rita Botes, mej Manda Mörsner en mnr Pieter Ferreira sal onder leiding van mnr Peter Lor aandag skenk aan die retrospektiewe indeling van die voorraad en aan die ontwerp van prosedures vir die lopende statistiekhouding vir 1980. Omdat die ontwerp van prosedures en veral die retrospektiewe indeling heelwat personeeltyd sal verg, is mej Manda Mörsner vir die tydperk September tot Desember 1979 na die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling gesekondeer om voltyds aan die implementering van die SANSO-Inligtingstelsel te werk. Daardeur sal die las van die individuele seksies wat by die projek betrokke sal wees, verlig word.

Implementering van die SANSO-Inligtingstelsel in die Biblioteekdiens is 'n groot taak wat ongetwyfeld nog kopkrap sal verg. 'n Goeie inset van ons kant is egter noodsaaklik omdat die beskikbaarheid van betroubare en vergelykbare gegewens vir lantermynbeplanning op nasionale vlak sowel as vir ons interne doeleindes van groot nut sal wees.

P J LOR

Mikro-ontsluiting

Ondersoeke na mikro-ontsluiting en moontlike mikro-ontsluitingstelsel vir spesifieke departemente en institute aan UP word reeds vanaf 1975 deur die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling onderneem.

In 1975 is begin met 'n ondersoek na die instelling van 'n Unitermstelsel vir die Hans Snijkers-Instituut. Daarna volg 'n ondersoek na 'n gerekenariseerde stelsel bekend as NTOOS (Nuwe Testamentiese Onderwerpsontsluitingstelsel).

Na aanleiding van 'n opname in 1977 van bestaande mikro-ontsluitingstelsels aan UP, is die volgende geïdentifiseer.

1. Departement Argitektuur (Loerkaartstelsel) (1977)
2. Departement Nuwe Testamentiese Wetenskappe (NTOOS: beoogde gerekenariseerde stelsel) (1972) (Intussen gestaak)
3. Instituut vir Geologiese navorsing op die Bosveldkompleks (Unitermstelsel) (1977)
4. Hans Snijkers - Instituut (HSI) (Unitermstelsel) (1976)
5. Instituut vir Strategiese Studies (Unitermstelsel) (1975)
6. Tuberkulose Navorsingsinstituut (Loerkaartstelsel) (1973)

'n Model Uniterm-Handleiding is in 1977 deur lede van die Afdeling opgestel.

Sedert November 1977 het die Afdeling 'n Dokumentasiestelsel (Uniterm) ingestel vir die ontsluiting van handelsliteratuur, toekennings, bibliografieë opgestel deur Afdelingslede, tydskriftikels en hoofstukke uit boeke in die biblioteekversameling met die oog op spesifieke projekte, fotokopieë van dokumente wat op IBL verkry is asook tussentydse en finale verslae wat mikro-ontsluiting regverdig.

'n Voorlopige beleid ten opsigte van mikro-ontsluitingstelsel is reeds in 1976 neergelê. Die beleid is in 1978 hersien en die reglement (nr 7) en Prosedure by die instelling en ontwikkeling van 'n mikro-ontsluitingstelsel is vroeër vanjaar goedgekeur.

Wanneer 'n behoefte aan mikro-ontsluiting by 'n departement/instituut waargeneem word, verws die betrokke vakbibliotekaris die aangeleentheid na die Direkteur (Biblioteekdiens) wat in oorleg met die hoof van die departement/instituut 'n projek-komitee aanstel om die behoefte, asook die alternatiewe moontlikhede om daarin te voorsien (byvoorbeeld gepubliseerde indekseer- en ekserptydskrifte, eksterne rekenaarinligtingsdienste, mikro-ontsluitingstelsels by ander instansies of die instelling van 'n intern-geproduseerde mikro-ontsluitingstelsel, te ondersoek.

Die projekkomitee bestaan gewoonlik uit die volgende lede: 'n lid van die betrokke departement/instituut, die verantwoordelike vakbibliotekaris en 'n lid van die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling en Seksie Mikro-ontsluiting.

Tans word ondersoek ingestel na die volgende stelsels:

- HSI ('n meer gesofistikeerde stelsel)
- Africana-pamflette in Merensky-biblioteek ('n meer gesofistikeerde stelsel)
- Departement Geslagskunde (Veeartsenykunde)
- Departement Geneeskunde (Veeartsenykunde)
- Margaretha Mes Instituut vir Saadnavorsing

STEEK OP JUL HANDE!!

Die proffie is juis besig met 'n lesing oor elektriese krag toe die einste krag padgee en die saal in duisternis gehul word.

*"Steek op jul hande!" beveel die geleerde.
Die hande gaan op ... en die ligte gaan aan.
"Veel hande," sê die hoogleraar, "maak ligte werk."*



biblioterapie

Twee Merensky-personeellede is onlangs genoeni om 'n bietjie raad te gee by die Weskoppies-biblioteek. Dit het uitgeloop op 'n baie interessante en insiggewende besoek, wat heelwat perspektief verleen aan die kwessie van geskikte leesstof vir 'n geskikte leser. Hier waar ons dit gedurig vanuit die akademiese oogpunt benader, is dit miskien goed om af en toe ook te dink aan die terapeutiese waarde van leesstof.

By Weskoppies ressorteer die biblioteek onder die arbeidsterapeutiese afdeling en sou dit seker meer as 'n leeskamer beskou kon word. Daar is geen amptelike bron van boeke en ander materiaal nie, ook nie 'n biblioteekfonds vir boeke nie, en skenkings is aan die orde van die dag. Die Pretoriase Openbare Biblioteek voorsien wel in 'n paar behoeftes soos dié aan boeke met groot druk vir bysiende lesers. Daar is egter heelwat materiaal in die gemaklike vertrekke, wat heerlik warm was op 'n ysig wintersdag, met heldergeel mure en gemaklike stoele. Die boeke is verdeel in Fiksie en Nie-Fiksie, en binne dié kategorieë is dit gealfabetiseer. Tydskrifte is daar ook, alhoewel geen lopende inskrywings gemaak word nie, en die biblioteek weereens afhanklik is van skenkings daarvoor.

Die Biblioteek word versorg deur een van die pasiënte, onder toesig van een van die arbeidsterapeute. Die pasiënt het nie op haar laat wag om ons te vergas met 'n beskrywing van haar metodes nie. Sy het 'n grondige insig in die toestand van die gebruikers, en pas haar benadering diensooreenkomstig aan. Dit was myns insiens 'n hoogs-professionele uiteensetting van hoe om lesers aan te lok, hul toestand op te som en dan die geskikte leesstof aan te beveel; afhangende van die mate van konsentrasie teenwoordig sou sy dus óf 'n ligte roman óf 'n tydskrif aanbied. Namate behandeling vorder, vind sy dat die konsentrasie ook verbeter en daarmee saam die keuse van leesstof. Dit was 'n plesier om hierdie persoon aan te hoor.

'n Interessante probleem by hierdie biblioteek is die kwessie van boetes. Daar word ver wag dat boetes verhaal sal word, aangesien voorrade daarmee aangekoop moet word. Dit is egter 'n uiters ingewikkelde situasie, aangesien heelwat van die pasiënte dikwels nie die rasionaal van die boetegeld begryp nie. Pasiënte word ook dikwels van saal na saal verskuif, wat ook kan beteken maksimum sekuriteit sale, en kan dan nie hul boeke terugbring nie. Die persoon in beheer het ons egter beïndruk met haar toegewydheid, en as dit daarop neerkom gaan haal sy self die uitstaande boeke. Sy hou

dan ook 'n baie noukeurige boekrekord van wat uitgeleen is. Ons kon aan geen alternatief vir die boetegeldprobleem dink nie, behalwe dat daar eenvoudig diskresie gebruik moet word. Dit is 'n delikate probleem, en pasiënte word gou verontwaardig oor aanmanings: gevolge kan wees dat so 'n pasiënt byvoorbeeld sommer sy/haar boek by die deur ingooi uit ergernis!

Soos gesê, is dit stof tot nadenke oor die baie gebruikte van leesstof, en oor die aanpassing van biblioteekroetine. Een ding is egter seker: ons het daar weggegaan met die hoogste respek vir die persoon in beheer, en haar benadering. Dit het vir ons gelyk na 'n baie professionele diens, gebaseer op insig, sensitiwiteit, humor en medemenslikheid; soiets kan slegs 'n mooi voorbeeld wees vir elke ander biblioteek.

J MAREE
M MÖRSNER

vor syl

HUIL DIE LESER

'n Goeie werk vir een mit hare op sy tanne om in 'n plek te kom werk wat oopgespring het. Aan die gekooste applankant sil die Nobel Fredesprys vir 1979 toegeken worre nalat hy 'n jar in frede ytgehou het.


Assistent / boekwegpakker / skropper

Applakasies word ingefirwag mit 'n goeie loon. Applankante moet fyftalag wees, 'n D.Sc. of gelykwaardagte stannert ses hê, twalf jar onnervinning fan frouens pirsoneel, nie oppie bek gefal, fliks, anskoulik fan angesig, onghiet, ryk, voor oppie wa, firslaaf aan hitte en 'n safte onnerdanage gear-tenhyt hê. Hy moet 'n ieder en inkilte boek avstov en alles weet fan allie dietektivs, lafstories, cowbooiboeke en geel lektier wat ooit gedrik worre. Vedder moet hy getygskrifte stier fan sy laaste booi en sy ma en 'n snep van hemselv in 'n soet. Sy loon sil wees allie boetegeld iedere tweede dag. Doen daatlik aansoek want 'n halwe dop is beter as 'n lege yr.

Onthou die froegste vool fang die fetste wirm

Huil die Leser

UIT: SABV-Nuusbrief, v. 14, 1964.



DOLLER AS KOP-AF.....

O wee, o wee
Die mag van die teevee !!



Op 'n blou Maandag hoor
'n handvol mense
wat vir hul voorlê
volgens die Baas se wense

Oriëntering is nie so sleg
Die meeste het lankal hul vuurdoop weg
maar toe ons van die Video hoor
verander die mening na 'n kattekoor

Dinsdag pleit ons - dit werk toe nie
"Julle gaan almal - nie twee of drie"
Hoofpyn, sinkings, die duiwelsekwaad
Werk is medisyne - is Alida se raad

Woensdag breek aan -
Almal soek transpirante
Die mense is gesnaar
en knor na alle kante

Dink jou rympte
sê jou sê
moenie vir die ander lag nie
jou pond vleis wil hul nog hê !

Dit gaan toe ook verby
oor die hartklop en die bewe
Kameras is mos vandag
al deel van almal se lewe !

Volgens die '78-Kopieregwet
Het elkeen reg op wat hy te sê gehad het
Terloops - T.V.-tariewe is hoog en duur
Vir wie kan ons almal die rekenings stuur ! ?


Magriet Lee



ACHTUNG! !

Das Machines is nicht fur Gefingerpoken. Mitten-
graben und Knobtwisten will schnappen das Spring-
werke mit Fusenblowen und grosse Spitzensparken.

Rubbermecksichtseeren, Relaxen und keepen das
Hands in der Pockets.



Colourmatch

tweede vloer

Hierdie maand moes ons Mev Reneé Roux aan Bestel-
afdeling aftaan. Reneé ons hoop dat jy baie ge-
lukkig in jou nuwe omgewing sal wees.

Mev Hannalie Swanepoel het by ons geleedere aange-
sluit en voel sommer al klaar tuis.

Mej Rita Badenhorst het 'n Konferensie bygewoon.
Haar kollegas vind dat dit sommer deesdae makliker
met die studente gaan - Die Konferensie het oor
die Keuring van Kinderlektuur gehandel.

Intussen het mevrr Anna-Marie Arnoldt en Ria van
Zyl besluit dat fietsry net die ding is om die ge-
sonheidsjaar mee te vier. Hulle weet nie of dit
'n teken van fiksword is nie, maar die studente
begin hulle al herken (veral die wat van pure ver-
basing in hulle vasry!)

Met die langnaweek op hande het almal baie planne:
sommiges gaan stap, terwyl ander braaf genoeg is
om die wit leeus van Timbavati aan te durf. Mev
Elbie van Wyk glo dat boeke wegpak die regte oe-
fening is, 'n mens kan na dese tot leeus tem

Aan almal sterkte vir 'n bedrywige Septembermaand
wat voorlê.

beplanning

Die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling was geluk-
kig hierdie maand voltallig. Na die blaaskansie
wat die meeste van ons in Julie gehad het, was dit
maar skouer aan die wiel sit hierdie maand. Dit
lyk asof daar nie eers tyd was vir sosiale nuus
nie. Dr Trichardt se verjaardag so in die middel
van die maand rond het darem vir afleiding gesorg!

Vanaf September verskuif mej Mariaan Steyn na die
Ontsluitingsafdeling waar sy die mediese materi-
aal sal hanteer. Ons hoop dit hou haar gesond!
Baie dankie ook vir al die werk en die vriendelik-
heid in die Afdeling. Mnr Peter Lor en sy familie
gaan in September by sy ouers in Sedgefield, on
die Tuinroete, kuier. Ons hoop hulle geniet die
vakansie en rus heerlik uit.

Ook vanaf September sluit mej Mander Mörsner uit
die Ontsluitingsafdeling vir 3 maande by ons aan,
soos u elders in hierdie uitgawe kan lees. Baie
welkom en sterkte met die SAPSE/SANSO-stryd!

Om al die afskeid en verwelkoming, en sommer ook
die Afdeling se vierde verjaardag te vier, het
ons 'n hopelik heerlike ete vir die einde van die
maand gereël.

finansies

Mnr Hurter van Breda wat in November 1978 in die Sektie Finansiële Administrasie begin werk het, is op 1 Augustus na die Sektie Algemene Administrasie oorgeplaas, en mev Berry Matzopoulos, voorheen van die Sektie Boekbestellings, is in sy plek aangestel. Ons hoop dat albei baie gelukkig sal wees in hulle nuwe werk.

africana

Baie welkom aan Mev Beverley du Toit wat sedert 1 Augustus die geleedere van ons afdeling versterk (personeellede sal haar herken aan die vriendelike glimlaggie). Ons is bly dat jy by ons kom werk het Beverkey!

Vrydag 10 Augustus was Magriet Bruyns se troudag!

Om tien-uur het ons in die N G Kerk, Universiteitsoord, onder Maritha se orrel begeleiding gesien hoe Mej Magriet Bruyns, Mev Magriet Kruger word. Sy het gestraal, kuiltjies en al (met 'n ou soos Pieter aan haar sy kan dit seker ook nie anders nie).

Vir Matriet en haar Pieter wens ons by monde van *BIBLIKASIE* 'n geseënde huwelikslewe toe.

grondvloer

Interbiblioteekdienste

Mev Annette Booysens is 'n nuweling in die afdeling, en lyk al baie tuis. Baie welkom en geniet die werk.

Mej Joy Roos het 'n week verlof. Benut die rus terdeë, hoor!

Mej Randi Pretorius se getroue Morris het in Hamiltonstraat, 'n ernstige kwaal ontwikkel, "longontsteking" word vermoed, maar ons hoop dis nie baie ernstig nie.

Van Mev Denise Wheeler weet ons tans baie min, aangesien sy kort-kort by opleiding is en daarna raak sy weg tussen die diensrooster se stapels papiere.

Elke keer wat mej Helena Struwig 'n braaivleis reël begin dit te reën - sommer strome! Dit moes 'n bese braaivleis gewees het.

Groete vanuit 'n pannekoek-beluëte Inter.

TOONBANK

Jie bedrywigheid by Toonbank het baie toegeneem aangesien dit weer tyd is vir die opspoor van ou boeke en boeke wat uitstaande is.

Die reaksie op die personeelaanmanings is darem gunstig.

Verder is mev Hannelie Erlank druk besig om haar huis in orde te kry na die bouery by hulle.

Mej Marie Schoeman het skielik na die vakansie met 'n nuwe motor hier aangekom.

Mej Zanne Joubert, Adri le Roux en mev Mara Grobelaar is net druk besig met toetse. Baie sterkte!

Intussen droom en praat mev Irene Venter net huisbou. Ons hoop om haar eendag te help met die "Groot Trek".

Om af te sluit op 'n meer ernstige noot. Mev Amanda Viljoen reël nog gereeld die weeklikse biduur op Donderdae tydens die etensuur. Almal is baie welkom.

GERESERVEERDE STUDIEVERSAMELING

By "Voorgraads" is die mense steeds baie bedrywig met die verskaffing van studiemateriaal aan studente vir hulle take. Sterkte.

Beide mev Geraldine Wilkes en Mej Erna Klopper was vir 'n tyd lank ongesteld. Beterskap en gesondheid aan albei. Intussen moes mnr Kobus Fouche die fort hou. Baie dankie.

REPROGRAFIESE DIENSTE

Mnr Jan du Raan en Abrie Visser het beide verdere opleiding ontvang by Rank Xerox. 'n Handleiding word intussen deur hulle opgestel met betrekking tot die menigvuldige take wat hulle afdeling behels. By voorbaat baie dankie vir die groot werk.

THE blind spend
their lifetime
learning to see.

Others who have eyes
to see
live in darkness.

lola dunston

boekbestellings

Ons verwelkom die volgende persone in ons Afdeling: Mev Reneé Roux van die 2de verdieping en mnr Neels Venter vars uit die Weermag. Mev Berry Matzopoulos is verskuif na Finansiële Administrasie.

LIMEPICK VIR 'N LEWENSBLYE

*Obskure geskenke met boodskappe wat laat lag
Is in jou posrak van mev Rautenbach
Met haar briefies en haar prente
Maak sy die winter somer lente
..... of van 'n Donderdag 'n Saterdag!*



takbiblioteke

voorklinies

By Voorklinies is die stilte van die vakansietyd gebruik om sowat 2000 bande bymekaar te kry om herstel te word by Merensky se bindery. Danksy hulle flinke diens is almal gebind en terug op die rak.

Die studente is weer terug na die wintervakansie. Met die eksamen voor die deur word die biblioteek druk gebruik. Sommige haal agterstallige lesings in deur gebruik te maak van die fotokopieermasjien. Die eerste Fisiologie-mondelings is ook reeds afgehandel en daarvoor het ons die biblioteek se seminaarkamer beskikbaar gestel.

Intussen het ons ook 'n verklikkerstelsel ryker geword. Die apparaat is nog nie in werking nie, aangesien die draaihek nog ingesit moet word. Sommige gebruikers wil weet of dit 'n drukgang is vir vee. Almal wil natuurlik 'n lesing hê oor hoe die apparaat funksioneer. Nietemin, ons is baie dankbaar dat ons nou ook 'n verklikkerstelsel het.

musiek

Met die naderende somer is dit weer 'n plesier om soggens te kom werk. Hier by Musiek gaan dit baie beerywig.

Graag wil ek net vir diegene wat hierdie maand gehelp het om my af te los, baie dankie sê. Ek be- loof om nie weer sô lastig te wees sodra omstan- dighede normaal is nie.

Elna de Bruyn

veeartsenykunde

Die hondeliefhebbers hier op Onderstepoort is in hul skik - ons het 'n hele paar boeke oor honde ontvang, en daar is nog meer op bestelling.

Ek sal kortliks die boeke wat ons onlangs ontvang het, bespreek:

1. The Rhodesian Ridgeback.
HAWLEY, T C Vet 636.753 589 091

Dit is 'n baie interessante bespreking oor die Rhodesiese Rifrug. Die geskiedenis van die ras word veral taamlik breedvoerig gedek. Dit is baie interessant om te sien waar die Rhodesiese Rifrug vandaan kom, aangesien dit die enigste Suid-Afrikaanse geteelde hond is, wat deur die Kennel Unie van Suidelike Afrika erken word.

Sy fisiese eienskappe en standaard waaraan hy moet voldoen vir skou- en teel doeleindes word ook bespreek.

Daar is ook 'n paar staaltjies in die boek om die dapperheid van die honde te illustreer. Ver- al in die ou dae, was hulle baie gebruik om leeus aan te keer en op een plek te hou tot hul baas kom om die leeu te skiet.

Dis 'n boek wat die moeite werd is om te lees, al stel 'n mens nie in die Rhodesiese Rifrug belang nie.

2. Border Collies.
IRIS COMBE Vet 636.73 588 763

Die "Border Collies" is die honde wat bekend is om skape bymekaar te jaag en aan te keer. In hierdie boek word die geskiedenis van die "Border Collies" onder andere ook weergegee.

Dit is 'n goeie boek vir telers en mense wat wil skou, aangesien die standaard eienskappe tot in die fynste besonderhede beskryf word.

Die opleiding van "Border Collies" word ook kortliks beskryf onder die volgende hoofde:

- a) First steps; b) Farm work; c) Sheep work; d) Sheepdog trials; e) Obedience work; f) Working trials en g) Other duties

Die teel van die honde word ook kortliks bespreek. Verder is daar 'n paar baie mooi foto's en sketse om die boek te illustreer.

3. The Poodle Handbook.
E H HART Vet 636.72 589 194


Die boek is ryklik geïllustreer met foto's van verskillende kampioene. Die verskil tussen 'n Standaard-, Miniatuur en "Toy"- Poedel word beskryf, asook die geskiedenis van die ras. 'n Paar hoofstukke word gewy aan oorerflike eienskappe en hoe geteel moet word om die beste standarde te kry. Dit is interessant om te sien dat poedels vroeër veral vleiseters was, en dat hulle tande bedoel is om vleis mee te skeur. Hulle moet natuurlik ook groentes inkry om 'n gebalanseerde dieet te verseker. Drie basiese dieete vir Poedels word in die boek aanbeveel.

Die skeer en alledaagse versorging van die Poedel kry ook heelwat aandag, asook die verkryging en versorging van die teef met haar klein hondjies.

Daar is ook 'n hoofstuk oor meer alledaagse siektes en parasiete, en hoe om daarvan ontslae te raak. Dit is natuurlik vir alle honde rasse van belang.

Hierdie is 'n oulike boek vir die Poedel liefhebbers.

*We the willing
led by the unknowing
are doing the impossible
for the ungrateful
we have done so much
for so long
with so little
we are now qualified
to do anything
with nothing*



Wanneer mens verneem van sommige biblioteekgebruikers se desperaat pogings om boeke te verduister kan sulke sekuriteitsmaatreëls dalk oorweg word.

VERJAARSDAE

- Mev J Swanepoel - 5 September
- Mev M C Blygnaut - 5 September
- Mev J M Cilliers - 9 September
- Mev H J Strydom - 10 September
- Mnr P S Grobler - 10 September
- Mev S Steyn - 12 September
- Mnr M J Bekker - 12 September
- Mev M W Rauterbach - 13 September
- Mnr D J Hughes - 15 September
- Mej M S Mörsner - 18 September
- Mej S Möller - 19 September
- Mnr W S H Porter - 20 September
- Mnr C W Venter - 22 September
- Mev A Pienaar - 23 September
- Mev D Wheeler - 25 September
- Mev M S J Viviers - 27 September
- Mev E J van Wyk - 29 September
- Mnr H de Bruin - 30 September

FOTOBLAD

welkom



Mev Hannelie Swanepoel
Vakbibliotekarisassistent
2de Vloer



Mev Beverley du Toit
Africana



Mnr Willem Oliver
Vakbibliotekaris
assistent Regte

totsiens




Mej Esmarie Kotze
Medies



Mnr J A Schlebusch
Regte

BIBLIKASIE



DIE KIND ... OOK ONS VERANTWOORDELIKHEID

1979 sê as "Die Jaar van die Kind" vir die bibliotekaris: "Ook jy het 'n besondere verantwoordelikheid teenoor die kind".

Ek wonder of u en ek ons roeping in hierdie verband oit genoeg besef. Miskien hou dit verband met die sorgwekkende tendens om die kind maar net as 'n miniatuur-volwassene te beskou. Daardeur pleeg ons 'n onreg teenoor die kind. Die gevaar is dat die volwassene sy beewing van die werklikheid op die kind projekteer. Die kind het immers sy eie manier van dink. Hy beskik oor sy eie verbeeldingskrag. Hy het die besondere vermoë om dit wat vir ons as volwassenes vaal en alledaags is as 'n avontuur te beleef.

Wat die kind se gebruik van die biblioteek betref, word dit vir hom 'n ontmoeting van twee wêreldes - sy eie bekende wêreld en die onbekende wêreld soos deur die literatuur aan hom ontvou. Hierdie onbekende wêreld moet hy geleidelik by sy eie inkorporeer ten einde sy beeld van die werklikheid geleidelik te vervolledig. Inderwaarheid bestaan sy wêreldbeeld vir hom uit 'n somtotaal van indrukke waarvan baie hulle oorsprong in sy leesstof het. Ons mag dus nie toelaat die ongewenste leesstof aan die kind opgedring word nie.

Die kind se groot uitdaging is om 'n getroue beeld van die werklikheid te verwerf en om hom toe te rus om die probleme wat uit hierdie werklikheid gaan voortspruit, die hoof te bied. Die wêreld waarin ons leef, is deur oorlewering van ons medemens ontvang en word op verskillende maniere ook aan die volgende geslag oorgedra. Die belangrikste is waarskynlik by wyse van die persoonlike mededelings, opdragte en lewensvoorbeelde wat die kind in die ouerhuis ontvang. Dit word aangevul deur die formele onderrig in skool en in kerk.

Die gemeenskap het egter ook middele gevind om die ouerhuis en skool se persoonlike en formele oriëntering van die kind teenoor die werklikheid aan te vul. Die belangrikste daarvan is die boek en ander inligtingsmateriaal soos die tydskrif, rolprent, videoband ensovoorts. Dit is die biblioteek se verantwoordelikheid om hierdie inligtingsbronne so te beheer dat die kind die biblioteek as 'n reuse ensiklopedie kom ervaar waar hy na behoefte gegewens kan naslaan om sy beeld van die wêreld te vervolledig.

Namate die beeld van die werklikheid of wêreld waarin hy leef vir hom duideliker en vollediger word, moet die kind ook die vermoë ontwikkel om die probleme wat so onlosmaaklik daaraan verbonde is te kan hanteer. Die sukses wat hy daarin kan behaal, is 'n aanduiding van die vordering wat hy op sy weg na volwassenheid gemaak het. Ouderdom bring dus nie noodwendig volwassenheid nie.

Die biblioteek stel sy skat van inligting en gegewens graag beskikbaar aan elkeen wat sy beeld van die werklikheid wil verhelder of vervolledig. Met sy versameling van probleemoplossings wil die biblioteek graag hulp verleen aan elkeen wat 'n bepaalde probleem moet oorkom. Dat ons in hierdie verband 'n besondere verantwoordelikheid ook teenoor die kind het, is duidelik. Wanneer die ouer en onderwyser nie meer daar is nie, moet die kind hom steeds met vrymoedigheid na die biblioteek kan wend.

Om bibliotekaris te wees, beteken dus ook om paraat te wees vir die leiding en hulp wat ons aan die kind kan bied in sy soeke na die werklikheid en na Waarheid.



*Raising children is like
baking bread; it has to be
a slow process or you end
up with an overdone
crust and an underdone
interior*

MARLENE COX

*Children need time to develop, to test, to explore,
to repeat, to reinforce, to acquire to learn.
As parents, give children the time they need.*

- Mae Ferro
(Suzuki: The Book of Music)

MUSIEK EN DIE KIND



'n Klassie Japanese kleutertjies, besig met 'n vioolles, volgens die wêreldberoemde metode wat deur die violis, prof Shinichi Suzuki ontwerp en ontwikkel is. Kindertjies begin klein viooltjies te bespeel sodra hulle in staat is om dit vas te hou. In hierdie stadium leer die kleintjies nog nie musiek lees nie. Die tegniek om viool te speel moet uitgaan van die kind se natuurlike fisiese aksie, tesame met sy orale waarneming, dit wil sê die kleintjie moet probeer speel wat hy hoor. Eers gaan dit maar treurig, maar dit is verbasend om te hoor hoe gou so 'n kleintjie regkom. Prof Suzuki glo dat musikale talent 'n menslike vermoë is wat met die regte opleiding en met die regte benadering ontwikkel kan word, eerder as dat dit 'n aangebore talent by 'n kind is, en op hierdie geloof het hy sy onderrigmetode gebaseer. Hy beweer dat musiek op die beste en maklikste aangeleer kan word in dieselfde tydperk as wat 'n kleintjie sy eerste taal leer praat, eerder as 'n soort "tweede taal" wat met die swartbord, die pen en die oog aan kinders geleer word. Die kind moet eers hoor en dan eers sien.

Benewens die feit dat hierdie metode die kind se musikaliteit ontwikkel, leer die kleintjies ook baie gou om fyn en akkuraat te luister en moet hy vroeg reeds probeer onthou wat hy hoor. Hier word dus terselfdertyd 'n goeie gehoor en 'n goeie geheue op 'n baie vroeë stadium gestimuleer en bevorder.

Die Suzuki-metode van musikale onderrig is uiters suksesvol, wen al hoe meer veld in die onderwyswêreld en kan selfs, met enkele aanpassings in die spesiale onderwys, byvoorbeeld by gestremde kinders gebruik word. Dit is inderdaad al met verstommende resultate toegepas.

Om hierdie metode verder toe te lig, is die volgende boeke in die Merensky se takbiblioteek vir Musiek beskikbaar:

MUS 185.78 SUZUKI: Nurtured by love.
MUS 185.78 SUZUKI: The Suzuki Concept.

KINDERMISHANDELING IN DIE JAAR VAN DIE KIND

In die jaar van die kind in samehang met die gesondheidsjaar is dit miskien gepas om na die ander uiterste te gaan kyk. Kindermishandeling is een van die min dinge wat die breë publiek nog werklik skok.

Dit is gewoonlik babas en kleuters wat geestelik en fisies afgetakel word en hierdie gevalle eindig dikwels in die hof. Dit is werklik tragies dat ouers onopgeloste probleme se frustrasie op weerlose en dikwels ongewenste kinders uithaal.

Hierdie probleemveld kry reeds heelwat aandag onder die medici. Navorsing word gedoen om die oorsake van kindermishandeling te bepaal. Probleemgevalle word sielkundig gehelp om die oorsake te voorkom. In Brittanje is klinieke opgerig waarin ouers met hulle kinders tuisgaan wanneer 'n probleem te groot word. Professionele hulp word aan hierdie mense gegee.

Nogtans neem die aantal gevalle van mishandeling nie af nie. In ons eie land maak so 'n saak nou opslae! Is dit dalk die rede vir die wet teen enige vorm van tug deur ouers wat onlangs in Swede aanvaar is? Wreedheid deur ouers kan egter nie op so 'n manier permanent beheer word nie. Die diepliggende probleme moet eers bepaal en opgelos word. Eers dan kan ons hoop op 'n merkbare verbetering.



PASSING THE BUCK DOWN

UNIVERSITY PROFESSOR

*"Such rawness in a student is a shame;
Lack of preparation at school is to blame"*

HIGH SCHOOL TEACHER

*"Good heavens, what crudity! The boy's a fool:
The fault, of course, is in the primary school".*

PRIMARY SCHOOL TEACHER

*"A kindergarten blockhead!
Such preparation is worse than none at all!"*

KINDERGARTEN TEACHER

*"Such lack of training never did I see.
What kind of a woman must his mother be?"*

THE MOTHER

*"Poor helpless child; he's not to blame.
His father's people were the same".*

THE FATHER

*(Said the father, keeping in line):
"I doubt the rascal is even mine".
- (From Education and Culture)*

*Uit: Die Vrystaatse Onderwyser
April 1979*

Bernard Shaw at a dinner party was seated next to an enthusiast on progressive child education. She chattered on and on while Shaw maintained a bored silence.

"Youth!" she exclaimed at last. "Youth is the most wonderful thing in the world! Don't you think so, Mr Shaw?"

"Yes", murmured Shaw. "But isn't it a pity it's wasted on the young?"

(Neon 29 Mei 1979)



Dit is die jaar van die kind, maar het dit ons al enigsins daartoe gebring om so 'n bietjie na te dink oor die kind?

Laat ons dan so 'n bietjie besin oor daardie polsende bondeltjies lewe wat elke dat ons paaie kruis. Hulle vir wie ons so maklik met ongeduld betrag as onhebbelike klein telgies wat altyd in jou pad is.

Kyk weer na die kind. Hulle is soos nuwe groen lote - sag, broos en buigbaar.

Van kleins af is 'n kindjie vir al sy behoeftes volkome afhanklik van die volwassene, veral van sy moeder. Hy is gevoelig, weerloos, sonder die instinkte waarmee selfs 'n dier gebore word wat dien tot sy beskerming. Daarom is 'n kind soveel meer afhanklik. Hulle is eerlik en sonder skyn, hulle hele wese vra om liefde, aandag en sorg.

Maar hierdie klein takkie kan ook gebreek word. Mens kan met jou kindjie amper maak wat jy wil. Jy kan hom liefhê en troetel en versorg. Maar jy kan hom ook slaan, byt en mishandel totdat hy 'n gebroke klein bondeltjie is of totdat hy sterf aan die hand van hulle wat hom in die wêreld gebring het.

Kinders is nie sondermeer onberispelik en vlekloos nie, intendeel, almal van hulle dra die smet van die sonde reeds van geboorte af. Maar tog is hulle geskape, net soos ons, na die beëid van God. Hulle is 'n gawe van die Hemelse Vader aan die ouers tot wie hulle behoort - geleen aan die ouers vir slegs 'n tydperk en uit die hand van die ouers sal God hulle dan ook weer eis.


Groete uit die middestad

Een Dag Lank
 lank gileedi
 Was Daar 'n Rees en
 'n paar kabouterjies
 en Huli Wou Die
 Rees Doot gi Hart het
 en Hul Het
 toe Bislytuli
 Sou leeri gi Bryk
 en Huli Het een
 Bisiting Bisit en
 Dit was 'n Leer
 Met tien trapies
 en toe klim een
 Kabouter
 tje met 'n groot
 spies op en
 en Daar lê Die
 Rees en Snork.
 Die skap
 en Die
 tjies Die kabouter-
 Het in gi slyp
 By sy Kaamir
 inen steek Die
 Rees in sy Hart
 en toe was Die
 Rees Doot.
 en vat AL
 sy Skat vir sy
 Koning
 vlyt-vlyt my Stoor-
 ie is yt.



Baie, baie dankie aan Louise Nel van Newcastle, wat vir ons hierdie storie geskryf het, toe sy nog 6 jaar was en net 3 maande in die skool.

Redaksie.



KARAKTERBOU

Daar is seker nie 'n groter besitting in die wêreld, as 'n edel karakter nie. Nie eens rykdom, of eer, of geleerdheid is van soveel belang nie, want dit is verganklike dinge wat ons met ons saamneem wanneer ons te sterwe kom. Ons is onbekwaam om 'n grashalpie of 'n wurmpie te maak maar ons is wel besig om 'n karakter te vorm, wat sal bly bestaan, al vergaan alles en almal om ons. Dis nie hóveel ons besit, of wie ons ken, of wát ons aantrek nie, maar wat ons is - áit is van die grootste belang.

Ons karakter bepaal ook ons verhouding tot God en die Ewigheid, asook ons invloed op ander. Ons is almal 'n taak opgelê in die lewe, naamlik om ons karakters te vorm en te bou, en om daarvan 'n sukses te maak, moet ons werk en stry. 'n Karakter ontwikkel net soos 'n skildery, wat deur die duisende verfstrepies van 'n verfkassie nader aan voltooiing gebring word. Elke strepie van die verfkassie het bygedra tot die skildery se volmaaktheid, en so dra elke werkjie, hetsy goed of sleg, by tot die voltooiing van ons karakters. 'n Duisend gedagtes, pogings, gewoontes word bymekaar gevoeg, totdat dit áie beeld van die goeie of die kwade dra.

Dan kom die vraag: Watter soort karakters is ons besig om te vorm? Is daar nie sommige van ons wat gevaar loop om 'n hopelose mislukking daarvan te maak nie? Die geheim van sukses? Liefde vir God, medemens en natuur.


JAARBLAD
 Hoërskool Voortrekker
 Boksburg

KUNS

Walter Baltiss se oorsiguitstalling by die Pretoriase Kunsmuseum vanaf 26 September tot 28 Oktober sal beslis die moeite werd wees om te besoek.

"A man of many parts is Walker Whall Baltiss. Painter, graphic artist, writer, illustrator, potter, photographer; man of wit and kindness, of effervescent joie-de-vivre and capable of inspiring the young or in fact anybody who is "tuned-in" to his wave-length".

K. Kampff in Bulletin, Pretoriase Kunsmuseum



LENTE DAG '79

Dit was 12 September Lentedag. Amptelik deur die Universiteit bepaal, al was die eerste lentemaand al amper halfpad. Wel in die tuig, maar met die lente om jou - in 'n nuwe.lenterok, of 'n handvol blomme, of net die voel van die warmte wat wil-wil deurslaan.


Dit was asof die gees anders was. By elke toonbank het iemand blomme gerangskik - en nog een sommer gekyk dat hy dit goed doen. Die Romeinse Inval, of soos die plakate gesê het, Festa Romana, het nog 'n andersheid gebring in elke dag se roetine.

En toe die teekamer. Dis asof jy skielik besef - almal vóél vandag - en dis hoe die gevoel moet lyk ! Dit was bloeisels wat sê kyk die winter is verby, jasmyn wat ruik na louswarm lentedae, madeliefies met die son in hul gesigte, en bont anemone wat droom van lang vakansiedae ...

Aan elkeen wat gehelp het - sê ons dankie in Eugène Marais se woorde, in die taal wat julle sal verstaan, want julle het dit duidelik gepraat: Dis kleine dingetjies wat meeste vreugde bring.


* * *

'n Sware werk goed afgedaan
'n wandeling met 'n vriend wat ons bemin;
die eerste groen langs muur en laan;
die gloed vanuit 'n liefdevolle huisgesin;
die blydschap, uitgestort en vry,
loop kos alleen die soek om te verkry;
die dinge wat die Lewe 'n vreugde maak.



VERJAARSDAE

2de	Mr W H Oliver	Regte
3de	Mev J Maree	Ontsluiting
6de	Mev A Boozen	IBL
8ste	Mr A Visser	Reprografiese Dienste
12de	Mev J Nel	Ontsluiting
14 de	Mev W Vorster	Kalafong
22ste	Mej V A Snodgrass	Boekbestellings
24ste	Mev R Otto	Ontsluiting
25ste	Mej E Klopper	Gereserveerde Studie- versameling
30ste	Mej B Kotze	Ontsluiting
30ste	Mej H Fouché	Vakbibliotekaris assistente 3de verd.
30ste	Mej L Botha	Medies



merensky

bindery

Op 1 Junie, sewe en dertig jaar gelede het mnr W Porter in die Bindery hier by die Merensky diens aanvaar. April 1979 was mnr D Hughes ook al een en dertig jaar werksaam in die Bindery.

Hulle het as groentjies begin en deur die jare baie personeële sien kom en gaan. Mnr Porter het intussen as Hoof van die Bindery gevorder, en mnr Hughes is tweede in bevel. Mag daar vir hulle nog baie gelukkige jare en somer baie herstelde en gebinde boeke voorlê.

Mnr J Luüs se mangels is op 19 Julie verwyder. Hy moet net in gedagte hou dat die eerste twee weke die ergste is.

Mej D van der Merwe is ook na lange maande van pynende ingroei-toonnaels verlos. Sy het die operasietjie op 11 Julie laat doen. Met die tyd wat sy sit-sit tuis deur gebring het, is 'n kombergs byna klaar gebrei.

Die Bindery spog nog altyd met amper antieke toerusting en gereedskap, ensovoorts, maar na baie lang gewag kan nou bekend gemaak word dat 'n splinternuwe masjien vir die rondmaak van die rug van boeke, ontvang en in gebruik geneem is.

ontsluiting

Graag wil ons 'n spesiale woord van welkom rig aan mev Johanna Duursema wat op 4 September 1979 die nuwe hoof van die seksie Ontsluiting geword het. Hier waar dit soms dol gaan, en waar almal met eie vakgebiede en projekte besig is, is dit noodsaaklik dat daar 'n sentrale spil moet wees waarom alles draai, en van waar heheer uitgeoefen word. Ons hoop ons sal lekker saamwerk, mevrou Duursema.

leendienste

Epidemies slaan toe by Toonbank

Mej Adri le Roux en mej Zanne Joubert moes kwaai gelawe word na 'n hewige aanval van Bobbejaanstuipe, nadat verneem is dat die eksamenrooster nog nie uit is nie. Mev Amanda Viljoen en mev Mara Grobbelaar het ook herstel, na 'n akute aanval van pitterellekoors, nadat hulle vasgestel het dat iemand hulle Fiesta Romana plakkate versteek het. Mej Marie Schoeman se oë het soos padkaarte gelyk na 'n intense studie vir haar motorlisensiehoertoets (as gevolg van 'n ongeluk), maar sy is besig om mooi te herstel. Mev Irene Venter is nog nie verlos van haar lang-asesprinkaan-siekte nie, en praat net een strook deur oor haar nuwe habitat. Mev Hannelie Erlank probeer die fort hou, om elkeen genoeg werk te verskaf, sodat hulle van hulle epidemies kan vergeet.

beplanning

Mnr Peter Lor het 'n blommemaand vir sy verlof gekies.

Die Afdeling se verjaarsdag is met 'n middagete by THE COTTAGE gevier, maar met 'n langnaweek wat saamval met die einde van die maand kon dit nie 'n voltallige viering wees nie, veral as daar vakansieoorde soos Waterberg Natuurpraal bestaan nie.

Mnr de Bruin en mnr Tönsing het saam met prof Gerryts en mnr Duminy 'n uitstalling van IBM oor kantoortoerusting soos magneetkaarttikmasjiene en fotokopieermasjiene in die Boulevard besigting, waar daar natuurlik ook heerlike eetgoed bedien is.

Mej Manda Mörsner het hierdie jaar haar verjaardag in Beplanning kom vier. Sy bly egter liewer heel-dag by die katalogus met haar steekproef vir SANSO besig.

Gelukwensing aan mnr Rolf Tönsing met die ontvangs van sy M-graad op die onlangse gradeplegtigheid.

tweede vloer

Min dinge kan so goed begin as 'n nuwe lentemaand wat met 'n langnaweek begin, en alhoewel die nuwe somermodes en sandale eers twee weke later goed inslag kon vind, het die naweek sy eie opwinding gebied.

Mev Anna-Marié Arnold kon na 'n onlangse besoek aan die Krugerwildtuin net nie gou genoeg weer verlof neem om wêër te gaan nie. Hulle was gelukkig genoeg om heelwat voëls en diere te sien, maar sy dink nog dat die jagluiperd die hoogtepunt van die hele besoek aan die wildtuin was.

Mev Ria van Zyl kon toe darem in Oos-Transvaal gaan stap - of draf, soos sy sê, om heelpad by te bly - na 'n groot soektog om gemaklike stapskoene te kry. In een winkel wou die verkoopsman solank een skoene aan haar verkoop, terwyl hy die ander een van die paar sou soek, terwyl sy in 'n ander winkel byna twee skoene met verskillende nommers gekoop het. Nietemin, die vakansie was 'n groot sukses, en is sy die enigste een wat tenminste al met bruin arms kan spog !

Mev Elbie van Wyk het 'n minder suksesvolle besoek aan Oos-Transvaal gehad. Die van Wyks het besluit om 'n liter vir later te spaar en met die trein te gaan kyk hoe die deel van ons land lyk. Met die terugkomslag het 'n vroeër trein egter by Waterval-Boven ontspoor, en kon hulle na 'n lang wag eers van Nelspruit af op Middelburg kom. Ondanks die Spoorweë se belofte dat hulle die oggend 07h00 in Pretoria sou wees, het hulle eers die middag 15h15 hier aangekom - wat vir Elbie toe 'n rapsie langer langnaweek besorg het.

Tydens een van mev Elma Schoeman se vele "omwandelinge" deur die Huisgenoot van 1928 - 1929 was daar 'n artikel onder die opskrif "Eet ons te veel?". Daar is toe reeds bereken dat 'n gemiddelde Suid-Afrikaner van 70 jaar in sy leeftyd die volgende berg kos verorber het :

350 skape; 30 osse; 50 varke; 1 000 voëls van verskillende soorte; 4½ ton brood; 2½ ton suiker; 5 000 pond groente; 2 000 pond botter en 1 000 eiers.

Hulle stel verder 'n dieet voor wat net 3 pennies per dag sal kos, en wat onder andere pap, afgeroomde melk, brood en sop insluit.

So terloops, as mev Hannelie Swanepoel jou dalk deesdae vir ete nooi, maak eers ewe diplomaties seker wat sy gaan opdis. Haar spyskaarte bestaan deesdae hoofsaaklik uit kiepiemielies en hawermeelpap, met gemmertert vir nagereg !

boekbestellings

In Seksie Boekbestellings is mev Annemarie Pienaar met verlof en mevrou van Bavkström was so gaaf om mej Esther Müller aan ons te leen as tydelike tikster. Dit is 'n groot hulp wat ons almal baie waardeer.

Lente het ook sy verskyning in die Afdeling gemaak en al die lessenaars het te fraai gelyk met al die blomme.

Mev Rautenbach het haar bedrae gemaak deur amper elke dag blomme te bring - ons sê ook dankie mevrou.

Mev Sylvia Ipland was baie ontsteld toe sy ontdek dat diewe een nag in haar motor ingebreek en haar kassetspeler gesteel het.

Laaste maar nie minste nie, wil ons almal vir mev Ria van Heerden in die afdeling welkom heet.

Daar is 'n voorstel van die Seksie :

dat ons almal lapskoene dra - so sal die vloer outomaties skoon kom en sal ons kan doen sonder die trop skoonmakers wat almal ontwrig as hulle hier invlieg.

tiksters

Mev Mara van Rensburg was die een wat gesorg het vir hope blomme vir elk van die tiksters op Lentedag. Baie dankie, Mara vir 'n vrolike Lentedag !

Mej Wanda von Wielligh was vir 'n week weg Piet Retief en Harismith toe. Ons is bly om haar weer by ons terug te hê en hoop sy het lekker kerjakkter.

Ons almal beny mej Miemie Greyling wat besig is met reëlins vir haar toer volgende jaar onder andere na die Passiespele toe ! Ons hoop dinge werk reg uit vir haar.

Dit lyk of mev Duursema se kleremaakgogga ook vir mej Annemarie van Rensburg beetgepak het. Sterkte Annemarie met die kleremaak asook die studies so tussendeur.

Arma Mev Minda Meyer se senuwees moet al gedaan wees ! Mariette se matriekafskeidrok is vir haar 'n nagmerrie.

Mej Esther Müller sou nooit kon droom dat sy sal verlang om kaartjies te sorteer nie. Hoop sy geniet dit by Boekbestellings !

Vir mev van Backström sê ons baie dankie vir die harde werk aan die nuwe baadjies. Ek dink ons moet haar voltyds in die baadjieberoep aanstel.

Verder simpatiseer ons met die afsterwe van mev van Backström se skoonmoeder. Maar ook is ons bly dat Linda se moeder nou weer byna gesond is.

takbiblioteke

klinikala

Met die somer voor die deur, beteken dit dat eksamentyd net kort om die draai lê. Dat daar nou rekenskap van 'n hele jaar se werk gegee moet word is gewis en seker - daarom dat die biblioteke tans druk besoek word. Maar soos die tyd minder word en klasse sluit, is ook die studentegetalle stadig maar seker besig om af te neem. Van ons kant wil ons dat vir oulaas baie sterkte en voorspoed aan alle studente toewens. Ons hoop dit was 'n vrugbare jaar !

Wat die sitplekbesetting hier by die Klinikala betref, sien ons darem ook nou weer lig. Soos dr Trichardt ook tereg opgemerk het, sit ons hier met "'n yslike probleem". Soos die drukte bedags toeneem en al die beskikbare sitplekke gevul word (ook die enkele stoele in my kantoor !), moet daaglik kop gekrap word om te probeer verhoed dat die stoeptrappies voor die biblioteek as studieruimte ingerig word. Gelukkig geskied dit alles in 'n baie goeie gees ! Ons vertrou egter dat daar binnekort iets aan die sakie gedoen sal kan word.

Maar kom ons vergeet van al die klagtes. Lente is in die lug, alles lyk nuut en vars en hoewel Desember nog drie maande ver is, sien die meeste seker uit na 'n welverdiende blaaskansie.

Gegroet tot aanstaande maand
Wendy Vorster

medies

DIE GAT (met 'apologie)

Hulle sê die een wat eerste oor die brug loop, val in die gat. En nou sukkel ons hier by Medies om uit die gat te kom - die oudiovisuele gat, die skyfie-gat en sommer nog baie sulke diep dongas ! Aan almal wat nog volg : moed hou en grawe : elke trappie lei na die volgende brug . . .

So tussen al die gate deur, sommer twee verjaarsdae ! Baie geluk aan mev Jeanne Cilliers-9 September en mej Sophia Möller-19 September.

landbou

Met die tweede semester reeds ver gevorderd gaan dit hier by Landbou op 'n draf stappie.

In samewerking met dr Trichardt van die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling het die sitplekbesettingsopname goed verloop.

Terselfdertyd is 'n teller geïnstalleer by die ingang van die biblioteek en die resultate was verbasend. In die eerste week het daar 'n gemiddeld van 280 persone per dag die biblioteek besoek. Noudat die teller uitgetoets is sal soortgelykes ook by die ander takbiblioteke geïnstalleer word.

Met die heerlike lenteweë, die naderende eksamens en die belofte van Jakarandas wat gaan blom, groet ons vanaf die Oos-Kampus.

musiek

Mev Anita Moolman is vanaf 1 September 1979 vakbibliotekaresse vir Musiek. Baie hartlik welkom, Anita, ons hoop jy voel gou tuis.

Saterdag, 22 September, het die Musiekdepartement 'n oerdag gehou en alles was in rep en roer om alles gereed te kry vir 'n uitstalling oor Antieke musiek in die Toonkunsakademie se biblioteek. Na verneem word was dit 'n groot sukses.

veeartsenykunde

Hier op Onderstepoort is daar 'n werkklus soos min. Dit kan mos ook nie anders nie, want dit is lente en 'n mens voel sommer lus vir die lewe.

Daar word ook hierdie maand afskeid geneem van mev Francina de Villiers wat ons op 19 Oktober 1979 verlaat. Dankie Francina vir jou bydrae hier in die biblioteek. Verder hoop ons om spoedig na drie maande die klein Francina of Dawie te sien. Waar jy volgende jaar by die Merensky-biblioteek begin werk, wens ons jou alles van die beste toe; ons weet jy sal lekker werk daar!

'n Heerlike lentegroet vanaf Onderstepoort.

But childhood takes a long time.

Something is feeding on you,
and it is what you feed on.
The source of your strength guts you.

Cars pass by on the street,
and as you feel a loose tooth, in
pleasurable pain, you think
'there is pleasure in reaching
a painful conclusion
with a tooth or with a thought.'

Simpatie

Aan die volgende personeellede ons innigste simpatie met die afsterwe van 'n familielid :
Mev H Nel, Mev M Grobbelaar, Mnr J Otto, Mev A van Bakström, Mejj Anne van Zyl en A McLaren.

Beterskap word toegewens aan die volgende personeellede : Mev R Viviers, wat weer in die hospitaal opgeneem is, Mev G Wilkes, wat 'n operasie ondergaan het en aan Mev M Meyer en Mnr J Otto wie se moeder en vader respektiewelik ernstig siek is.



Mev Matilda du Toit
Vakreferente
3de vloer



Mev Anita
Moolman
Musiek

welkom



Mev Ria van Heerden
Boekbestellings



Mev Linda Briers
Voorklinies



Mev Johanna Duursema
Makro-Ontsluiting



Mev Ronel Grobler
Tydskrifadministrasie



totsiens



Mnr Jan du Raan
Reprografiese Dienste



BIBLIKASIE



SOSIALE SAMESYN IN DIE BIBLIOTEEKDIENS

Omdat die personeel in die Biblioteek betreklik groot is en baie mekaar slegs oppervlakkig ken is daar jare gelede 'n Sosiale Komitee in die lewe geroep, wat nie alleen moes sorg vir die tee en verversings tydens werksure nie, maar wat ook by wyse van ander funksies geleenthede daar moes stel waar die personeel mekaar beter kon leer ken. Een so 'n geleentheid is 'n sosiale funksie waarheen die personeel met hulle gesinne of metgeselle genooi word.

Soos op ander gebiede van die samelewing vind ons ook in die Biblioteekdiens se geval 'n groep persone wat pragtig meelewend is en graag meedoen en altyd 'n sukses maak van die sosiale aand, wat die vorm daarvan ook al mag wees - vir hierdie persone sê ons baie dankie, gaan so voort.

Aan die anderkant het ons die passiewes - mense wat vir een of ander rede nie daarin belangstel om buite die werk met hulle kollegas te verkeer nie - dit is eintlik jammer - ons wil so graag soveel van ons personeellede as moontlik betrek by hierdie sosiale geleentheid. Dit maak dit soveel lekkerder en bied aan almal die geleentheid om mekaar se eggenotes en vriende te leer ken.

In die verlede was die bywoningsyfer nie na wense nie en hoewel die funksie nog elke keer baie suksesvol en aangenaam was, was dit tog tot 'n mate teleurstellend vir die Komitee, wat vir die reëlings verantwoordelik is, dat meer personeellede nie die funksie bywoon nie.

Aangesien die sosiale funksie as 'n geleentheid gesien word waar die personeel op 'n spontane en ontspanne wyse met mekaar kan gesels en vrolik wees wil daar van hierdie geleentheid gebruik gemaak word om een en almal te versoek as dit enig-sins moontlik is, die funksie by te woon.

Die komitee word dan ook versoek om vroegetydig 'n datum daarvoor te bepaal en die personeel daarvan te verwittig.

Uit die aard van die werksaamhede is die personeel by die takbiblioteke vir baie in die Merensky-biblioteek onbekend. Hierdie sosiale funksie kan en behoort die geleentheid te wees waar hulle die Merensky personeel beter kan leer ken en omgekeerd.

Waar ons nou vinnig die einde van die jaar nader, mag ons die hoop uitspreek dat ons volgende jaar almal aktief gaan deelneem aan die sosiale byeenkomste van die Biblioteekdiens.


Aan al die personeellede wat met eksamen besig is word sterkte en sukses toegewens.

'n opname van gebruikers van eksterne rekenaar-matige inligtingsdienste aan U.P. met behulp van 'n vraelys, sowel as die beleidsreglement en prosedure van die Biblioteekdiens met betrekking tot die benutting van inligtingsdienste. Gunstige kommentaar hierop is reeds ontvang van verskeie biblioteke aan wie hierdie eerste nommer gestuur is.

Die volgende nommers word in die vooruitsig gestel:

- 2 : Die hantering van interne mikro-ontsluitingstelsels in die universiteitsbiblioteek.
- 3 : Praktiese handleiding vir die Unitermstelsel.
- 4 : Die bestuur van universiteitsbiblioteke.

boekenuus



GROGAN, T : Vanishing Villages


Vir diegene wat belangstel in die Afrikaanse kultuur-erfenis het daar onlangs verskyn : "Vanishing Villages", van Tony Grogan.

Die boek is ryklik en pragtig geïllustreer en die sketse weerspieël die eenvoudige landelike lewe van die kleurling in die klein dorpie van die Wes Kaap. Dit illustreer die eenvoudige geloof en die ongedwonge opregtheid van die mens wat na aan die natuur en aan God lewe.

Dit is hierdie lewenskwaliteit wat Tony Grogan uitbeeld in sy boek soos hy dit aangetref het in die klein sendingdorpies van Genadedal, Mamre, Wupperthal, in die Sandveld en in die Overberg. En dit is hierdie dorpie wat a.g.v. depopulasie en met die ontwikkeling van die handel en nywerheid vinnig besig is om te verdwyn.

Die ou huisies en woninkies is besig om te verwaarloos, verloor hul karakter omdat nuwe sinkdakke die ou gras- of rietdak vervang. Oral begin TV-antennas opgemerk word en die ou tradisionele meubels word vervang deur chroom en glas wat antieke-handelaars aan die mense afsmeer.

Hierdie pragtige boek bewaar vir ons die teel van 'n era wat vinnig besig is om te verdwyn.



If you are troubled with the price of Accuracy; and would have it completely taken out of you; print a catalogue.

D.M. MORRIS : A HISTORY OF CATALOGUING AND CATALOGUING METHODS.

Verslagreeks van die Biblioteekdiens

Ons eerste nommer in die Verslagreeks het in September verskyn.

Die Verslagreeks is 'n poging om interne ondersoek van aktuele beroepsbelange wat o.a. deur die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling uitgevoer word wyer bekend te stel (veral aan ander universiteitsbiblioteke waar daar heelwat belangstelling heers vir sommige van die ondersoek- en beplanningsprojekte wat hier uitgevoer word.)

Die Verslagreeks verskyn onreëlmatig en word met publikasie in die SABV-Nuusbrief aangekondig. Eksemplare word gratis aan ander Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke en pligeksemplaarbiblioteke gestuur, maar enkelnommers is ook by die Afdeling Algemene Administrasie te koop.

Die eerste nommer dra die titel: Die rol van die universiteitsbiblioteek in die benutting van eksterne rekenaar-matige inligtingsdienste : enkele ondersoek- en beleidsdokumente van die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria en bestaan uit 'n voorwoord deur Prof E D Gerrits geskryf, 'n inleiding deur mnr P J Lor (die redakteur), twee dokumente van mev J M Cilliers : 'n literatuurstudie oor bg. rol van die universiteitsbiblioteek en

Die eerste volkleur Suid-Afrikaanse boek oor binnehuise plante "Container and Indoor Gardening", deur Keith Kirsten, is 'n funksionele werk wat geskik is vir beide beginner sowel as entoesias.

Onderwerpe wissel van botteltuine en patios tot Japanese bonsaikuns. Die werk bevat ook 'n afdeling wat handel oor grondbemengsels, keuse van houers, voedsel asook die behandeling.

Klasno:- L635.965
Regno :- 592153
Uitgewer : Jonathan Ball Publ., Johannesburg, 1979.
ISBN :- 0-86850-012-7

Superbrein?!

In die klassieke wetenskapsfiksie verhaal van die 1930's - "Vision of the hydra" - het prof Alanson Willenborg sy lewe daaraan gewy om elkeen van die 10 duisend miljoen neurons in sy brein gelyktydig op een groot probleem in die kosmos toe te spits.

Hy het sy brein so ontwikkel dat hy mettertyd vyf verskillende take tegelyk kon verrig - met albei sy hande aan twee verskillende stukke skryf, terwyl hy 'n tegniese onderwerp met sy kollega bespreek, lees en sommer 'n potjie skaak speel. Ongelooflik?

Dit was net 'n duur speletjie wat hom sy brein gekos het. Hy het geestelik verstoerd geraak ...

Die les uit die storie : dit is gevaarlik om met die werk van Medernatuur te peuter - veral met so 'n ingewikkelde orgaan soos die brein. Maar nog is't het einde niet!

Te danke aan onlangse ontdekkings dat die brein in staat is om sy eie verdoewingsmiddels - 'n proteïene van die peptied-familie - te vervaardig, kan die brein moontlik versterk word (om selfs 'n superbrein te ontwikkel) sonder enige van die algemene risiko's.

Kreatiwiteit en intelligensie is maar twee van die breinaktiwiteite wat deur hierdie peptied-familie gestimuleer word.

Wetenskaplikes het in die laaste paar jaar dieper in die geheimnisse van die brein ingedring en vasgestel watter bestanddele in die brein verantwoordelik is vir bv. geheue of gemoedstoestand.

Daarna het hulle begin eksperimenteer met die "oorplanting" van sekere toestande van een dier op 'n ander. Bloed van slapende konyntjies is bv. in wakker konyne ingespuut, wat dan aan die slaap geraak het. Ander toestande kan op dieselfde maniere oorgedra word deur die betrokke peptied in ander persone in te spuit (!)

Na slegs 'n paar jaar trek peptied-navorsing reeds baie aandag van wetenskaplikes reg oor die wêreld. Peptiede het 'n buitengewone kapasiteit om breinselle te stimuleer om probleme te oorkom en die kwaliteit van geheue en studie-vermoë te verhoog. Peptiede bevat die geheim van gemoedstoestand, emosie en pynbesef. As hierdie navorsing opgevolg word, is dit net moontlik om deur chemie die era van die superbrein binne te gaan.

(uit: Medicine Digest, 5(8) 1979)

Alle siektes en kwale is - ondanks ongelooflike mediese vordering - nog nie ontdek of bekend nie. Vreemd? Moontlik, maar baie waar.

Nog 'n nuwe (kom ons sê) toestand het onlangs kop uitgesteek. Ironies genoeg het hierdie "siekte" juis sy oorsprong by die vinnige ontwikkeling van die mediese wetenskap gekry. Die Spaghetti Sindroom is 'n direkte uitvloeisel van die gebruik van moriatorstelsels by kritieke pasiënte. Die toestand is egter so opvallend dat dit dikwels onopgemerk verbygaan.

In die leke-mond word iemand se toestand dikwels geklassifiseer na gelang van die aantal pypies wat orais rondom en oor hom lê. Die pypies lyk na 'n bord spagnetti. Die toestand het egter ingeboude gevare en die neutralisasie daarvan kan letterlik 'n pasiënt se lewe verleng.

As gevolg van die groot aantal pypies is die kans op potensiële noodlottige foute (met betrekking tot medikasie, die staking van of begin met nuwe behandeling) baie groot. Diskonneksie gedurende behandeling of sorg is ook 'n wesenlike gevaar.

Al hierdie probleme maak die Spaghetti Sindroom 'n toestand waarmee rekening gehou moet word. Daar is egter 'n oplossing gevind vir die probleem deur middel van kleur-kodering. Binne-aarse pypies word blou gemerk, slagaar pypies rooi en langslagaar pypies geel. Dit het egter nie die "spaghetti" verminder nie. Dit is toe opgelos deur al die verskillende, deeglik gemerkte pypies deur 'n geriffelde pyp te sit. Insteeds van 'n heile hoop "spaghetti" is daar nou net een enkele plastiek pyp en is die gevare van die "Spaghetti Sindroom" afgeweer.




Fig. 1

Die "Spaghetti sindroom" word dikwels nie eers opgemerk nie





Fig. 2

Die probleem word opgelos deur al die pypies deur een geriffelde pyp te lei

Vir die Latiniste:

Verbuiging van die onreëlmatige werkwoord DOBIRE, soos verstrekkend in die Dictionarius verborum nattelosorum latinae Linguae. (Jons en kleinseuns, uitgewers, 1899):

Dobim
DOBIS
Dobit
Dobimus
Dobitis ?
DOES:IT



Biblioteekkunde : Publikasies

Die versoek het gekom dat 'n geselekteerde lys van publikasies met betrekking tot Biblioteekkunde geplaas word in "Biblikasie". Vir diene wat belangstel in Biblioteekkunde of aspekte daarvan, sal dit sekerlik 'n waardevolle bron van inligting wees.

1. BAHR, A.H. : Microforms : The Librarians' view 1978/79 025.179
2. BARNES, M. and Roy, S. : Exploratory essay on aspects of Library work with young people 027.62
3. BENSON, I. : News and newspapers 014.3
4. BENSON, I. : Press and public opinion 014.3
5. BENSON I. : Vraagstuk van 'n gebonde pers 014.3
6. CHARLES Ammi Cutter : Library Systematizer; ed. by F.L. Miksa 020
7. CHIRGWIN, F.J. : The Library assistants' manual 023.5
8. CLINIC ON LIBRARY APPLICATIONS OF DATA PROCESSING : Problems and failures in Library automation 025.078
9. CONFERENCE ON LIBRARY ORIENTATION FOR ACADEMIC LIBRARIES : Putting library instruction in its place 024.07
10. DEVELOPMENTS in the organization of non-book materials; ed. by J. Andrew 025.17
11. EXPANDING media; ed. by D. Boyle 025.177
12. GARFIELD, E. : Citation indexing; its theory and application in science, technology and the humanities 014.52
13. HALL, J.J. : On-line information retrieval sourcebook. 014.52
14. HOW TO START an audio-visual collection; ed. by M. Nadler 025.177
15. JONES, M.: Continuing education for librarians 020.711
16. LANCASTER, F.W. red. : Evaluation and scientific management of libraries and information centres 025
17. LARSGAARD, M. : Map librarianship; an introduction 025.176
18. MCCULLOUGH, K. : Approval plans and academic libraries; an interpretive survey 027.7
19. MCINNIS, R.G. : New perspectives for reference service in academic libraries 027.7
20. OUTEURSPESKONFERENSIE, Pretoria, November, 1978. (Arangelinge) 347.8
21. RIJSBERGEN, C.J. van : Information retrieval 014.52

22. ROBOTHAM, J.S. : Library programs; how to select, plan and produce them 021.4
23. SAMUELSON, H.B. : Information systems and networks; design and planning guidelines of informatics for managers, decision makers and systems analysts 014.52
24. STEADY-STATE, zero growth and the academic library; a collection of essays; ed. by C. Steele 027.7
25. STONE, E.W. : American Library development, 1600-1899 / 012.009.73
26. THESAURI and thesaurus construction; ed. by M. MacCafferty. 014.52
27. WICKER, W.W. : The growth and development of the organizational structures of university libraries 027.7
28. WILSON, P : A community elite and the public library; the uses of information in leadership 027.4
29. YOUNG, C.H. : Planning, programming, budgeting systems in academic libraries 027.7

Veels Geluk

Bevorderings

Mev C Blignaut - Senior Tikster/Sekretaresse
Mev A M Dippenaar - Senior Bibliotekaresse
Mej J du Preez - Bibliotekaresse
Mnr G J Luüs - Assistent Binder III
Mej A Pienaar - Senior Bibliotekaresse
Mnr H van Breda - Administratiewe Assistent Gr. I

Verjaarsdae - November

2de	Mev S Potgieter	Boekbestellings
8ste	Mev A van der Merwe	Buitemuurs
13de	Mej H Visser	Tydskrifadministrasie
24ste	Mej A Smuts	Sekretaresse
29ste	Mej J du Preez	Landbou

Baie, baie geluk met die bevorderings en die verjaarsdae. Mag die nuwe werk of die nuwe lewensjaar net die beste inhou

*Ons het almal grense
Maar ons kan self kies
of ons dit ons tralies
wil maak of ons skanse.*


- BARTO SMIT

ontsluiting

Hier het ons uiteindelik met die enigmatiese DOBIS kennisgemaak in al sy glorie. Op die oomblik word maar nog net "gespeel" op die terminale, en is dit meestal 'n geval van hier kiek-kiep, daar kiek-kiep en woerts, weer 'n blaps - en moet die leiers hulle naas om te kom help regmaak. Almal stem egter saam dat hierdie nuwe ding in ons lewe die GROOTSTE verligting en genot meebring: die kreet weergalm elke dag opnuut: "Die katalogus is dood - lank lewe die rekenaar!" Voorts wens almal hulself geluk met die uiters waardevolle ondervinding wat nou opgedoen word en gaan word, en is die ontsluiters weer vol selfvertroue en trots in hul beroep. Nou is ons nie meer die nederige slawe van die konsepvel of die herkat nie, maar wel op die punt om 'n magtige instrument te beheer waarmee ons mirakels van orde in die chaos sal skep.

Graag wil ons dan net vir mej Coertze, mnr Tony Roberts, mnr Tönsing en die groepleiers bedank vir hul hulp en bystand met die inisiasieproses.

Om te vier, het die afdeling ook 'n baie suksesvolle byeenkoms gereël, waar daar heerlik geëet, gedrink en gesels is. Die jaar 1979 is 'n groot jaar gewees, en 'n vermoeiende een, maar met DOBIS om na uit te sien in 1980, is almal vas van plan om hierdie jaar die beste vakansies ooit te geniet. Ons groet en bedank ook al ons ander kollegas vir die aangename samewerking.



boekbestellings

"Jack of all trades". Dareem nie "master of none" nie, veral nie wanneer mens die grootse taak wat verlede week hier ter plaatse afdeling is, in herinnering roep nie. Dit was Bestel se tragiese taak om 'n volledige oprame te maak van die Prof Groenewald-skenking. Vir ure aaneen was daar 'n woestynstilte in die afdeling - waarheen het almal verdwyn? Maar doer agter, tussen die hoë koue rakke by Ontsluiting, was elke bemanningslid besig om die stryd in die boeke-loopgraaf te stry. Dit het nie lank geduur voordat mev Rautenbach toegesgooi is met die vrugte van ons arbeid nie. Sy kon 'n sug gee (nie van verligting nie) en C.E.D. op haar notaboek aanteken. Gelukkig is ons hoof, mev Rita Botes, darem die aanskoue van ons verriet gespaar - sy was 'n week met verlof. Welkom terug, Rita.

tydskrifadm.

By ons gaan dit maar oes
 Ons poskamer en tafels lyk lekker woës.
 Die siele is maar min
 Die eksamens het mos begin.

Die hele seksie ween
 want ons Hessie is mos heen.
 Sy laat ons in die steek
 vir 'n man wat voltyds wil preek.
 Hardop gaan ons snik
 want wie gaan nou ons briewe tik?

Geweet van die tak van I - J ?
 Wie is dit, vra julle my?
 Dis Irene natuurlik, en Josef haar kneg
 En tussen dié twee loop die Kelcer doodreg.

En op die koop toe moet ons nou nog ook tel
 Op die Kassierspunt partykeer, en dis iets wat kwei!
 Party kan nie dink nie
 en die res is nie flink nie.
 En ons moet inbetaal
 al is ons beursies kaal.

J Maree




tweede vloer

Hier op die tweede vloer wil ons graag vir mev Alida Dippenaar en mej Rita Badenhorst geluk wens met hul bevordering. Rita is volgende jaar Leiervakbibliotekaris en Alida is aangestel as senior bibliotekaris.

Mejj Magriet Lee en Elna Schoeman sal vir 2 weke sonder hulle assistent moet klaarkom, want mev Zani Swart het heerlik in die Drakensberge gaan vakansie hou.

Daar is darem ander ook wat so 'n voorsmakie van 'n vakansie gehad het. Mevv. Annetjie Korkie, Anna-Marie Arnoldt, Elbie van Wyk, Ria van Zyl en mej Magriet Lee het van die vakansiedag sommer 'n langnaweek gemaak.


Met die jakarandas in blom en die eksamen op



Oudiovisueel !?!

takbiblioteke

beplanning



Oktober was 'n besige maand by Beplanning (en boonop dreig 'n 'onverwagse' eksamen vir mej Leoné van den Heever.)

Die Topbestuur, mnr Rolf Tönsing en mnr Otto het 'n tentoonstelling van besigheidstoerusting op die Randse skouterrein bygewoon.

Mnr Peter Lor het 'n baie insiggewende lesing oor 'zero growth' biblioteke vir die B.Bibl (Hons.) studente in die middel van die maand gegee en mnr De Bruin is druk besig met die reëlings vir die SABV-konferensie en referate by 'n IBM-seminaar en die SAMARC-kursus.

Op Rolf Tönsing se program is ook die IBM-seminaar en 'n weeklange SAMARC-kursus.

Daar is ook 'n verlowing in die Afdeling gevier. Mej Leoné van den Heever het haar op 6 Oktober aan mnr Gerhard du Plooy verloof en ons wens hulle net die beste vir die toekoms toe.

Ons vorige sekretaresse mev Marita Bignaut het vanaf die 18de 'n 8 pond 10 onse seun om haar oae mee te vul. Baie geluk aan haar en mnr Jan Bignaut.

bindery

Mnr W Porter het 'n paar dae ontvlug deur verlof te neem, ongelukkig het die werk tuis die gewoonte om op te hoop en is rus 'n luukse wat nie bekostig kan word nie.

Mnr J Luüs het ook 'n week verlof gehad en saam met sy seuns gaan visvang.

Een van die Bindery personeellede het - om hulle reputasie gestand te doen - weereens 'n motor gekoop. Mnr Chris Buys het mnr Julie Luüs se Volkswagen oorgeneem.

Vir die tweede agter een volgende jaar het G/Korporaal D van der Merwe nuus gemaak deur die eerste vroulike personeellid van die Herensky te wees wat deur die Weermag vir diens opgeroep was. Die ergste van die hele maand in die "army" was dat sy onder andere nie-amptelik as kok diens moes doen. Van "Bully-Beef", "Baked Beans" en "dog biscuits" kan sy boekdele spreek.

Die Bindery personeel sê baie dankie vir die persoon wat met sy verjaarsdag vir almal vleis-pasteitjies gegee het.

landbou

Met die groot haelstorm het die Landboubiblioteek ook deurgeloopt. 'n Aantal ruite is gekraak, wat baie gou die volgende dag deur die tegniese personeel vervang is. Die gebou se geute het verstop en die gevolge was dat die dak op 'n paar plekke begin lek het. Die geringe skade aan gebinde tydskrifbande is gou herstel met behulp van die haardroeërs van die Bindery.

Noudat die klasse begin afsluit word die foto-staatsmasjiene druk gebruik. Dis geen ongewone gesig om studente nou hier te sien tuisstaan nie.

Die personeel het sover baie gunstig begin reageer op die hernuwings van uitgeleende boeke.

Met die eksamens om die draai is menige finalejaarstudent nou in die peilvlak.

Ons goeie wense aan almal wat besig is met eksamens.

Groete vanaf die Landboubiblioteek.


Studentewysheid

Vraag III

Merk asseblief die toepaslike blokkie met 'n kruisjie. Kies asseblief slegs EEN moontlikheid.

Wat was u besig om te doen op die oomblik toe hierdie vraelys aan u uitgedeel is?

- Lees.
- Studeer ("swot, klok")
- Skryf
- Ontspan
- Ander: spesifiseer asseblief



Construct a sentence using the words 'analyze' and 'anatomy'.

One eager student replied with:

"My analyze over the ocean,
My analyze over the sea;
Oh, won't someone go,
And bring back my anatomy?!"

ETIQUETTE FOR CHRISTMAS PARTIES

DEC. 14, 1901



When you meet the lady of the house grab her hand, or better still, both of them; then stick her arm through yours and drag her off to the nearest spot where the refreshments are on view.



On entering the ballroom always make it a point of making the most of yourself; put one hand in your pocket and curl your moustache with the other.



Be careful never to bow to anybody except that you are tolerably certain that a servant is just behind you carrying a heavily-laden tray. If you will be upset, causing an amusing crash on the floor.



Don't wait for the servants to open your bottle of champagne. Do it yourself. If the cork flies out and strikes somebody in the eye don't apologise. Roar with laughter.


Inspect your fork carefully, for servants are not to be trusted. Whether it is clean or not, rub it with a piece of bread

all the same. This makes your host and hostess feel pleased with themselves for having invited you to dinner.




When passing your plate for a second or third helping be sure to keep your knife in your hand with the point outstretched; you will then probably cut off your partner's nose.

DIE LOT VAN 'N BOEK



"Sorry, gentlemen, this is the computer. That is the coffee-vending machine."



totsiens



Mev Annatjie Korkie
Vakbibliotekaresse



Mev Elbie van Wyk
Vakbibliotekarisassistentente



Mej Elmarie v.d Merwe
Vakbibliotekarisassistentente



Mev Beverley du Toit
Biblioteekassistentente



Mev Ria Breed
Finansiële Administrasie



Mev Hester Strydom
Tydskrifadministrasie





Mnr Chris Swanepoel
Reprografiese dienste



Mev Ilse-Marié Blignaut
Tydskrifadministrasie

welkom

BIBLIKASIE



EINDE VAN 'N ERA EN BEGIN VAN 'N NUWE

Personeelede wat belang het by die saak het teen hierdie tyd seker reeds uit verskeie oorde kennis-geneem daarvan dat die professionele vereniging vir bibliotekarisse en inligtingwerkers in Suid-Afrika op 1 Januarie 1980 'n nuwe bedeling binne-gaan. Vanaf daardie datum sal die nuwe grondwet wat op 'n onlangse buitengewone konferensie hier in Pretoria aanvaar is, van krag word. Van die opvallendste veranderinge is dat die naam van die vereniging verander word vanaf S.A. Biblioteekverenigign (SABV) en S.A. Instituut vir Biblioteek-en Inligtingwese (SAIBI) (Engels: S.A. Institute for Librarianship and Information Science (SAILIS)). Veel belangriker as die naam is die hersiene interne struktuur en veral lidmaatskapskategorieë wat ook in werking tree. Teenoor die nuwe bedeling wat betree word, kan ook aangeteken word dat die SABV op 5 Julie 1980 sy vyftigjarige bestaan sou herdenk. Hierdie historiese geleentheid sal dan ook op 'n feestelike wyse gedurende die week van 22 tot 26 September 1980 tydens 'n konferensie in Kaapstad gevier word. Daar kan dus met reg beweer word dat 1980 die afsluiting van 'n era in die bestaan van die beroepsvereniging in Suid-Afrika verteenwoordig, maar ook die aanvang van 'n nuwe.

By 'n geleentheid soos hierdie is dit paslik dat hulde gebring word aan voorgangers en huidige kollegas wat die beroepsliggaam oor die vyftig jaar van sy bestaan gedien en gedra het. Dit was geen maklike taak nie en die SABV het dan ook sy stormagtige tye en laagtepunte beleef. Die eerste half-eeu word egter op 'n hoogtepunt afgesluit deurdat 'n nuwe bedeling waarvoor lank gewerk is, nou 'n werklikheid word.

Die oorgang van 'n ou na 'n nuwe bedeling bied ook 'n geleentheid tot selfondersoek by die geledere van die beroep. Die nuwe Instituut sal net sō sterk, sō aktief en sō 'n betekenisvolle bydrae tot die bevordering van ons beroep maak as wat ons dit toelaat. Ampsdraers en uitvoerende organe van die Instituut word verkies om sy belange oor-koepelend te dra, maar sonder die ondersteuning van die individuele lid kan hierdie persone en organe nie veel vermag nie. Ons kan met reg veel van die Instituut verwag maar dan moet ons individueel en gesamentlik bereid wees om ook te gee. Die minste van ons bydrae behoort te wees om onself op die hoogte te stel van die werksaamhede van die Instituut en toe te sien dat ons individuele belange gedek en bevorderd word. Dit is ons reg maar ook ons verantwoordelikheid.

H DE BRUIN

u.p. - biblioteekdiens - nuusblad - nov. ~ des 1979


Festa Romana;

- naskouing.

Gedurende September hierdie jaar het die Universiteit van Pretoria 'n uiters interessante kulturele aangeleentheid aangebied, naamlik die Romeins-Italiaanse Kultuurfees, die Festa Romana. Op die terrein van interdepartementele samewerking wat dit 'n groot sukses, en deelname deur die publiek sowel as deur belanghebbende instansies het gesorg vir 'n baie aanspreeklike poging: soveel so dat berigte en resensies daarvoor in sowat 36 publikasies en koerante verskyn het, asook foto-artikels in die S.A.-Digest en Kommentaar; die S.A. Panorama sal gedurende Januarie of Februarie 'n foto-artikel plaas.



Die feestelikhede het bestaan uit heelwat uiteenlopende variasies op die tema, en ons kan die volgende noem: Departement Argitektuur het 'n uitstalling van modelle gehou; Departement Kunstgeskiedenis ook so met 'n uitstalling van toegepaste Italiaanse kuns en nywerheidsontwerp: motors, meubels en materiaalstowwe het veral aandag getrek. 'n Uitstalling van die na-oorlogse Italiaanse kunstenaar Giordano Falzoni se aangename skilderye (Universiteitsbesit) het ook indruk gemaak. Musiek was daar natuurlik, met 'n Italiaanse konsert deur die Toonkunsakademie, agtergrondmusiekkomposisies van Stefaans Grove en selfs Italiaanse musiek by die Italiaanse disko: hiervoor was die Departement Huishoudkunde verantwoordelik en was dit 'n smaaklike en genotvolle ondervinding. Die U.P. Filmvereniging het deelgeneem met ses uitstekende Italiaanse films, asook etensuur-inligtingsfilms oor Italië self. Departement Drama het 'n grootse poging aangewend deur die Menaechmi van Plautus (vertaal deur Departement Latyn) op te voer. Die Regstudente het gesorg vir 'n heerlike stukkie klug deur hul aanbieding van 'n Romeinse Skynhof in die baie gepaste opelugteater.



Die Merensky-biblioteek het ook nie teruggestaan vir die uitdaging nie, en uitstallings van boeke, tydskrifte en inligting het op elke vloer gepryk; pragtige plakkate het baie aandag getrek, en heelwat gebruikers het droomverlore geraak met "Vlieg Nou - Betaal Later" idees in hul oë. Aan diegene wat so fluks met die handwerk was, baie dankie. Alle pogings word gemeld in 'n omsendbrief deur prof D M Kriel (Voorsitter : Festa Romana) en namens hom dra Biblikasie sy dankbetuiging aan daardie mense oor.

Prof Kriel se omsendbrief verdien aanhaling, om die nut en doel van die Festa te onderstreep: "Daar is reeds vermeld dat die Festa 'n goeie beeld van die Universiteit van Pretoria na buite gedra het ... Die Universiteit van Pretoria het gewys dat hier darem ook kulturele bedrywighede is waarvan buite-instansies kennis kan neem. Die besondere hoë gehalte van die werk wat deur die deelnemende departemente gedoen is, het groot krediet vir hierdie Universiteit gebring".

Weereens, baie dankie aan almal vir die samewerking van die biblioteek se kant af.

J MAREE



Musiekterapie

Musiekterapie is die wetenskaplike en funksionele aanwending van musiek om gewenste gedragsveranderinge in persone wat dit nodig het, te bewerkstellig.

Die musiekterapeut is geïnteresseerd in die individu se nie-musikale gedrag, die ontwikkeling van sy motoriese, sosiale en opvoedkundige vaardigheid eerder as in sy vermoë om 'n afgeronde musikus te word.

Die musiekterapeut word professioneel opgelei aan 'n universiteit vir vier jaar en moet vir ses maande praktiese werk by 'n goedgekeurde inrigting doen. Kandidate word streng volgens persoonlikheid en musikale vaardigheid gekeur en moet reeds in besit van 'n graad of diploma in musiek wees voor die aanvang van 'n musiekterapeutiese kursus. Sodanige kursus kan tans slegs oorsee bestudeer word.

Musiekterapie word bedryf in inrigtings vir siel-siekes en gestremdes, hospitale en spesiale skole. Daar is ook musiekterapeute wat privaat praktiseer.

Die musiekterapie staan na aan die musiekopvoedkunde. Die musiekaktiwiteite is in die meeste gevalle dieselfde, maar die doel verskil. Musiekterapie is gerig op die verbetering van 'n persoon se sosiale gedrag, dus nie-musikale gedrag. Die musiekopvoedkunde is gerig op die onderrig van die kind; dus musikale gedrag.

Wetenskaplike navorsing in die musiekterapie is nie daarop gerig om te bewys dat musiek betekenisvol is in die terapie nie. Dit wil eerder vasstel hoe en waarom die musiek op gedragsteurings inwerk.

Deur die aanwending van musiekterapie word sommige pasiënte herstel, ander word meer aanpasbaar en met enkeles word geen welslae behaal nie.

A. Moolman

The Happy Bookers

Librarians in Mesopotamia

How to bake a book



Wie't nou skoene nodig?

Volgens 'n Chinese Mediese tydskrif is 700 skildklier operasies deur kaalvoet praktisyns sonder enige bystand uitgevoer. Hierdie operasies is in die boere se huise somer op aanmekaar getimmerde tafels gedoen. Skietlampe is gebruik om skadulose ligte te vervang. Daar was nie een enkele geval van infeksie nie!

Chen Hsiang-chung het sy ondervindinge in 'n boek byeengebring - "Rules for Goitre Operations in Rural Areas". Die gevolg is dat daar nou 32 kaalvoet dokters is wat 'n skildklier sonder moeite kan verwyder.

NS Hoor ons sug van verligting dat ons nie in China bly nie!

Om te drink of te verdrink

Al meer getuigenis word gelewer dat die inname van alkohol 'n beduidend- rol speel (gespeel het) in die + 150 000 gevalle van verdrinking wat jaarliks voorkom.


In Australië het byvoorbeeld 75% mans bo die ouderdom van 26, wat verdrink het, alkohol gebruik net voordat hulle verdrink het. Die persentasie wissel van streek tot streek. Die statistiek is moontlik 'n onderskatting van die ware feite, omdat toetse nie noodwendig hoef uitgevoer te word om die persentasie alkohol in 'n persoon se bloedstroom te bepaal nie.

Daar is verskeie redes vir die betrokke standpunt. Alkohol verhoog nie net 'n persoon se bravade nie, maar verlaag verselfdertyd sy fisiese vermoë. Liggaamstemperatuur kan nie effektief gekontroleer word nie. Veral drie belangrike punte vloei hieruit voort:

- selfs matige alkoholgebruik voor 'n swemsessie is gevaarlik.
- dit geld vir swemmers en matrose, winter en somer.
- die publiek is klaarblyklik onbewus van hierdie gevaar.

Dit lyk dus asof ons die holruggeryde geloof van "gevaarlik om te swem op 'n vol maag" moet verruil vir "gevaarlik om te swem met 'n ligte kop", of iets in die lyn.

(Uit Medicine Digest 5(9): 50 - 51)



R.D. Laing: "Knots"

4

Ontsluiting

Soos elke afdeling maar, het die Ontsluiters hierdie jaar ook heelwat kragtoere agter die rug, en het die Desembervakansie net betyds aangebreek: almal is moeg en gespanne, en die konsentrasie is laag. DOBIS het ook ons aandag afgetrek, en hier en daar raak iemand verward en begin somer op haar konsepvel tik! Dus gun ons onself hierdie rustyperk en dan veral omdat ons weet dat 1980 vir ons 'n uiters belangrike jaar sal wees, en dat ons letterlik in puik fisiese en geestelike toestand moet verkeer om die uitdaging op sy kop te slaan.

Ons wyk dus uit na die verste hoeke van die land om elkeen rustig sy eie ding te gaan doen. Mag almal veilig terugkeer met nuwe moed en verskerpte insig in die vereistes van ons beroen.

As stof tot rustige nadenke het ons somer ook 'n interessante lesing bygewoon oor die Universiteit van die Witwatersrand se gerekenariseerde biblioteek-ontsluitingstelsel, en met nuwe kriteria vir evaluasie van ons eie beoogde stelsel teruggekom. Mev Goddard van die universiteitsbiblioteek het 'n kort maar baie insiggewende skets van hul stelsel gegee, wat veral van ons DOBIS-stelsel onderskei kan word deur die feit dat dit nie 'n intydse gekoppelde stelsel is nie. Dit veroorsaak dat rekenaartoevoer slegs op sekere tye gedoen word, en dat geen veranderinge tussenin moontlik is nie. Daar word ook nie direk op die skerms 'n katalogus vir die gebruiker beskikbaar gestel nie, en rekenaardrukke word dus op gebruikspunte aangehou. Die voor- en nadele van die twee tipes stelsels het tot heelwat onderlinge gedagtewisseling in die Merensky-ontsluitingsafdeling gelei.

'n Meer sosiale hoogtepunt moet ook genoem word, naamlik mej Bettie Coertze se verlowing. Graag wil ons haar met die stap gelukwens, en mag dit 'n sterk en troostende skouer wees om op te huil as DOBIS die dag sê hy willie werk nie!

Ten slotte bedank ons graag almal wat by ons aktiwiteite betrokke was die afgelope jaar. Vanaf Tegnieese Dienste tot tiksters tot Topbestuur was almal vir ons ewe belangrik en waardeer ons die ondersteuning ten volle. 'n Geseënde Kersfees aan almal.

Boekbestellings

Januarie Desember

Koe gaan ons so gou deur die kalender?

Die jaar is sowaar verby

Ons afdeling is daarvoor baie bly

Boekbestellings het hard gearbei

Dit was somer 'n naardeid

Deur derduisende bestellings het ons geploeg

Geen wonder ons wens dis vakansie

want ons is so moeg

Vir Rita, ons hoof, wil ons baie dankie sê

Vir haar geduld, ondersteuning ... en sy moet baie

hê

Harde werk en laat nagte in du Merensky ken sy goed

Ons sien en waardeer dit - sy het baie moed

Ons ander ou klompie, elkeen op sy pos

'n Span duisend sou ek sê - dit weet julle mos

Lekker rus kollegas - hoop die vakansie is vol pret

Volgende jaar ontmoet ons weer - Merensky is die plek

Met Kersfees in die vooruitsig en die nuwe jaar om die draai

wil ons julle graag toewens - miskien kan julle raai

'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar

Mag God u Seën en Trou bewaar.

Derde Vloer

NUUS UIT DIE HOOGTE

Al hoor julle so min van ons
werk ons nog op vloer 3 dat dit gons
Al raak die studente minder, is daar navrae van
vroeg tot laat
ons is smiddae so moeg - kan skaars wag om die
Mereinsky-te verlaat.

Verdere nuus: Amanda het vroeër 'n draai in
Mauritius gemaak
sy het teruggekom met stralende oë en 'n gesonde
gelaat
ons het haar so beny as sy praat van die koeke,
terte en korale
ook het hulle geswem en geduik, sommer baie male.

Peet was op 'n staduum half siek, half gesond
maar nou's hy gelukkig weer met ons.
En oggend sien ons 'n vreemde dame op ons vloer
dis toe net Matilda-haartjies mooi gekrul en naels
blink gepolitoer.

Die eksamenspook het ook hier sy draai kom maak
arme Dries, Piet en Elmarie het ons tydelik daar-
voor verlaat.
Terwyl hulle leer om hul kennis uit te bou
moes Amanda, Matilda, Hennie en Peet die Fort
hier hou.

Want ook Jinnie het besluit sy's moeg gewerk
die skone berge en see het haar hart met 'n punt
laat trek.

Ons almal moes rondspring om haar werk te doen
terwyl sy die hele dag lê en niks doen.

Annatjie het dit ook weer sleg getref
die dokter het beveel - Hospitaal toe, plat in
die bed!

Ons hoop sy's binnekort weer met ons,
op en wakker en heeltamal gesond.

Ongelukkig is Elmarie volgende jaar nie meer hier
dan werk sy per dag net vyf uur.
Ons wens haar die beste met haar werk by Unisa toe
en hoop sy verlang terug, en wys oë so af en toe.

Met die afloop van 1979 voel ons eenders oor een
saak:
dis hoogtyd dat dit nou vakansie raak!
Ons wens julle almal 'n Geseënde Kersgety toe,
mag almal veilig reis, sodat ons volgende jaar
weer saam kan vorentoe.

Early Herbal Remedies

Cancers

Half a pint of the juice of the leaves, (Bean, Common) when the plant is in the blossom, boiled gently with a pint of new cream, and half a pound of the best honey, in an unglazed earthen pipkin, till half is consumed, is recommended for the cure of a cancer, or any other tumour, if applied thrice in a day. Vid, Father Abraham's Almanack, published at Philadelphia for 1795.

American Herbal, 1801

A Mrs Loomis, in Connecticut, informed me, that an Indian cured a cancer, by the internal and external use of the juice of white-ash, that issued out of the ends of the wood as it was burning.

American Herbal, 1801

Tweede Vloer

'n Jaar vol belewenisse is verby, en glo my, die meeste mense is nogal dankbaar daarvoor. Soos dié vol ondervinding aan die begin van 1979 beweer het- "toemaar, die eerste jaar is altyd die ergste!" En soos iemand anders die jaar in oënskou geneem het - "'n Ou se hoogtepunte was nogal hoog, maar dit het gemaak dat die laagtepunte so laag is!"

Vir almal wat dit eerstes was, was daar nogal "vrug" op die arbeid so nou en dan. Mev Zani Swart het skaars 'n week of twee gewerk toe 'n dankbare student 'n dosie sjokolade op haar tafel gelaat het na 'n soektog vir materiaal oor die Slag van Boomplaas, en die wat mev Elna Schoeman gekry het, was genoeg motivering om nog baie ou Huisgenote te fynkam vir obskure inligting.

Definisie van 'n dankbare vakbibliotekaris?
Wanneer vyf jaar se ongebinde sporttydskrifte bindery toe gaan - en twee weke later met nuwe baadjies terugkom rak toe Vir mej Rita Badenhorst en mev Alida Dippenaar was 1979 'n goeie leerskool vir 1980 - Rita as volgende jaar se leier-vakbibliotekaresse en Alida as senior bibliotekaris vir Sosiale Wetenskappe. Sal maar sê: "neem uit die verlede !!"

Vir mev Anna-Marië Arnold was beloning vir 'n jaar se werk 'n ete-uitnodiging van Departement Bedryfs-ekonomie.

Dit lyk asof mev Hannelie Swanepoel se inpak-en-trek-siekte aansteeklik is - mev Elbie van Wyk en Anna-Marië Arnold het die albei onderlede. Al ooit gedink Elbie kan kwaad word - laat 'n student haar net weer soos eendag kom roep en sê sy moet kom help soek na die boek wat hy op 'n plek weggesteek het, en nou nie meer kan onthou waar dit was nie. Ons het so amper regshulp van die eerste verdieping se kant nodig gehad!

Mev Ria van Zyl ly op die oomblik aan verdeelde loyaliteit. Hulle wil so graag plaas toe trek, maar solank die akademie en haar Kollietjie-hond se kwale haar besig hou, en Bertus vir die grootste firma in die land werk, is daar nie juis kans om aan skaapvleis en vars room te dink nie.

Dis darem eienaardig dat mev Annatjie Korkie juis die naweek nadat die vakbibliotekaris se haar juis op horings geneem het, die plek van voor tot agter skoongemaak het ... of was dit maar die logiese uitvloeisel van 'n fees van 'n aand...? Aan haar - dankie vir haar huis, vir die saamwerk wat verby is; en voorspoed vir volgende jaar. Aan elkeen in die biblioteek wat gehelp het sodat sake hier (redelik?) vlot verloop het, ons almal sê groot dankie - en 'n spesiale silwerroos aan die weelde-artikels hier rondom ons, wat eintlik in die omloop as vakbibliotekarisassistent bekend staan

*You are a pain in the neck
To stop you giving me a pain in the neck
I protect my neck by tightening my neck muscles,
which gives me the pain in the neck
you are.*

R.D. Laing - "Knots"

*Daar is geen afdraende pad
wat na die hoogtes lei nie*

Lergenovon

Voorklinies

By Voorklinies het ons 'n besige en vol jaar gehad. Ons het begin met net twee op die personeel. Gelukkig is ons geleedere verstrekkend en ons kon spog met 'n personeel van drie. Maj Kotze het egter groener weiveld gaan soek en het ons aan die einde van Julie verlaat. Septembermaand het ons egter vir mev Linda Briers ryker geword. Dit was ons besigste maand en by die intrapslag wat sy toegooi onder die werk nog voordat sy haar voete kon vind.

Die verklikkerstelsel is tot ons groot vreugde geïnstalleer, want baie van ons boeke het net na hul aankoms vinnig voete gekry.

Na ons groot bindbeurt kan ons spog met slegs 'n klein getal ongebinde tydskrifte.

Vanaf Julie hanteer ons, ons eie Inters wat natuurlik baie tyd bespaar maar ongelukkig meer werk is vir ons.

Vanaf Voorklinies : 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar aan almal - en ons groet tot volgende jaar.

Medies

3-0912 S.A.

Hallo, PUMED hier! Ons is uiteindelik ook in die lug. Nee, darem nie opgeblaas nie. Net 'n spik-splinternuwe teleks gekry! Na 'n blitsige (doen-dit-self) kursus, kan ons nou ook ons wêreldjie verklein.

Ons enigste probleem is dat die indrukwekkende masjien tot dusver so swygsaam is. En dit terwyl almal maar te gereed is om nader te storm by die geringste teken van lewe! Ons het darem hoop op 'n "lewendiger" toekoms - as al ons korrespondente net eers uitgevind het van die nuwe verwickelinge. Daarby dra die vakansie ook heelwat by tot die ou grote se stilswye.

Groetnis van almal by Medies en Goeie wense vir 'n Gelukkige Kersseisoen.

Onderstepoort

Hier op Onderstepoort gaan dit op die oomblik druk. Dosente hernu mos hierdie tyd van die jaar hulle boeke. Veral as twee of meer van hulle gelyk opdaag, gee dit maar 'n bontstannery af.

Ons wil nou ook sommer van die geleentheid gebruik maak om mnr Leon van Heerden in ons midde te verwelkom. Ons hoop hy sal sommer gou 'n ware Onderstepoorter wees.

Vanaf die Veeartsenykunde-biblioteek 'n baie Geseënde Kersfees en 'n pragtige 1980 aan alle Merensky personeel.

M DU PREEZ

Musiek

Hier gaan dit voor die wind. Ons, mev Anita Moolman en Elna de Bruyn, is druk besig met 'n volledige voorraadopname. Vir afwisseling pas ons so nou en dan bietjie noodhulp toe as 'n student die floute kry voor 'n mondeling.

Anita blom natuurlik, want Gerhard, haar eggenoot, is nou by die Kommandement Noord-Transvaal gestasio-neer en, asof dit nie al genoeg is nie, kry hy nog uitslaappas ook! Dan gaan sy nog vir 2 weke met verlof, so dit lyk asof sy darem lekker werk. Anita, rus lekker, en geniet elke oomblik daarvan.

Elna is natuurlik vinnig oppad om nie net haar naels af te kou nie, maar sommer haar vingers ook. Tienie het so pss sy eerste preek agter die rug ... Hulle gaan Desember/Januarie dan ook in Fichardt-park, Bloemfontein in die gemeente aflos. Julie moet dit geniet en kom uitgerus en vol moed vir die "lang" jare wat voorlê, terug!

Buitemuurs

Die Eksamenkoors is gebreek

Het jy al ooit opgelet hoedat 'n student se gelaatskleur kan verander net so voor die eksamen?

Wel hier by Buitemuurs het 'n hele paar studente die biblioteek besoek wat letterlik bleek in die gesig was. 'n Eksamen is gewis nie iets om mee te speel nie!

Nou lag die meeste darem alweer en weet skielik nie hoe om aan te pas by die vreemde situasie van klaar-wees nie. Dit is, soos 'n swaar pak wat jy van jou skouers afgegooi het en nou loop hy skielik so ligvoets dat dit eintlik snaaks is.

As daar nog mense is wat eksamen skryf sê ons net sterkte!

Aan al die Merensky personeel wens ons toe, 'n baie Geseënde Kersfees.

Groete uit die Middestad.

BAIE DANKIE

Almal wat meegewerk het om BIBLIKASIE elke maand sy tydige verskyning te laat maak, word baie hartlik bedank. Dit geld vir almal wat gereed bydraes gestuur het, foto's geneem het, getik het, afgerol het, gebind het en veral morele ondersteuning gegee het. 'n Ekstra woord van dank aan my drie medehelpers, mev Marita Kuhles, Jean Maree en mej Manda Mörsner. Sonder hulle ondersteuning sou ek beswaarlik die mas opgekom het.

'n Geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar word aan u almal toegewens.

Helene Fourie